



TYDSKRIF
VIR
LETTERKUNDE



JAARGANG 2 NOMMER 2



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

100 2

Tydskrif
vir Letterkunde

KWARTAALBLAD VAN
DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur:

C. M. VAN DEN HEEVER

Letterkundige Adviseurs:

D. F. Malherbe, H. A. Fagan, P. C. Schoonees,
F. J. Eybers en W. A. de Klerk

JOHANNESBURG

1952

JUNIE 1952

JAARGANG 2 : NOMMER 2

Intekengeld: 15/- (posvry)

Los nommers in die handel: 5/- per eksemplaar

Uitgegee deur

Die Afrikaanse Skrywerskring

Administrasie:

Professor Abel Coetzee, Posbus 1176, Johannesburg

Inhoud

VURAYI, Holmer Johanssen	5
GEDIG, D. F. Malherbe	16
DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP, Anna de Villiers	17
GEDIGTE, W. A. Boonzaaier	23
STEFAN GEORGE, Walter Hesse	25
GEDIG, Francois J. Eybers	37
OP DIE BERG, Jan Sebastian Rabe	33
GEDIG, A. Fouché	55
DIE TAAK VAN 'N PLAASLIKE ORKES, J. J. Human	58
BLOMME EN 'N BRIEF, J. Nel van der Merwe	62
GEDIG, M. S. van der Walt	65
CRISIS DER PERSOONLIJKHEID IN EUROPA (Slot), Albert Westerlinck	68
BOEKBESPREKING	91
BESKOUINGS VAN ONS LESERS	96
UIT DIE TYDSKRIFTE	100
NUWE AFRIKAANSE BOEKE, P. J. Nienaber	104

Afdrukke: Ferdinand Bol — Damesportret

Aert van der Neer — Winterlandskap

Adriaen van de Velde — Gesinsportret

Nicolaes Maes — Die Luistervink

Vurayai

HOLMER JOHANSEN

Ek het Muzuwa in diens geneem toe Marie vir my sê dat die werk in die kamp te veel vir die ou kok, Jack, geword het. Ek vra Jack of hy Muzuwa ken. Hy sê hy ken hom. Hy het ook vir Muzuwa se vader geken, maar dié is nou dood, en Muzuwa moet luister na die woorde van sy „klein-vader,” sy pa se jonger broer. Ek vra Jack of hy met Muzuwa sal kan saamwerk. Jack se gesig bly onbeweeglik, en hy wys my versigtig tereg.

„Ek het nog nooit met Muzuwa saamgewerk nie, Mambo.”

Muzuwa beweer hy kan was en stryk, en hy het glo vir 'n jaar in 'n hotel in die stad gewerk, waar hy bedde moes opmaak. Ek kan nie sy oë sien nie want hy bly na sy kaal voete kyk terwyl hy praat. Maar sy hemp is wit en sy broek sonder skeure. Ek neem hom in diens.

Dit was Maandagoggend, en hy het die dag gewas. Dinsdag het hy gestryk, en Woensdag het sy klein-vader laat weet dat Muzuwa se vrou en kind siek is, en dat hy moet huis toe kom. Donderdag is Muzuwa weg met agt sjielings in sy sak. Twee weke later hoor ek van Jack dat hy hom gesien het by 'n bierparty in die omgewing. Jack vertel dat Muzuwa se jong vrou baie siek is. Haar borste sweer en sy kan nie haar kind voed nie. Die kind verhonger en hulle was al by 'n toordokter vir medisyne.

Marie sê dat Jack hulp regtig nodig het. Muzuwa se was- en strykwerk was redelik goed. Hoekom sal ons nie die vrou en kind saam met Muzuwa hier laat kom nie? Sy (Marie) sal die pasiënte versorg. Ek gee dus vir Jack die opdrag dat die gesin na die kamp moet kom. Vir 'n oomblik kom daar 'n uitdrukking in sy oë wat ek nie kan verklaar nie.

„Het jy my gehoor?” vra ek hom.

„Ek het die Mambo gehoor.”

Laat die aand kom hulle, 'n patetiese gesinnetjie, vaal van die stof en uitgeput van myle se stap. Marie ondersoek die vrou. Haar borste is fel-onstoke, maar sy laat nogtans die

jammerende kind tussen die oop wonde soek na melk wat nie daar is nie. Marie behandel die borste met boorsuur en watte, terwyl ek vir die vrou sulfa-pille laat sluk en poeiermelk vir die kind klaarmaak. Muzuwa hou die bekertjie met melk vas. Marie voer die kind met 'n teelepeltjie. Die vrou kyk met groot, half-bang oë na die blanke *mambokadzi*, wat op die vloer van die stroois sit, die blonde hare oor haar gesig, die skraal lyfie van die uitgehongerde suigling in haar arms. Maar die klaende gehuil word minder, en die een teelepelvol na die ander gly oor die bewende tongetjie — tot die magie vol is en die kind in slaap val. Toe kyk die vrou na Muzuwa en sy glimlag skugter, amper ongelowig, terwyl sy sag in haar hande klap as teken van eerbetoon.

Muzuwa praat: die kind het die laaste week amper geen voedsel gehad nie. Daar is nie melk in sy vrou se borste nie, en die kind is te swak om pap te eet. Drie maande gelede is dit gebore en die moeilikhede het 'n paar weke later begin.

„Hoekom het jy nie koeimelk gekry nie?”

Muzuwa sê hy het nie koeie nie.

„Maar daar is ander mense wat koeie het, en van hulle kon jy mos melk gekry het?”

Muzuwa sê hy weet van mense wat koeie het, maar daardie koeie se kalwers is al groot.

„Maar hoekom kan ek wél koeie kry wat melk het?” vra ek hom. Maar dit is iets wat Muzuwa nie kan verklaar nie. Hy weet net van koeie wat nie klein kalwers het nie . . .

Die volgende oggend het Marie weer haar pasiënte besoek en sy het ons klein seuntjie saamgeneem, want hy wou die kafferkindjie sien wat in die nag gekom het. Die kind het nog geslaap, maar Hermantjie het 'n stukkie van die vaalbruin koppie gesien en dit versigtig met sy nuuskierige vingers betas. Toe was hy tevrede, en die vrou het skielik gelag en met haar dun vingers eerbiedig oor sy sterk, ronde voetjies gestreel. „'n Sterk kind . . . Eendag sal jy 'n groot opperhoof word,” het sy hom vertel.

Sy kyk op na Marie wat besig is om haar te verbind. Sy vou haar hande oop asof sy haar leed blootlê.

„Daar is vrouens wat net kinders baar om hulle te sien sterwe.”

Met 'n bewende stem vertel sy die patetiese storie. Hierdie enetjie is haar derde kind, die vorige twee is dood, omdat sy nie melk gehad het om hulle te voed nie.

„Maar hierdie een sal lewe,” sê Marie.

Die jong moeder se oë glans.

„Hierdie een sal lewe,” herhaal sy, en toe, met 'n skielike hartstog in haar stem, „hy sal lewe en net so sterk word

soos die blanke *inkosana*, want die Mambokadzi sal weet hoe om die kind te voed . . . en kyk, die borste is ook nie meer so seer nie."

Muzuwa het vir 'n paar weke die wasgoed gedoen en water gedra vir die kamp. Marie het die vrou verpleeg en die kind warm melk en lewertraan gevoer totdat die gerimpelde lyfie vorm gekry het en die velletjie begin glans het. Maar ek het opgemerk dat ou Jack stiller as anders was en Muzuwa ontwyk het. Ek het hom eenkeer gevra of iets hom makeer het, maar hy het ontwykend geantwoord en net gesê dat hy altyd probeer om sy werk goed te doen.

Een aand kom Muzuwa by die groot hut waar ons gesit en lees het. Hy hurk neer op die drumpel en vou sy hande. Daar is iets wat hy vir die Mambo wil vra, dis 'n groot versoek. Ek sê hom hy kan maar praat. Muzuwa sê, ons het sy kind en sy vrou gesond gemaak en hy sal dit nooit vergeet nie. Hy voel dis nou òns kind, hierdie kind van hom, en daarom sal dit goed wees as ons nou vir die kind 'n naam gee. Almal sal dan weet dis die Mambo en Mambokadzi wat vir die kind 'n nuwe lewe gegee het. Muzuwa sê dat hy ook met sy vrou se mond praat.

Ons aanvaar die verantwoordelikheid en sê hom dat ons hom later sal laat weet wat die naam van die kind is. Ons besluit om die kind Robin te noem. Ons het daardie dae in ons vry oomblikke baie met pyle en boog geskiet, en die naam van die gladde vabond van Sherwood se bosse het natuurlik ter sprake gekom. Ek roep Muzuwa.

„Die naam van jou seun sal Robin wees,” sê ek plegtig. „Dit beteken dat hy groot, sterk en slim sal word. Hy sal vinnig kan hardloop, en as hy gaan jag, sal 'n magtige *shawe* (beskermgees) vir hom die wild aanwys. Selfs die leeus van die Sabi-vallei sal bang wees vir hom.”

Muzuwa se oë glinster, en hy herhaal twee- driemaal die naam „Robin,” totdat hy die uitspraak reg het. Ek gee hom 'n twee-sjielingstuk.

„Dit is Robin se *rugadzo*,” sê ek, „hierdie ding sal sy moeder vir hom bewaar sodat almal sal weet wat sy regte naam is. Dit is my woorde, en niemand sal jou kan teëspreek as jy hierdie *rugadzo* wys nie.”

Muzuwa het sy een hand hoog gehou toe hy dankie sê, en hy het ook gepraat met die mond van sy vrou, en van die klein kaffertjie wie se naam nou Robin was.

'n Paar weke het verbygegaan. Die kind het pragtig gevorder. Die jong vrou se borste het genees, en sy het gewoonlik in die oggende in die warm winterson voor haar hut gesit, met haar sagte, lae stem liedjies gesing, en met

haar oë en vingers die kind op haar skoot geliefkoos. Maar elke keer as Marie in die kamp rondgeloop het, het sy van haar kind opgekyk en die blanke vrou gevolg met 'n uitdrukking van amper hartstogtelike verafgoding in haar donker oë.

„Daardie vrou is jou slaaf vir die res van haar lewe,” sê ek vir Marie.

Sy lag effens. „Haar baba is 'n skatlike ding, jy moet sien hoe hy sy bekkie trek as hy wil lag.”

Toe trek daar 'n rimpel tussen haar oë.

„Ek hou nie van Muzuwa nie. Jack en hy het vanoggend woorde gehad. Sal jy met hom praat? Hy vergeet dat Jack die ouer een is en die reg het om hom 'n order te gee.”

„Ek sal Muzuwa op sy plek sit,” belowe ek haar.

„Daar is iets waarvoor die vrou bang is,” gaan sy voort. „Ek weet nie wat dit is nie, maar toe ek vir haar vra of sy nie vir haar familie wil wys hoe mooi haar kind lyk nie, was sy so ontstel dat sy amper niks kon sê nie. Sy het iets gepraat oor 'n moeilikheid in die familie, maar ek kon nie mooi verstaan wat sy bedoel nie.”

„Dis die ou storie,” verseker ek haar, „sy het tweemaal gefaal as 'n moeder en word nou geblameer deur die familie. As hierdie kind lewe, sal dit haar posisie baie versterk.”

Marie kyk peinsend voor haar uit.

„Ja, as die kind bly lewe . . .,” sê sy vaag.

Die aand het ek laat gewerk in my tent, wat effens wegstaan van die res van die kamp. Marie en ons seuntjie het al geslaap, en ek was net van plan om my papiere te rangskik toe die tentseil beweeg en ou Jack in die opening kom sit. Sy gesig is ernstig, en daar is sorg in sy oë.

„Party mense se oë bly lank oop in die nag,” begroet ek hom.

„Mambo, dit is so,” antwoord hy, en hy trek sy bene gekruis onder sy lyf, 'n teken dat hy nie net kom nag-sê het nie.

Ek begin 'n vars pyp stop.

„Is daar een,” begin ek versigtig, „wat voel dat die warmte van die lewe stadig uit sy liggaam uitvloei en wat nou dink aan die jong vrou aan wie se vader hy laasmaand agt beste gegee het? Die nagte is nog koud, en in 'n kombers alleen kan 'n warm slaap partykeer nie gevind word nie.”

Hy glimlag en antwoord, effens verleë maar hulle wat weet hoe om te wag, weet ook waar om vuurmaakhout te vind.

Ek trek 'n vuurhoutjie en hou dit bo die pypkop. Deur

die rookwolke beskou ek hom: 'n ronde, nog welversorgde figuur, met 'n breë, skrande kop, 'n swaar maar goedgevormde neus, en 'n ronde, eerlike oë. Sy hare word al grys, en sy hande, hoewel hulle breed en goedgevul is, wys dat hy nie meer vandag se kind is nie. Hy het omtrent 'n jaar tevore in ons diens getree, op aanbeveling van die Naturelle-kommissaris („Hy is volkome eerlik . . . Hy beskou homself as gepensioeneer, maar hy het 'n slegte oes en 'n nuwe skoonvader by wie hy in die skuld is"). Hy het ons trouhartig gedien en ons het 'n baie warm hart vir hom begin kry.

„Is die woorde so swaar dat hulle nie kan gespreek word nie?" vra ek.

„Hulle is swaar, maar nie so swaar nie."

Hy maak hom gemaklik met sy rug teen die tentpaal, vou sy hande in sy skoot en vra behoedsaam: „Het Mambo die uil gehoor wat laasnag hier was?"

„Ek het, Jack, en die nag tevore was hy ook daar."

Jack knik: „En vannag sal hy weer daar wees."

Ek spot hom 'n bietjie. „Party mense beweer mos dis *uroyi* (toordery) daardie, Jack, en ek wonder vir wie die pyle is wat op hierdie kamp afgeskiet word."

Maar Jack lag nie.

„Die gees van een wat dood is, wil moeilikheid maak, Mambo."

„Maar hulle wat alreeds dood is, stuur nie 'n uil nie, Jack, hulle werk op 'n ander manier."

Die ou kêrel kyk my skuins aan, knik half-tevrede, soos 'n onderwyser wat 'n onverwagse goeie antwoord ontvang.

„Die Mambo is reg, maar daar mag een wees wat lewe en wat weet dat die gees kwaad is. En as so een wil toor, sal daar dan geen uil wees nie?"

„Is jy 'n Christenmens, Jack?"

„Ek was 'n Christen, Mambo, totdat ek beeste betaal het vir 'n tweede vrou."

„Is jy bang, Jack?"

Hy skud sy kop, amper verontwaardig.

„Nee, die gees wat kwaad is, behoort nie tot my familie nie."

„Op watter hut se dak het die uil gaan sit?"

Hy kies sy woorde sorgvuldig. „In die hut slaap 'n man, 'n vrou wie se borste geen melk het nie, en 'n kind wat nie sal lewe nie."

Ek suig aan my pyp en kyk na die ou man. Hy sit roerloos. Sy gesig is so gedraai dat daar 'n skaduwee oor val. Die gaslamp in die tent lispel eentonig. Uit die verte dra 'n

ligte wind die geluid oor van singende stemme by 'n bierparty. 'n Hiëna huil tweemaal, met 'n oorslaande stem. Is dit verbeelding dat ek op daardie oomblik voel asof daar 'n spanning om my groei, iets wat dreig maar waarvan ek die bestaan nie weet nie?

„Hoekom sal die kind nie lewe nie, Jack? Dit het mos mooi gegroei en vet geword die laaste weke.”

Maar Jack het blykbaar besluit dat hy genoeg gepraat het. Hy rek hom uit en staan op.

„Ek het net vir die Mambo wil kom sê van die uil,” sê hy ontwykend.

'n Week later kry Muzuwa tandpyn. Sy gesig swel op en hy vra of hy na die kliniek kan gaan om sy tand te laat trek. Die volgende dag is hy terug, en hy lyk siek. Hulle het die tand behoorlik getrek, maar die wond wil nie ophou bloei nie. Ek laat hom met aluinwater spoel, maar dit help nie. Hy bly bloed spoeg, en teen die aand stuur hy 'n boodskap na sy kleinvader om 'n toordokter te raadpleeg. Die klein-vader kom die volgende dag in die kamp en eis dat Muzuwa met sy gesin terug moet kom na die kraal toe. Ek laat hom by my roep en vra of die vrou en kind ook sal moet teruggaan. Hy is baie beslis in sy optrede: die vrou en die kind moet natuurlik teruggaan. Almal moet by die kraal wees sodat 'n toordokter kan uitvind wat of wie al hierdie moeilikheid veroorsaak.

„Die kind is nog swak,” protesteer ek, „wie sal sorg dat dit melk kry sodat dit sal bly lewe, want die moeder het nie melk in haar borste nie. Jy is hul vader, en jy sal moet sorg vir hulle.”

Hy lag, en daar is 'n snaakse ondertoon in sy stem. Hy stel voor dat die vrou maar elke dag kamp toe moet stap om by ons melk te kry, 'n afstand van twaalf myl.

Ek dink eers dat hy 'n grap maak, maar hy is ernstig en selfs 'n bietjie hooghartig. Hy beduie dat Muzuwa se vrou die kind behoort te kan voed soos alle ander vrouens. Sy was te sleg om dit te doen en toe het die Mambo en Mambo-kadzi die sorg vir die kind oorgeneem. As die Mambo die kind wil sien lewe, hoekom sal hy dan nie vir die melk sorg nie?

Ek verloor my geduld en vloek hom toe hy lui op die grond gaan sit. Toe roep ek die vrou, wat met die kind op haar rug deemoedig voor my neerhurk. Ek vertel haar dat haar man se vader gekom het om hulle terug te vat kraal toe, want haar man is siek en moet die regte medisyne kry. Ons sal vir haar genoeg poeiermelk gee om die kind vir 'n week te

voed. Dit sal vir hulle tyd gee om reëlings te tref in verband met koeimelk.

Marie het uit die hut gekom en langs my kom staan. Toe die vrou haar sien, begin sy praat. Haar bolyf swaai op en af tot naby die grond, en die woorde tuimel uit haar mond, haggelend en nogtans sonder onderbreking — 'n lang storie oor die kinders wat sy verloor het, oor die een wat nog lewe, omdat die Mambokadzi dit in haar arms gehou het . . .

Daar is 'n hartstog in haar gesluiserde stem wat jou hart seermaak; 'n hulpeloosheid in die enkele gebare van haar slanke hande wat duie op 'n gevoel van dankbaarheid en afhanklikheid wat nie onder woorde gebring kan word nie. En met dit alles is daar 'n groeiende spanning in haar liggaam, 'n onrus in haar oë en om haar mond, wat wys op 'n onbedwingbare angs vir wat voorlê nou sy moet teruggaan na haar man se familie.

Vir 'n oomblik aarsel ek of ek haar nie liewers in die kamp moet laat bly nie. Maar ek besef dat my eie tyd in hierdie gebied beperk is en dat ek haar tog nie vir altyd teen haar eie mense kan beskerm nie. Dit is uit 'n botte, onmagtige verset dat ek my nog eenkeer tot Muzuwa en sy klein-vader keer.

„Vader van Muzuwa,” sê ek hard, „daar was twee seuns van jou kind wat sy naam kon gedra het, en hulle is dood. Die kind wat nou deur die vrou van Muzuwa gedra word, is die enigste een wat nog die naam van sy vader kan erf. As hierdie kind sterf en as Muzuwa sterf, sal daar 'n dwalende gees wees wat siekte en dood oor jou familie sal saai, omdat jy toegelaat het dat die kind sterf. Wee julle, as dit gebeur!”

'n Oomblik lyk dit of hy asvaal word en sy knieë wil ingee. Maar hy bly stil en kyk net om na Muzuwa, en na die knielende vrou wat „Mambo” stamel.

Toe trek hulle uit die kamp uit: die vrou voorop, met die kind gebondel op haar rug, 'n kombersrol op haar kop, 'n slaapmat onder haar arm en 'n bottel melk in haar hand. Agter haar, die twee mans, Muzuwa en sy klein-vader, sonder laste — soos dit behoort te wees in hierdie naturelle-wêreld.

Muzuwa het belowe om die kind elke week kamp toe te bring sodat ons dit kon sien. Maar na die eerste week — toe hulle nog ekstra melk gekry het — het hy dit nie meer gedoen nie. Omtrent 'n maand later kry ek hom langs die pad. Hy wys my sy mond wat heeltemal genees het omdat hy by 'n toordokter was wat die regte medisyne gehad het. Ek vra hom hoe dit met die kind Robin gaan, en hy verseker

my dat dit goed gaan met hom. Hy kry nou melk vir die kind van beeste wat hy leen, maar die beeste se melk word partykeer gedrink deur die kalwers voordat die koeie gemelk kan word — kalwers maak maar so. Maar as die kind baie skree, voer hulle vir hom van die poiermelk wat die Mam-bokadzi gegee het.

„Ek wil die kind hierdie week sien,” sê ek.

Muzuwa belowe hy sal dit Sondag kom wys. Maar hy het nie, nie daardie Sondag nie, en ook nie daarna nie.

Ek was die tyd baie besig met 'n nuwe sensus-opname van 'n naburige kapteinskap en het geen tyd gehad om aan iets anders te dink nie. Jack het 'n susterskind van hom gevind wat gretig was om hom in die kamp te help, 'n opgewekte jong knaap, wat aan die end van die eerste maand vol trots vir ons sy nuwe broek kom wys het wat hy met sy verdiende geld gekoop het, en wat 'n troue maat vir ons seuntjie geword het.

Al wat partykeer die rus en harmonie van ons afgesonderde bestaan verbreek het, was wanneer 'n hiëna of verwilderde hond in die nag 'n aanslag op ons beeskraaltjie of hoenderhok gepleeg het. En so het Muzuwa en sy gesin eintlik ongemerk uit ons gedagtes gegly.

Een aand, miskien ses weke later, het ou Jack weer in die ingang van my tent kom sit vir 'n geselsie. Ek vra hom of sy hart nog nie uitgaan na sy jong, tweede vrou nie, en hy lag verleë.

„Laat haar hier kom vir 'n paar weke,” stel ek voor, „tensy jy bang is dat jou susterskind haar die hof sal maak.”

„Hy is my *muzukuru*,” sê Jack waardig, „hy het die reg om saam met my vrouens te lag, solank hulle net nie hul eie man se liefde weier nie.”

„Laat haar dan kom, en wees saam gelukkig met haar.”

Hy aanvaar dit dankbaar. „Die Mambo is soos 'n vader. Hy weet watter wense en begeertes daar in sy kinders se harte woon.” Toe trek hy skielik 'n mismooide gesig. Hoe kan hy sy nuwe vrou hier laat kom as sy nie behoorlike klere het om aan te trek nie. Hy het al 'n lang tyd vir ons gewerk en sy geld bly maar dieselfde!

Gee 'n kind 'n vinger en hy sal die hele hand probeer vat! Jack versuim om te sê dat hy twee maande gelede tien sjielings verhoging gekry het. Hy is nie ondankbaar nie, maar hy dink dis dwaas om nie ekstra munt te probeer slaan uit sy baas se kennelik-goeie stemming nie.

„Dis al laat en ek is te moeg om jou woorde mooi te kan hoor,” sê ek.

Jack lag. Ek het nie nee gesê nie, en hy weet dat hy oor 'n paar maande die sakie weer kan aanhangig maak.

Hy staan op, betas soos ingedagte die tentpaal, vra toe versigtig: „Onthou Mambo die kind van Muzuwa wat 'n tyd-lank in hierdie kamp was?”

Hy het sy gesig weer weggedraai van die lig, maar ek kan aan sy stem hoor dat hy belangrike nuus het.

„Ek onthou dit.”

Hy wrywe met sy duim oor 'n los splinter in die hout.

„Die kind is dood. Hulle het dit laasweek in die nat grond van die vlei oorkant die rivier begrawe.”

'n Onbehaaglike sensasie kruip by my rug op. Ek dink terug aan die eerste dae toe die kind by ons was, amper te swak om te huil; die deemoedige vrou wie se donker oë opgelig het toe sy sien dat haar kind voedsel begin inneem in Marie se arms; die maer lyfie wat na 'n paar weke se versorging so pragtig reggekom het. En dan die selfver-sekerheid waarmee ons besluit het om die kind te beskerm teen die vooroordele van 'n bygelowige volk . . .

En nou die neerlaag . . . Die kille besef dat ons gefaal het, en bowe-al die opdringende twyfel dat ons dalk tóg die kind se lewe en die moeder se selfrespek kon gered het indien ons geweier het om die vrou te laat teruggaan na haar man se familie.

„Jack,” vra ek, „kan jy vir my sê waarom hierdie kind moes sterf?”

Hy kyk my aan en ek is hom dankbaar dat daar ten minste geen verwyf of spot in sy oë is nie — wel 'n sekere onrus omdat ek van hom verwag dat hy hom uitspreek oor iets wat geen naturel graag met woorde wil noem nie. Hy hurk neer naby my knieë, en terwyl sy een wysvinger doellose figure op die mat voor sy voete teken, begin hy praat met 'n toonlose fluisterstem.

„Mambo, Muzuwa het die wet van die oues gebreek. Toe sy vader dood is, het hy geen bees geslag om sy naam te eer nie. Kort daarna is Muzuwa se eerste kind dood, en die *nganga* het die dolosse gegooi en gesê dis Muzuwa se vader se gees wat die bees wil sien wat sy seun nog nie vir hom gegee het nie. Maar Muzuwa wou nie luister nie. Hy het gesê sy kind is dood omdat sy vrou oorspel gepleeg het . . . En so het hulle gebly vir twee jaar. Toe is Muzuwa se tweede kind dood, en nog altyd het hy geweier om 'n bees te slag vir sy vader se gees. Hy het gesê dat hy nie 'n bees het nie, maar, Mambo, die waarheid is dat Muzuwa vir meer as 'n jaar in die stad gewerk het en baie geld verdien het. Maar

Muzuwa het gesê hy sal nie 'n bees vir die gees slag nie solank sy vrou sy kinders doodmaak met haar oorspel."

„Het sy die naam van 'n man gebieg toe sy geboorte gegee het, Jack?"

„Sy het die naam van die seun van Norito genoem toe sy swaargekry het by geboorte van die eerste kind, Mambo. Maar sy het geen name gebieg toe haar tweede en haar derde kind gebore is nie."

Vir Jack bestaan daar dus geen twyfel oor die oorsaak van die dood van die kinders nie. Hy blameer Muzuwa, wat die wraak van die voorouergees kon besweer het met 'n offerande. Maar hoe verklaar hy die uil wat 'n paar maande gelede aangekondig het dat iemand toordery teen Muzuwa se gesin uitoefen? Volgens volksgeloof dui dit nie direk op die hand van 'n teleurgestelde voorouergees nie, maar wêl van 'n lewendige heks. Daar moes dus iemand wees wat geweet het van die gees se misnoeë en wat daarvan handig gebruik gemaak het. Jack durf nie met soveel woorde iemand van toordery beskuldig nie, en hy druk hom behoedsaam uit.

„Mambo onthou dat hy die kind die naam Robin gegee het? Mambo het gesê dis 'n sterk naam, en hy het twee sjielings vir die vrou van Muzuwa gegee om dit te bewys."

„Ek onthou dit."

„Een namiddag — dit was op 'n bierparty — het Muzuwa gespog oor die nuwe naam van sy seun. Hy het gesê die naam is sterker as enige naam wat deur 'n ou vrou na die geboorte van die kind gegee is, en geen voorouergees sal die kind kan bedreig nie. Dit is wat Muzuwa gesê het. Maar een ou vrou het opgestaan en vir Muzuwa gewaarsku dat hy liewers moet stilbly, want die gees van sy vader wag nog altyd vir sy bees. Sy was die stok-ou *samukadzi*, die oudste suster van Muzuwa se oorlede vader. Maar Muzuwa het die ou vrou bespot, want hy het die middag baie bier gedrink."

„En dit was sy wat Muzuwa se kind, kort na sy geboorte, sy eerste naam gegee het?"

„Dit was sy, Mambo. Die mense eer haar baie, want sy is baie oud en die geeste van die voorouers praat met haar."

Jack het opgestaan. Vir hom was die saak duidelik. Geen sterweling kan bekostig om die voorouergeeste te trotseer nie, veral nie onder die skerp oë van 'n onversoenlike *samukadzi* nie. Vir Jack was ons pogings om die kind in die lewe te hou, 'n dwaasheid. Hy veroordeel my nie, want hy het lankal geleer om die witman te aanvaar as 'n skepsel wat anders handel en dink as hy en sy volksgenote. Jack is groot genoeg om my nie eers te herinner aan die feit dat hy my tevore gewaarsku het nie. Hy skuifel die tent uit, half-verleë



FERDINAND BOL (1660-1680): DAMESPORTRET

Eiendom van die Johannesburgse Kunsmuseum Houthakkersameling.

omdat hy sien dat ek omgekrap voel. Hy was half-pad die tent uit toe ek genoeg moed versamel het vir die laaste, onvermydelike vraag.

„Jack, wat was die naam wat die ou *samukadzi*, kort na die geboorte, vir Muzuwa se derde kind gegee het?”

Hy staan stil en draai stadig om. Daar is 'n ligte triomf in sy stem soos van een wat ten slotte die kans kry om die juistheid van sy standpunt onomstootlik te bewys.

Die regte naam van Muzuwa se kind was *Vurayai* — „dood my!” sê hy, en toe los sy skaduwee op in die donker nag buitekant.

D. F. Malherbe

GEBED VAN 'N VREEMDE VROU

(Uit *Silo is krank*)

O Godheid, my nog vreemd, my, vreemde hier,
maar wel die God van Hofni, hoor my aan.
Nou is die nag, my lig is uitgedoof,
en ek 'n rokende kerspit in die wind.
My edele Hofni wat 'n tuiste was
vir my verdwaalde hart om uit te rus,
my edele Hofni heen! Ek klaag om hom,
klaag om my arme lot, en ek sal weeklaag
dat in my nag die winde my stem dra
op tot u hoë setel, God van Hofni.
En ek sal weeklaag as die sterre blink,
en ek sal weeklaag in die rooidag-uur,
om wat geruk is uit my arme hart.
en ek sal weeklaag, hoogste God, totdat
U my die rus vergun, wat ek na soek.

Geeneen het hom geken, in Silo niemand,
geeneen die week geheime van sy hart,
en daarom, vreemd in Silo, het 'n vreemde
vir hom gevind — my edele Hofni heen!
O God van Hofni, myne ook, gee aan
my moeg hart nou die rus wat ek om smEEK!

Die Eerste Vryburgers aan die Kaap

ANNA DE VILLIERS

Jan van Riebeeck het van die begin af die wenslikheid ingesien dat vryburgers in die volksplanting toegelaat sou word. Reeds in sy eerste brief aan die Raad van Indië in Batavia, geskryf op 13 Mei 1652, doen hy aan die hand 'n wenk wat uit eie ervaring gebore was en 'n aanduiding is van die deursig wat hy in sake gehad het: dat indien daar vlytige landbouers soos die Chinese wat hy in die Ooste gesien het, of anders vryburgers uit die vaderland na die Kaap de Goede Hoop gestuur word, dit tot groot voordeel vir die Kompanjie sou wees, aangesien hulle produkte op meer ekonomiese basis sou kon lewer, want die Kompanjie sou dan nie vir hulle huisvesting en onderhoud aanspreeklik wees nie. Hierdie wenk, soos baie ander, het aanvanklik op dowe ore geval, maar die Kommandeur is nie van die soort wat gou tou op gooi of wat 'n saak sal laat vaar, as hy oortuig van die gegrondheid van sy redenering is nie.

Hy bring dan ook die hele kwessie van die invryheidstelling van sekere amptenare na verstryking van hulle amptermyn van vyf jaar telkemale weer in sy briewe te berde en teen die tyd dat die eerste vyf jaar om is, het hy die saak sover dat die Here Sewentien die gegrondheid van sy argumente ingesien het en toestemming gee dat diegene wat na die oordeel van die Kommandeur daartoe geskik geag word vrybriewe op sekere voorwaardes mag ontvang. Alleen diegene wat deur vlyt en verdienstelikheid getoon het dat hulle so 'n voorreg waardig is, sal daarvoor in aanmerking kom; dit moet persone van goeie karakter wees en gehudes sal voorkeur geniet. Dit beteken dat die Kompanjie sal onderneem om hulle vroue en gesinne na die Kaap te bring, aangesien geeneen van hulle tot daardie tyd hulle vrouens by hulle kon hê nie.

Die Kommandeur is blykbaar in sy skik oor die toegewing wat hy met soveel geduld en ywer bepleit het, en so lees ons in die *Dagverhaal* in dato 19 Februarie 1657 dat hy uitgegaan het om 'n geskikte plek te soek om 'n redout of blokhuis te bou „tot bewaringe ende behoorlijke diffentie van de te cultiveren landen, waertoe verscheyden persoonen haar presenteerden in vrijdom te begeven.” Die hele week is die Kommandeur bedrywig in belang van diegene wat hulle aangemeld het. Soos altyd, gee die *Dagverhaal* 'n noukeurige relaas van die besoeke wat die Kommandeur, vergezel van enkele van die voornemende vryburgers aan die Amstel, soos die Liesbeek daardie tyd genoem is, bring met die doel om vir elkeen 'n geleentheid te gee om sy stuk grond te kies. Die toon van die skrywe is opgewek en 'n mens voel daaraan dat die Kommandeur 'n taak verrig waarin hy groot genot skep.

Op 21 Februarie meld hy dat die grond aan twee partye uitgegee word, die eerste bestaande uit vyf persone onder leiding van Harmen Remajenne; die ander persone is Jan Maertensz, Jan van Passel, Warnaer Cornelisz en Roelof Jansz; die streek sal Groenelvelt heet en die groep „Harmans colonie,” beooste die Amstel, en hulle sal hulle veral op die koringbou toelê. Die tweede groep onder leiding van Steven Janz vestig hulle aan die westelike oewer van die rivier wat die naam „Den Hollantsen thuyn” erlang en bestaan uit vier persone, van wie egter alleen drie genoem word: benewens die leier, Hendrick Elbertsz, en Otto Jansz, en dit staan bekend as „Stevens colonie.” Benewens koringbou sal hierdie groep hulle ook op die tabakkultuur toelê en verder „aert- en thuyvruchten” kweek, en ook beeste, varke, ganse, eende en hoenders aanhou.

Die voorwaardes waaronder hierdie nege persone hulle vrybriewe sal ontvang is interessant, veral omdat die voorwaardes vir die twee groepe nie presies gelykluidend is nie; diegene van die Groenevelt sal soveel grond in volle eiendom ontvang soos hulle met hulle vyf, en soveel ander persone soos hulle kan kry, in drie jaar kan bewerk, en daar sal geen belasting op gevorder word nie; daarna sal redelike heffinge ingestel word „ten meesten dienste van d'E. Compagnie ende behoudnisse der vrije luyden.” Hulle mag 'n ploeg, 'n eg en twaalf trekosse teen kosprys koop, en verder ook skoppe, grawe, byle, ens.

In „Stevens colonie” geld dieselfde, maar aangesien daar geen ploeg is om aan hulle te verkoop nie, is hulle genoodsaak om die grond self om te spit; daarom word die tabakplantasie wat die leier vir die Kompanjie aangelê het aan

hulle gegee om te bewerk en ook die koringland; hulle kry 'n wa en ses osse sodat hulle omstandighede min of meer op kan weeg teen die ander s'n.

Die Kommandeur het nie alleen 'n sin vir regverdigheid nie; hy is ook die pionierleier, behep met die beproefde beskawingsidees van sy tyd, die man met 'n gevoel vir wet en orde, reëlmaat en saamhorigheid en om dit te verseker, verorden hy dat „sodanige burgerlijke wetten en rechten” wat in die vaderland van toepassing is, vir die „vrije luyden” sal geld. Hy dink aan hulle persoonlike veiligheid en gee elk op krediet „soodanich schietgeweer, cruyt ende loot etc., als hun sal dunchen nodich te wesen.”

Die vryburgers het van die begin af met moeilikhede te kampe gehad. Geen drie weke later kom hulle klae dat die Hottentotte in die nag sowat 100 lb. tabak gesteel het, en toe hulle dit terugvorder, kom hulle teen assegaai te staan. Die Kommandeur stuur toe 'n korporaal en tien soldate om die tabak te haal, maar toe dié op die plek kom, het die Hottentotte hulle reeds verwyder en na die „Houtbaatjie” gevlug.

Die getal vryburgers neem nou vinnig toe en op 25 September 1657 lees ons dat daar weer twintig persone om vrybriewe aansoek gedoen het onder wie Hendrik Boom, baastuinier, wat toegelaat sal word om die landbou te beoefen en koeie aan te hou. In die volgende maand word 'n landtog onder die bevel van Abraham Gabbema uitgestuur om vee te probeer ruil; die geselskap bestaan uit sewe Kompanjiesdiensmaats en agt vryburgers onder wie die name van Hendrick Elbertsz en Wouter Cornelis Mostert voorkom, name van wie daar nog nakomelinge in Suid-Afrika is. Die leier kry 'n memorie waarin sy opdrag haarfyn uiteengesit word. Na veertien dae keer hulle terug met sewe koeie, drie kalwers en een en veertig skape. Nog in dieselfde maand kom 'n klompie van die tabakdiene hulp soek teen twee leeus wat hulle by hulle kraal lastig val, en word 'n paar soldate uitgestuur om die leeus te skiet — die kwaad word met goed vergeld.

Voor die einde van 1657 het daar weer verskeie ander vryburgers, onder wie die naam van Pieter Visagie voorkom hulle „vrydom” aangevra. Daar is nou al benewens die landbouers, ook vry houtsaers, vissers, melk- en tabakboere, en hulle word aanvanklik toegelaat om vee van die Hottentotte te ruil. Wanneer dit egter blyk dat hulle van hierdie voorreg misbruik maak deur hoër pryse te bied as die Kompanjie, word die toestemming daartoe ingetrek. Nou begin die moeilikhede. Onder die vryburgers is daar ruwe kwante

soos Harmen Remajenne wat eenvoudig doen wat hy wil. Hy bly op goeie voet met die Hottentotte, ruil skelm vee en verkoop dié dan teen laer pryse as die Kompanjie aan die skepe. Hy durf dit nie openlik doen nie en so begin 'n smokkelary waarin naderhand ordentlike mense soos Jacob Cloeten, voorvader van die Cloetes, betrokke raak.

Met die Hottentotte het die vryhede gedurig moeilikheid. Nou wei Herrie se vee in hulle ertjie- en boontjielande en moet die Kommandeur soldate agterna stuur om die Hottentotte verder te laat versit en ook vir Herrie paai en hom oorreed om na Valsbaai se kant te staan.

Die Kommandeur hou die vryburgers ferm onder sy beheer en sorg dat die verordeninge van die Here Sewentien streng toegepas word. Wanneer dit blyk dat sommige van die vryburgers hulle tyd bestee deur vis te vang wanneer hulle hulle grond behoort te bewerk, en dat hulle nie die vis wat hulle nie vir eie gebruik nodig het aan die Kompanjie te koop aanbied nie maar dit self by die skepe aan die man bring, besluit die Kommandeur-in-rade dat sodanige vis gekonfiskeer sal word en dat die oortreder boonop 'n boete van tien gulde sal „verbeur.”

Wanneer daar 'n skip met Guinese slawe aankom, word die vryburgers toegelaat om op krediet slawe teen 100 gulde elk te koop; die Angloose slawe kry hulle teen 50 tot 75 al na hulle klein of groot is. Van nou af begin daar nuwe moeilikheid vir die vryburgers: benewens die diewerye van die Hottentotte het hulle nou ook gedurig klagtes oor die gedrag van die slawe. In Mei 1658, kom daar al 'n botsing tussen 'n klompie Hottentotte en 'n paar slawe op die Kompanjie se landgoed by Bosheuvel, en kom die Hottentotte klae dat die slawe 'n hond agter een van hulle aangesit het; by ondersoek blyk dat die Hottentot nie van die Kompanjie se vee wou wegbly nie; as 'n paar van die vryburgers nie tussenin gekom het nie, sou die hond die Hottentot doodgebyt het. Hoewel daar soms trou slawe is wat die belange van hulle meesters op die hart dra, is hierdie eerste slawe ruwe heidene en wanneer 'n vyftal gedros het, verneem die eienaars van ander slawe dat hulle nie veel verloor het nie, want hulle was mensvreter. Die Kommandeur laat hulle soek, en verneem by die Hottentotte, maar vrees dat die slawe gedood is, soos al vroeër gebeur het, want die Hottentotte is baie jaloers op die slawe! Die weglopery hou egter aan en die Kommandeur moet die fiskus en die sersjant uitstuur om alle vryburgers te waarsku en te maan om hulle slawe nie gedurig te slaan of uit te skel nie en hulle „met goede ordre sullen hebben te tracteren.” Op een tyd is die

weglopery so erg dat die Kompanjie aan die vryburgers kettings verstrek om hulle slawe vas te ketting.

In alle opsigte toon die Kommandeur dat hy die „vrije luyden” in ag neem, en hulle wil tegemoet kom mits hulle van hulle kant hulle verpligtinge nakom. So word Steven Jansz die eerste jaar lid van die Raad van die Fort de Goede Hoop, om sitting te neem wanneer sake rakende die vryburgers behandel word. Die tweede jaar bly hy aan as oud „borgerraad” en word daar ’n ander burgerraad, Hendrik Boom, in sy plek gekies. Die vryburgers kry die geleentheid om ’n dubbele getal van alle waardigheidsbeksleërs, soos die sersjant en korporaals van die skutters ook voor te stel, waaruit die kommandeur en sy raad dan die finale keuse doen. Op ’n keer toe ’n vryhoutsaer wat as burgerraad gekies is, deur sy onvoorbeeldige gedrag getoon het dat hy die eer nie waardig was nie, het die kommandeur sy amp as burgerraad vervalde verklaar.

Die ervaring het die kommandeur veel geleer. Die moeilikhede tussen die Hottentotte, vryburgers en slawe het hom laat insien dat dit wenslik was om hulle uit mekaar te hou, en daarom verbied hy die vryburgers om Hottentotte by hulle huise te laat kom — die eerste vorm van apartheid.

Teen die einde van 1658 laat die vryburgers al blyk dat die begrip vryheid hulle in hart en niere sit en hulle met hulle burgerrade lê ’n versoekskrif aan die Kommandeur voor wat hom stof tot nadenke moet gee. Die toon van die geskrif is enigins agressief en hulle gee in onomwonde taal te kenne dat hulle nie van plan is om genoeg te neem met die verbod op die veeruil nie, en ook nie met die wisselende prys van koring nie, en as die prys nie vasgestel word nie, sal hulle alles wat hulle van die Kompanjie het, terugbring „want wij en willen dus niet blijven.” Hulle voel ook dat hulle gevaar loop om van die Hottentotte aangeval te word. Die versoekskrif het neëntien klousules en is onderteken deur veertien vryburgers van wie sewe onskryfkundig was. Die geskrif is in die *Dagverhaal* oorgeskrif met die kommentaar van die kommandeur onder elke punt. Hy wys hulle herhaaldelik daarop dat dit hulle nie pas „dat se het wet stellen laten aan de Overigheyt,” en om te dreig dat hulle dit of dat sal doen of laat nie. Hy paai hulle met die belofte dat hy ’n hoër prys vir die koring sal beding. Hier sien ons nie alleen sy takt as leier nie, maar ook sy onverskrokkenheid wanneer hy uitsluitel oor ’n saak moet gee. Hy wys hulle ook op sekere onjuisthede in hulle aantygings en tik hulle ferm dog bedoord op die vingers. So word die eerste standjie tussen kommandeur en vryburgers in der

minne geskik, want „den Commandeur aen deselve een romer wijn of twee liet omgaen, in voegen alles in frayen rust ende ordre herstelt sijnde, ijder welgemoet naer huys gingh, lachende d'een d'ander wat uyt, omdat elcq over 't sijne soo wat sijn recht bescheyt gekregen had.”

Dit was ook goed dat die kommandeur gewet het hoe om hierdie geskil uit die weg te ruim, want kort daarna het die Hottentotte aстранter geword, gedurig vee van die vryburgers geroof, hulle landerye verniel, ens. en dit het nie lank geduur nie of die Hottentotoorlog breek uit en toe was kommandeur sowel as vryburgers op mekaar aangewese om bystand. Waar die meeste vryburgers gaandeweg hulle vee verloor het, moet die kommandeur byspring en vir hulle trek- en melkvee gee, en in sy onderhandeling met die Hottentotte moet hy dan probeer om 'n gelyke getal terug te kry sodat die Kompanjie nie verloor nie. Wanneer die oorlog oor is, staan die Kommandeur, wat onderwyl blokhuise en paalversperrings teenoor die vryburgers se grond laat bou het vir hulle beskerming, veel sterker onder sy onderhoriges en word hy nie meer op so 'n vermete wyse bejeën soos vroeër nie. Hy het die beskawingspeil van hierdie geharde pioniers deur eie voorbeeld verhoog en deur sy grootmoedigheid hulle lojaliteit afgedwing. Dit was nie die geval met almal nie, want hy was dikwels wanneer 'n retoervloot vertrek het, verplig om 'n jag agterna te stuur om die verstekeling terug te haal, soms sonder enige vrug.

Onder diegene wat nakomelinge vandag het en in hierdie eerste vyf jare hulle vrybriewe ontvang het, is die volgende: Steven Botma, Cornelis Claassen, Jacob Cloeten, Wouter Mostert, Hendrik Elberts en Pieter Visagie in 1657, Juriaan Appel en Hans Ras in 1658, Jan Coenraad Visser in 1659, Jan Pietersz Louw in 1660 en Willem Schalk van der Merwe in 1661. Hierdie vryburgers het almal matrose of soldate van een of ander soort hier aangekom. Verder moet genoem word Pieter van der Westhuizen (1662) wat as kneg na sy uittrede gewerk het en later met sy baas se weduwee getrou het, en Albert Gil(den)huys, aanvanklik Gildehaus, wat in 1661 in die Kaap aangekom het en in 1665 vryburger geword het.

Met die instelling van die vryburger is die grondslag gelê vir die bou van 'n nuwe nasie, een wat later hom so aangepas het dat hy 'n eie en eiendomlike siening ontwikkel het wat hom gaandeweg verwyder van die geestesgesteldheid van die Hollander en hom in die besonder oriënteer tot die Afrikaanse bodem en uit sy vergroeiheid daarmee 'n eie besondere kultuurinhoud laat opbou het.

W. A. Boonzaier

DRENKELINGE

As ek jul van die eiland sien
met die son in my, die wit vuur
wat alles brand waar ek tuur
oor die groot meer water, dan sien

ek: die water trek wild van die land,
en twee rotsbeelde uitgekalkwer
bly wiggeltekens van die uitgeleefde strand,
en altyd verder en altyd eensamer

kyk die bruin kind aan die hand
van haar moeder, en háár hand slaan
die afstande oop na 'n verlore land
waar die water wyk met 'n man.

DIE OU PARK

(na Paul Verlaine)

In die ou park verlate en bleek ge-ys
het twee wit skimme in die skemer verrys.

Hul lippe is leeg en hul oë teloor
en bo die wind kan jy nouliks hul woorde hoor.

„Onthou jy die tyd van ons hoogste gety?”
„Waarom onthou, dis tog alles verby?”

„Die vreugdes van gister, het iets nie abuis
so pas deur die bleekwit bome geruis?”

„Die vreugdes van vroeër, die geringste geruis,
is soos ons op pad sonder einde of tuis.”

En so met die nagwind se vreemde gelispel
haas hulle voort deur die wilde hawer en distel.

DROOGTE

Lank het die wêreld gewag.
Nou is jou reën op elke plek,
en ek 'n rivier in die land se wye rag
waaroor jou wolke eindeloos trek.

SNYER

Daagliks onder stampers van
die son, onmeetlik is die land
en die vakke wat ons sny,
aanvoor, maar nooit in die gerwe kry.

DROOM

Die see was verlore ekstase, en jy
was die een wat my uit die vier mure
vat met jou wit lyn na die Weste, verby
bruin gebededorpe en spierwit meeue.

Stefan George

WALTER HESSE

Geen sterker teenstelling is denkbaar onder die verteenwoordigers van die moderne Duitse poësie as dié tussen Rilke en George nie. Inderdaad stel hulle werk die twee uiterste moontlikhede van die poësie daar wat Schiller byvoorbeeld „naïef” en „sentimenteel” genoem het en wat ons miskien ook „gevoels-” en „verstandelike poësie” of selfs „vroulik” en „manlik” kon noem. En dit is een van die kenmerkende wonders van ons tyd van konflikte dat dit daardie twee grenswoners kon bevat — grenswoners ook in ’n geografiese sin. Want die kluisenaar en mistikus Rilke kom vanaf die ooste van Duitsland, en Asiatiese vroomheid het sy lewe bepaal; Stefan George, wie se voorvaders nog Franse onderdane was, stam van die Ryn af, waar hy op 12 Julie 1868 naby Bingen gebore is, en sy tradisie is Wes-Europees. Die een lewe net vir sy kuns; die kuns van die ander net vir sy invloed, die doel van onderwys: Stefan George is ook in hierdie sin ’n nakomeling van Goethe dat hy didaktiese en moraliserende gedigte skep. As Rilke, die siener, ’n sanger was, dan was George die siener as profeet.

George kom daarvandaan waar Rilke eers teen die einde heengaan: van die spesifiek Franse vorm van die poësie van sy tyd, wat ons Simbolisme noem. Die groot name Baudelaire, Mallarmé, Verlaine en Valéry is die verteenwoordigers van ’n kuns wat op die wetenskaplike, onreligieuse naturalisme van hulle voorgangers met die protes teen die „waarheid in die poësie” antwoord en nou ’n mistieke estetisisme eis en skep wat wel dikwels van die simbole van die Christendom gebruik maak, maar die begrip van God deur ’n nuwe geloof aan die godin van „absolute skoonheid” vervang.

Hierdie kunsopvatting, waarvan die verwantskap met die Platoniese „idee” duidelik is, vra nou van die vers wat vroeëre eeue van die gebed geëis het: die opening van ’n

oer-werklike ryk van ekstase waarin plek en tyd, Ek en Jy, treurigheid en vreugde saamsmelt. Die woord van die vers ontvang die byna onmoontlik oplosbare taak om 'n sodanige onsigbare wêreld oop te sluit wat van en vir die materiële wêreld afgeslote en ontoeganklik is. Die woord van die vers moet homself van sy „gewone” betekenis losmaak en tot 'n simbool word sodat net sy klank, sy oertone, sy assosiasies werk en dit nie meer beskryf nie maar omskryf, nie meer die dinge noem nie maar hulle atmosfeer skep. Dit moet musiek word, gedagtelos en impressionisties; en wat van die verstand weggeneem word, sal die gevoel verryk.

Heeltemal afgesien van die bloot artistieke gevaar van daardie leer — dat dit naamlik die poësie so na aan die musiek bring dat dit sy eie karakter verloor; ons hoef slegs aan die voorbeeld van Debussy te dink, wie se musiek hom tot die oorgawe van 'n eie wese aan die skilderkuns onderwerp —, stel dit hom ook aan die „tegniese” gevaar bloot, iets wat die digkuns van alle tye in aanmerking moet neem: om met klank en stemming en geruis heeltemal onverstaanbaar vir die publiek te word, die aristokratiese veragting van die menigte uit te brei tot almal wat nie tot die klein kring van die „ingewydes” behoort nie en nie met die betekenis van die priesterlike ritus in die aangesig van die godin bekend is nie.

Dit is George se' verhewe verdienste dat hy reeds na die eerste aanvang van sy poësie daardie twee gevare herken en die eerlike poging gemaak het om nie net die woordbetekenis te behou nie, maar ook uit die afsluiting van die digter uit te tree en meer te word as 'n leier in 'n klein kring — 'n nasionale profeet. Dit was sy persoonlike tragiese lotgeval om in hierdie kompromis nie te slaag nie, nie te kón slaag nie. Rilke wat nooit begerig was om „verstaan” te word nie, is bemin omdat sy woord-musiek die verstand vervang en die leser bedwelm het; George, wat altyd begerig was om verstaan te word, het ook sy nasie ten diepste beïnvloed, maar net daardeur dat mense hom verkeerd uitgelê en hulle deur die verkeerde uitleg laat oorweldig het. Sy haat teen die materialisme van sy tyd word tot 'n haat teen die intellek omskep; sy geloof aan die verjonging van sy volk word uit die geestelike en morele sfeer in die politiek afgetrek; en sy ekstase oor die „verlossende, reinigende en heilige” oorlog van 1914-1918, die oorlog wat die ware waarde van lewe en dood sou leer deurdat dit die tempel van Mammon vernietig — daardie waardering wat deur so baie mense in die begin gedeel is

en so gou in ontnugtering omgeslaan het —, dit word as 'n apologie van elke oorlog aangebied.

Aan die einde van sy lewe staan weereens 'n profeet voor die brandende stad en beskou, ontsteld en wanhopig, die vernietiging van 'n lewenslange geloof in sy vermoë om deur die kuns die lewe te verbeter: die rigter van sy volk is deur sy volk gerig. In 1933 trek George hom uit 'n land terug, wat valse leiers navolg, en sterf eensaam op 4 Desember van dieselfde jaar in Switserland.

Stefan George se digwerk toon reeds heeltemal uiterlik die strenge, metodiese, pligbewuste opvatting wat hy van sy kuns as 'n dienaar van die „opdrag” gehad het, om die Duitse volk te vernuwe. Wat hy as leier en vernaamste skrywer van sy tydskrif, die *Blätter für die Kunst* („Blaai vir die kuns”) neergelê het in die twaalf afdelings wat van 1892 tot 1919 verskyn het (27 jare vir 'n so esoteriese tydskrif is 'n verdere bewys van sy energie en taaieheid), al sy estetiese en kritiese opinies, dit is, bewus gereël, voorbeeldig in poësie omgeset, die inhoud van die sewe bande van sy gedigte, en niks daarin is aan die toeval, die inspirasie, die vryheid van die digter om fragmentaries te wees, oorgelaat nie. Beskawing en die strewe na beskawing is hulle doel en inhoud; en wie volledig in staat is om homself voor voleinding van tegniek, vir 'n uiterste mate van „Mache” (dit is sy trotse woord: „Von meiner Art und Mache”) te begeester, selfs as die skepping heeltemal uit die verstand ontspring het — daardie een mag wel in die gesig van 'n so monomaniese vervolging van 'n hoë doel en 'n so suksesvolle uitdrukking van eintlik onpoëtiese gedagtes die begeestering voel, wat ons net daar kan deel waar die digter, in die begin, oor die moeilikhede van sy taak byna twyfelmoedig word en, teen die einde, waar hy die skipbreuk van sy sending betreur — want daar is die persoonlike, die egte en ware digterlike nog uit die roerende stem te verneem, is dit nog nie in die yskoue lug van oortuiging vervries nie.

In die begin van sy loopbaan verskyn sy gedigte nog met kort tussenpouses. Op die later onderdrukte eerste werk, wie se kenmerkende naam *Fibel* („Abc-boek”) is en waarin hy homself juis sy tegniek leer (dit bevat die gedigte van 1886 tot 1889), volg (1890) die *Hymnen* („Himnes”), (1891), die *Pilgerfahrten* („Togte van 'n Pelgrim”), uitkoms van veelvoudige reise na Denemarke, Spanje en veral na Frankryk, en (1892) *Algabal*. In hierdie drie versamelings, wat later tot die eerste van sy sewe boeke saamgevat is, is die invloed van die Franse skool nog sterk, is die simbole nog dikwels dieselfde. Inspirasie is die meesteres; 'n

leë, waardelose en korrupte teenwoordige wêreld word vervang deur die skitterende en dikwels soetsappige, oorlaaide prag van 'n Oosterse wonderwêreld, en die sinnelike, die „liggaam,” word verafgood:

Die Lust entführt uns aus dem fahlen Norden:
Wo deine Lippen glühen, fremde Kelche blühen —
Und fließt dein Leib dahin wie Blütenschnee,
Dann rauschen alle Stauden in Akkorden
Und werden Lorbeer, Tee und Aloe.

(*Strand*)

Maar George vertoef nie lank in die sprokiesland van geile dinge en woorde nie. Reeds die laaste gedig van hierdie bundel, waarin vir die eerste keer sy gawe merkbaar word om intiemste persoonlike moeilikhede in 'n beeld te hul en tot die einde daarin vas te hou, reeds dit gee 'n belofte:

Schwalben seh ich wieder fliegen,
Schnee- und silberweisse Schar,
Wie sie sich im Winde wiegen,
In dem Winde kalt und klar!

(*Vogelschau*)

Dit is die belofte om na die noorde terug te keer wat hy nou nie meer as „vaal” aansien nie, mag dit ook „koud” wees. En in die *Bücher der Hirten- und Preisgedichte* („Boeke van die herder- en lofgedigte”), 1895, begin hy nou ook om hom met sy afsonderlike probleem uiteen te sit — met die posisie van die geestelike mens in die hedendaagse wêreld. Soos ook dikwels later is hierdie boek in drie afdelings ingedeel wat met die ondersoek ooreenstem: die groot oplossingspogings is die Griekse, die Middeleeuse en die Oosterse wêreldbeskouings, en hulle word versimboliseer deur „gees,” siel en „liggaam.” By die Grieke vind hy, as een van die eerste dissipels van Nietzsche, meer as net die „edele eenvoudigheid en stille grootheid” van Winckelmann, die gees naamlik wat aan daardie ware kinders van die natuur die insig in die lewe verskaf het. In die Middeleeue ontdek hy sy eie aanskouing weer, die ideaal van 'n vereniging van die heroïese en kuns, die diens aan die lewe deur die siel, en hy gee hierdie ideaal die name van die „jong soldaat” en die „wandelende sanger.” En in die Ooste sien hy die vergoddeliking van die liggaam, die passiviteit

teenoor die aktiviteit van die twee ander eeue, die onbeperkte heerskappy van die fantasie.

1897 is die jaar van sy „Jaar van die Siel” (*Jahr der Seele*) wat nou die werklike terugkeer in sy land en sy teenwoordigheid weerspieël. In tweesprake van sy Ek met sy Jy wat sy digterlike siel is, wandel hy deur die Duitse landskap, die „park” wat hy tot nou „doodgesê” het:

Komm in den totgesagten Park und schau:
Der Schimmer ferner, lächelnder Gestade,
Der reinen Wolken unverhofftes Blau
Erhellte die Weiher und die bunten Pfade.

Dort nimm das tiefe Gelb, das weiche Grau
Von Birken und von Buchs; der Wind is lau;
Die späten Rosen welkten noch nicht ganz;
Erlese, küsse sie und flicht den Kranz.

Vergiss auch diese letzten Aestern nicht,
Den Purpur und die Ranken wilder Reben,
Und auch was übrig blieb vom grünen Leben,
Verwinde leicht im herbstlichen Gesicht.

Aldus die eerste gedig van hierdie bundel. Maar voordat hy die hele werk — weer in drie dele — nog deurgegaan het, voordat winter en somer en herfs op mekaar gevolg het (van die herfs spreek hy hier as van die ware ryp van sy kuns, en die lente wat hy nou al lank agter hom het, besing hy nie meer nie), het reeds gedurende die „oes” van die herfs en die „oorwinning” van die somer die ontnugtering gekom: die „wandelende in die sneeu” (*Waller im Schnee*) het herken dat hy met sy verrigting tot nou net ’n instrument geskep het vir die persoonlike verklaring. Sy kuns sal dood wees as hy hom nie meer daarvan kan afworstel nie, as hy dit net vir homself „koester,” as hy nie meer kan doen nie as om kleurrike kranse te vleg waarin net min van die groen lewe „verwunden” is (wat in Duits ook „oórkom” bedoel). Dis noodsaaklik om aan die „ek” ’n wrede ontkenning toe te sê, sodat hy nou tot almal kan spreek:

Die Blume, die ich mir am Fenster hege,
Verwahrt vorm Froste in der grauen Scherbe,
Betrübt mich nur trotz meiner guten Pflege
Und hängt das Haupt, als ob sie langsam sterbe.

Um ihrer frühern blühenden Geschicke
Erinnerung aus meinem Sinn zu merzen,
Erwähl ich scharfe Waffen und ich knicke
Die blasse Blume mit dem kranken Herzen.

Was soll sie nur zur Bitternis mir taugen?
Ich wünschte, dass vom Fenster sie verschwände . . .
Nun heb ich wieder meine leeren Augen
Und in die leere Nacht die leeren Hände.

In 1900 het hy die twyfelmoedigheid oorwin, die groot tree tot die objektiwiteit, van die persoonlike tot die algemene, tot die geestelike leiding gedoen, in die „Tapyt van die Lewe” (*Teppich des Lebens*). Daar verskyn vir hom in ’n voorspel sy engel („Und seine Stimme fast der meinen gleich” — „En sy stem het byna soos myne gelyk”), en leer hom in antwoord op sy ywerende, dringende, onstuimige gebede wat sy poësie in die toekoms moet wees:


Du wirst nicht mehr die lauten Fahrten preisen,
Wo falsche Flut gefährlich dich umstürmt
Und wo der Abgrund schroffe Felsen türmt,
Um deren Spitzen Himmels Adler kreisen.

„In hierdie eenvoudige streke” in Duitsland, aan die „lewensgroene stroom,” sal hy die „geheim” vind: die vernuwing van sy volk deur die aanmanende en tot insig roepende stem van die digter. ’n Nuwe selfvertroue vul die volgende gesange; die digter weet nou nie net van sy opdrag nie, maar glo ook aan sy mag om dit te vervul, „die oplossing te bring oor wie julle bepeins het.” Dit sal daarin bestaan dat hy die weinige wat reeds nou vir hom verstaan, om hom versamel en hulle leer om die nasie te leer:

Mit wenig Brüdern flieht die lauten Horden,
Eh eure Kraft verwelkt im kalten Gift,
Erbaut nach jungem Wunsch das Friedensstift
In einem stillen Tal für euren Orden.

(*Das Kloster*)

Dit sal bestaan in die afkeer van die werklikheid, in die toekeer tot ’n monnike lewe waarvan die arbeid aan hierdie verlange om te verbeter gewy is. En die heerlike einde, die uitkoms van ’n lewe van afswering en die pyne van onverstandigheid sal die vereniging van smart en vreugde wees:



AERT VAN DER NEER (1603-1677) : WINTERLANDSKAP
Eiendom van die Johannesburgse Kunsmuseum - Houthakkerersaandling.



All dies stürmt, reisst und schlägt, blitzt und brennt,
Eh für uns spät am Nacht-Firmament
Sich vereint schimmernd still Licht-Kleinod:
Glanz und Ruhm, Rausch und Qual, Traum und Tod.
(*Traum und Tod*)

Op hierdie program volg nou die opstel van die leerboek, en die laaste drie digbundels wat nog uit sy pen kom, bevat die drievuldige taak: eers roep hy die groot en voorbeeldige gestaltes van die wêreldgeskiedenis terug, die leraars; dan gee hy die reëls van die „orde” wat hy van hulle leerstellings aflei; en ten slotte, bou hy die visioen van ’n nuwe Duitsland op wat uit hulle navolging sal ontstaan.

Nog het sy gevoelde ideale nie ’n vaste gedagteomtrek gevind nie, as hy die wonder beleef om die engel in mensgestalte te ontmoet, wat Heliogabalus, die „Algabal” van sy vroegste poësie, net onvolkome daargestel het: daardie digter-priester wat (in George se opvatting) die korrupte materialisme van die oudwordende Rome net so tirannies en onmenslik uitgeroei het soos dit nou die korrupte materialisme van die uitgaande eeu nodig het. Drie jare lank, tot 1904, behoort ’n jongeling aan die kring wat George „Maximin” noem en wat vir hom tot sy plotselinge dood die waarlike beliggaming van die jong heldegod is, die platoniese ideaal van Eros. Wat hy vir George se kuns was, daarvan lê die majestieuse en in elke sin verhewe boek, die sewende, getuienis af, wat in 1907 verskyn, „Die sewende Ring” (*Der Siebte Ring*) aan George se lewensboom, en byna al die gedigte van sy sewe dele. Wat Maximin vir die kring was, dit sal, in ’n betere toekoms, die jong mans vir Duitsland wees, die nuwe elite wat uit die geesteloosheid tot die tradisie sal teruglei.

Die eerste gedigte van die bundel skets die groot mans van daardie tradisie wat, hoe verskillend hulle ook van mekaar gewees het, almal tog oor hul tyd heengesien en daarvoor met hul tyd in ’n botsing geraak het — die Hohenstaufen, Leo XIII, Dante, Goethe, Nietzsche. Dis verbasend hoe seker George op so ’n vroeë uur, so min jare na Nietzsche se dood, daardie man se grootte en mislukking herken het, selfs dit dat Nietzsche geen filosoof was nie maar ’n digter; en dis wonderlik hoe hy verstaan om hierdie insig in feestelike woorde te klee:

Erlöser du! Selbst der Unseligste —
Beladen mit der Wucht von welchen Losen

Hast du der Sehnsucht Land nie lächeln sehn?
Erschufst du Götter, nur um sie zu stürzen,
Nie einer Rast und eines Baues froh?
Du hast das Nächste in dir selbst getötet,
Um neu begehrend dann ihm nachzuzittern
Und aufzuschrein im Schmerz der Einsamkeit.

„Dit sou gesing — nie gespreek het nie, hierdie nuwe siel” — hy skyn nie te geraai het hoe dikwels daardie vonnis ook vir sy eie werk reg kon wees, hoe verwant hy aan Nietzsche ook daarin was nie.

Die verdere gedigte van die bundel het uit die ervaring met Maximin ontspring en, of hulle van sy lewe en dood sing of, as heeltemal eenvoudige liedere, van die herinnering spreek —

Nun klagt nicht mehr — denn auch ihr wart erkoren —
Dass eure Tage unerfüllt entschwebt . . .
Preist eure Stadt, die einen Gott geboren!
Preist eure Zeit, in der ein Gott gelebt!

— of, as reëls, aan sy vriende en lede van die kring gerig is —, so intensief was die ervaring, die lydensgeskiedenis van die jong held wat gees en siel en liggaam in hom verenig het, dat sommige gedigte werklik die doel van die simboliste byna bereik: om musiek te word, waarin die woord die alledaagse sin verloor en 'n nuwe een deur die klank wen:

Fenster, wo ich einst mit dir
Abends in die Landschaft sah,
Sind nun hell mit fremdem Licht.

Pfad noch läuft vom Tor, wo du
Standest, ohne umzuschauen,
Dann ins Tal hinunterbogst.

Bei der Kehr warf nochmals auf
Mond dein bleiches Angesicht . . .
Doch es war zu spät zum Ruf.

Dunkel — Schweigen — starre Luft
Sinkt wie damals um das Haus.
Alle Freude nahmst du mit.

Sewe jare gaan verby tot die volgende digbundel in 1914, die jaar van die oorlog, verskyn, „Die Ster van die Bond” (*Der Stern des Bundes*). Die liriese krag wat die meeste van die gedigte in die laaste versameling nog geopenbaar het, skyn nou die hoogtepunt te oorskry het, en in hierdie reëlboek vir die dissipels verbreed die didaktiese element hom reeds so dat menige gedigte onverstaanbaar vir buite-standers is, omdat hulle soms net gerymde instruksies, samevattinge van voorlesings is. Na die tweespraak met die dooie jongeling volg nou die aanspraak aan die lewendes wat in die heilige oorlog, wat hy sien kom, dieselfde weg mag gaan — sodat vir die hedendaagse leser skaars meer oorbly as die hartstogtelike verdoeming van sy tyd, waarvan die vorige bundel reeds gesê het:

Nur Niedre herrschen noch, die Edlen starben:
Verschwemmt ist Glaube und verdorrt ist Liebe . . .
(Das Zeitgedicht)

Nou kan hy daaroor duister en harde woorde sê soos hierdie:

Alles habend, alles wissend, seufzen sie:
„Karges Leben! Drang und Hunger überall!
Fülle fehlt!”

Speicher weiss ich über jedem Haus
Voll von Korn, das fliegt und neu sich häuft —
Keiner nimmt . . .

Keller unter jedem Hof, wo siegt
Und im Sand verströmt der Edelwein —
Keiner trinkt . . .

Tonnen puren Golds verstreut im Staub:
Volk in Lumpen streift es mit dem Saum —
Keiner sieht.

Hierdie hartstogtelike verdoeming het sy eie gevolgtrekking en oplossing: die oorlog sou ’n gemeenskap wat in gees, siel en liggaam ontaard het, deur bloederige offerandes weer tot ’n waardering van die lewe dwing. Nietzsche se waarskuwing was vir die wind:

Der Warner ging . . . Dem Rad, das niederrollt
Zur Leere, greift kein Arm mehr in die Speiche.

Sy eie waarskuwing was tevergeefs. Nou is daar slegs nog die „deurbraak” — wat ’n uitbreek sal word uit die oor-georganiseerde gemeenskap in die oor-georganiseerde instink:

Zehntausend muss der heilige Wahnsinn schlagen,
Zehntausend muss die heilige Seuche raffen,
Zehntausende der heilige Krieg.

Hy weet dat hierdie laaste hulpmiddel „waansin” is, maar dit duur lank totdat hy ook weet dat die offerande nie heilig, maar sin- en nutteloos is. Dit duur tot na sy laaste boek „Die Nuwe Ryk” (*Das Neue Reich*), wat eers tweemaal sewe jaar later, in 1928, verskyn — gedurende die ontnugtering na die verlore oorlog en die verlore vrede. Want ook daardie laaste woord van die digter hou volhardend aan die geloof vas dat uit die totale vernietiging van die hedendaagse beskawing ’n nuwe kultuur kon opstaan, dat straf en vergelding moet kom sodat goedheid en liefde weer kan intrek. Hy het so baie vriende in die oorlog verloor en vind aangrypende, weemoedige woorde in hierdie gedigte wat hy hulle in die graf naroep; maar hy deins nie vir die eis na algemene vernietiging terug nie, na die *Barbaar* wat in die langste en op sy manier grootste gedig die ou tempel verbrand:

„Ich bin gesandt mit Fackel und mit Stahl,
Dass ich euch härte; nicht dass ihr mich weicht.
Ihr wisst nicht, was euch nützt; ich muss euch rauben,
Verfallne, wenn ihr des euch nicht begehrt,
Was euch nur mehr erschlaft. So wills das Recht.”
(*Der Brand des Tempels*)

Nog glo hy aan die „reg” om wat verrot is, neer te stoot, want hy glo nog aan die regverdigheid, eerlikheid en tug van dié wat tot hierdie opdrag uitverkore sal wees; en hy glo nog dat daar ’n wedergeboorte sal wees:

Der Tempel brennt. Ein halbes Tausend-Jahr
Muss weiterrollen, bis er neu erstehe.

Maar dit is nie meer die geloof wat die twyfel nie ken nie; dit is net ’n vashou aan ’n hoop wat nie moet afgegee word nie, want anders sou sy eie strewe, sy sending ’n dwaling gewees het. Die twyfel wat reeds in vroeëre gedigte

(bv. in die lied *Die vreemde Vrou* in die *Tapyt van die Lewe*) hom deur 'n sluier aangekondig het, wen nou ruimte en mag. En die roerendste gedigte van die laaste bundel is juis sulke persoonlike bekentenisse, soos byvoorbeeld hierdie wat hy net eenvoudig „lied” noem, die lied van die kneg wat in die wonderwoud verdwaal is, die kneg wat dus die kunstenaar is en van wie die mense sê dat hy „mal” is:

Nur Kinder horchten seinem Lied
Und sassen oft zur Seit . . .
Sie sangens, als er lang schon tot,
Bis in die spätste Zeit.

As hy dit nie destyds geweet het nie, wat hy vyf jaar later, in die jaar van sy dood, herken het — dat die „Nuwe Ryk” waarvan hy gedroom en gesing het, nie daardie een was wat eendag van hom en van sy werk wou gebruik maak nie — dan het sy gedig dit onbewus reeds uitgespreek: wat vir hom nog oorgebly het was net die terugkeer uit die arena tot die kluisenaarsbestaan, was die sing van die intiemste leed en die wag vir die „seekind,” die ingewing, die vervulling vir homself — die altyd meer hopeloos wordende wag:

Mein Herd ist gut, mein Dach ist dicht,
Doch eine Freude wohnt dort nicht.
Die Netze hab ich all geflickt,
Und Küch und Kammer sind beschickt.

So sitz ich, wart ich auf dem Strand;
Die Schläfe pocht in meiner Hand:
Was hat mein ganzer Tag gefrommt,
Wenn heut das blonde Kind nicht kommt.

(*Seelied*)

Heeltemal op dieselfde manier het reeds eenmaal 'n groot politieke Duitse digter, Walther von der Vogelweide, met die wang in sy hand, gesit en sy noodlot beween: om nie in staat te wees om sy nasie te help nie, ten spyte van sy eerlikste strewes. Vir die digter wat uitgetrek het om 'n leier te word, bly op die einde nie meer maar ook nie minder nie oor as die pyn van die buitenstaander aan die rand van die gemeenskap. Maar dit is ook die verrukking van die onsterflike gedig, die voleinding wat hy in sy ideaal Maxim gesien en nou vir homself deur sy kuns bereik het. Sy

laaste gedig begin en eindig dus nog een keer met die invokasie van daardie ideaal:

Du blühend Reis vom edlen Stamme,
Du wie ein Quell geheim und schlicht,
Du schlank und rein wie eine Flamme,
Du wie der Morgen zart und licht.

Hierdie ervaring, hierdie vervulling hoef hy nie met ander te deel nie; dit is tenminste een aanwins in 'n lewe wat soveel meer geëis het. En die woord wat hierdie suiwerste gevoel hom gegee het, is ook ons beste aanwins. Is ons ook nie „kind” genoeg om by al wat hy sing, „aan sy sy te sit” nie, en kan ons hom ook nie van die gevolge van sy leerstellings in die werklike wêreld terwille van sy onskuldige gesindheid vryspreek nie — na sy „lied” sal ons tog werklik nog lank „luister” en sal dit self sing (en sou dit reeds weens sy ruisende musiek doen), nou as hy reeds „lankal dood is” — „tot in die laaste tyd.”

AANTEKENING: Stefan George se eiewyse skryfmanier, sy „doringdraad teen onbevoegdes,” is hier vir betere verstaanbaarheid nie in aanmerking geneem nie. In sy tekste, waarvoor hy selfs die lettertipe geskets het, word hoofletters net vir die aanvang van die reël gebruik, en ook spelling en interpunksie stem glad nie met die gewone reëls ooreen nie.

Francois J. Eybers

UITVLUG

Oor die veld het die Vryheid gekom tot my
om die knelling te breek en my gees te bevry
uit die angs en gestamp van die steedse gety,
die tiran wat ons bind in sy kerkers van klei;

want my gees vaar vanaand op die maat van die wind
en my hart is gestem soos die hart van 'n kind
wat sy vreugde en vrede daarbuite gaan vind,
waar die gannabos groei en die aanblom se geur
die Karoolug vervul wyl die sonlig aldeur,
met goudglans en amber die aandhemel kleur.

Oorwelwende golwe van pers sien ek kom;
in ferweelswarte nag hang die halfmaantjie krom
wyl sterlig die ruimtes deurskitter alom.

En 'n vredige vreugde deurhuiwer my nou,
want vergete is angste en arbeid en rou
en ek droom net van dae vol hemelse blou.

Uit die ruimte en stilte het vrede gekom
en my oë wil spreek wyl my lippe verstom;
want my Skepper, . . . Hy sien hoe ek hunker na Hom
as ek dank vir die rus, . . . vir die geur van 'n blom
en die sterlig daar bo, en die stilte alom.

Op die Berg

JAN SEBASTIAN RABIE

Die spoor het geëindig voor die wit skouer van die lug.

Toe Jon die treindeur agter hom toetrek en sy kop lig om te kyk, moes hy sy oë sluit voor die wit verblindende wat tot selfs in die rosige donker onder sy ooglede gedring het. Hoe skoon sal dit nie daarbo wees nie, het hy gedink, hoe silwer, silwer skoon! Hy het 'n wyle so met geslote oë bly staan en die fris berglug diep ingeasem voor hy na die uitgang gehaas het.

Sy mede-reisigers het oor die asfalt-perron gedam en mekaar verdruk om eerste die draaispil te bereik; hy moes wag. Ek sal nie in 'n groep opgaan nie, het hy onwillekeurig gedink, ek sal 'n gids vir my alleen kry. Terwyl hy sy gesig weer na die berg draai, het hy gevoel asof iemand hom aankyk en toe gesien hoe 'n man hom staan en beskou van voor 'n plakkaat van 'n baaikostuum-skoonheid op ski's. Alhoewel die man 'n algehele vreemdeling was, was daar iets in sy vierkantige gesig wat Jon laat wonder het waar hy hom al vantevore gesien het. Toe sy beurt kom om die draaispil te passeer, het hy vermoed dat die vreemdeling hom volg, maar tog gehuiwer om om te kyk en seker te maak.

In die eerste die beste hotel het hy sy rugsak agtergelaat en toe die dorp in gegaan.

Terwyl daar net een teenwoordigheid, die berg, die een magtige stoot van rots en ewige sneeu in die hele vallei was, het die dorp vir hom voorgekom as 'n opsigtige menslike poging om dit te ontken. Weerskante van die hoofstraat was daar raserige jazz-kroeë en souvenir-winkels met toonbanke tot op die sypaadjies waar toeriste rondom die stapels buitengewoon lelike en nuttelose voorwerpe geswarm, en op straathoeke waar 'n verskiet van sneeuige hoogte as agtergrond kon dien, oordrewe verspot voor fotograawe hurkend onder swart doeke poseer het.

Jon was onbeleefd teenoor die vyfde persoon wat pos-

kaarte aan hom wou verkoop. Hy het 'n brug oor 'n melkgroen bergstroom oorkruis en die stiller kafee aan die anderkant binnegegaan.

Wyl hy by die kroegbank staan, het 'n man hom genader. Hy het meer ongemaklik as verbaasd gevoel toe hy die man van die stasie herken.

„Alles is gereed om môre-oggend vroeg te kan begin,” het die kêrel dadelik kort-af gesê. Hy was 'n man van soliede, middelmatige bou, jonk nog, met 'n skerp, reguit blik en 'n gewoonte van sy onderlip opsuig wat hom die voorkome van koppige, byna selfgeregtigde norsheid gegee het. Jon het gestaar.

„Maar hoe . . . Ja, my plan was om die klim môre te begin . . .”

„Goed,” het die man hom onderbreek, „laat ons die besonderhede reël, ek is 'n bietjie haastig.”

Sy oë het sonder vriendelikheid op Jon gerus.

„Maar derduiwel!” moes Jon uitroep, „laat my eers op hoogte van sake kom! Jy . . . jy's 'n gids, nie waar nie, 'n regtige berggids?”

„Tot u diens,” het die man laat hoor. En hy het 'n offisiële dokument voor die dag gehaal: lidmaatskap en reëls vir gidse.

„Ag ja. Verskoon my . . .”

Weereens het die kêrel hom onderbreek om te verneem hoe dit met sy berg-uitrusting gesteld was. Hy het sy gevoude arms op die toonbank geleun en die saak geheel in sy hande geneem. „Môre-oggend sesuur, tot dan,” het hy beslis gesê. „Jy moet nog 'n donker sneeu-bril koop. Ek sal ekstra skoen-ysters en 'n yspik bring.” Hy het sy hand uitgehou. „Ek moet gaan. Onthou nou om lig te pak. En moenie die warmwaterfles vergeet nie.”

Jon het hom met 'n onthutste glimlaggie agterna bly staar. Nie alleen het die kêrel veronderstel dat hy die berg alleen wou bestyg nie, maar hy het hom ook soos 'n stout seun behandel . . .

Na die aandete het hy voor sy hotelvenster gestaan en kyk hoe die romantiese sekelmaan probeer om homself bo die magtige pieke uit te hys. Die laaste daglig het gefaal, maar toe het die dof-blou glans op die sneeu-hange verander tot 'n spookagtige straling maankoue lig. Dit was koud. Hy het geril, en beide hande geklem by die gedagte: Môre moet mooi-weer wees, moet, moet wees. Terwyl hy hom ontklee, moes hy weer aan die eienaardige gids dink. Selfs toe hy met geslote oë in die bed lê, was hy nog bewus van die glinstering wat van die vensterkant kom. Die gedagte het

volhard: As ek die pad self geken het, sou ek nie met daardie gids opgegaan het nie, maar alleen . . .

Reeds was die sweefspoor en die laaste koeiklokgeklingel agter hulle, en het die vallei 'n diepte geword, 'n arendsblik op 'n wêreld verkrimp tot 'n klein, plat landkaart. En reeds was daar die eerste klompe sneeu op graspolle en teen rotse, vlokkig en glipperig koud onder die vingers.

Jon se vuus het gebal oor die handvol wat hy opgetel het; dan was dit 'n hart wat ysige kloppinge opstuur in sy pols, sy arm. Sneeu. Hulle het die sneeu-grens bereik. Hoër-op sou dit knie-diep lê, nog skoner, ongesmelt en maagdelik wit. Wyl hy skamerig glimlag en sy kop effens skuins draai, het hy die sneeuhart na sy mond gebring, en dit met die warmte van sy tong en lippe gesuig.

„Ek sal jou aanraai om nie sneeu te eet nie. Nie hier nie.” Die gids het beslis en sonder emosie gepraat. Sy blondrooi kop was afgebuig na die hoogtemeter naas die horlosie op sy linkerpols.

„5,900 voet, dus nog byna 10,000 voor ons,” het hy aangekondig, en die opwaartse spoor begin trap sonder om om te sien of Jon volg. Plek-plek was die sneeu vuil en plat-getrap asof veel mense daar rondgestaan het, maar andersins was daar net een enkele ry voetspore waarin die gids noukeurig bly trap het.

„Asof 'n mens 'n berg soos hierdie in voete bereken!” het Jon gedink. Hy sou kon roep en sing met die bruisende lewe in sy bors, en met die wyse waarop hy kort op die hakke van die gids trap, het hy getoon dat die klim glad te stadig vir hom was. Dit was helder, lieflike weer. Die son het warm uit 'n verwonderlik bloue hemel geskyn.

Die sneeu het dieper begin lê. Toe hulle teen 'n helling na 'n soort gelykte opsirkel, het hulle 'n afdalende groep ontmoet, drie persone in heldergeel woltruie. Hulle het opsygestaan sodat die gids en Jon kon verbykom: die twee mans vooraan met ski's op hul skouers het sonder om Jon aan te kyk, voortgegaan met 'n heftige argument in 'n taal wat vir hom vreemd was; alleen die vrou wat soos 'n sagte, breë teddie-beer daaruitgesien het, het half vriendelik, half versteurd teen hom geglimlag. In die verte kon hul ander ski-lopers sien spoed teen 'n helling wat knap na die suide afglooi. Van so ver weg gesien, het hulle gelyk soos klein swaweltjies wat moeiteloos rakelings skeer oor 'n groot wit brander skuim.

Die spoor het teen 'n nuwe helling, steiler dan tot dusver, opgelei. Die sneeu was minder vertrap, en die ry spore waarin hul stewels tot by die enkels ingesak het, het 'n blou

glans en 'n harde korrelrige kors 'n paar dae oud vertoon.

Die hitte was regtig drukkend. Daar was geen wind nie, en die son het regaf gestee en die koue plat op die aarde gehou. Jon kon hom nie daaraan gewen dat terwyl sy nek en bors nat van die sweet was, 'n koue prikkeling uit die buurt van sy tone en enkels begin opsyfer het nie.

Meteens was daar 'n dondering en kraak soos van magtige spiere wat losskeur, weer, en weer, en dan 'n sagter wordende narommeling, 'n wegsterwe in eggo's in. Jon het gespanne agter die gids stilgestaan.

„Wat was dit?”

„'n Sneeuval.” Ver op na bo in die gletser van 'n sykloof het iets wit soos mis teen die lug gestaan, en het die oog losgeskeurde ysmassas meen te bespeur. Jon se hande het 'n sigaret en vuurhoutjies uit sy sak gesukkel.

„'n Slegte teken.” Die gids het omgedraai en Jon met sy somber, deurdringende oë aangekyk.

„Jy rook?”

„Waarom nie!”

Die gids het nie geantwoord nie. Hy het sy yspik eenmaal in die sneeu ingekap, sy skouers opgetrek en dan weer die klim hervat.

Die lug was beslis te dun vir rook. Jon het byna op die tweede inhaal gestik, en toe hy bewus word van die dorstige droogheid in sy keel, het hy die sigaret humeurig weggegooi. Hy het weer kort op die gids se hakke gehou en gedink: Die kêrel is onbeleefd, asof hy dit laak dat ek die berg kom klim het!

Waar die spoor 'n draai maak, het hy verbygestee en 'n wyle voorgebly totdat hy onverwags sywaarts in diep vals sneeu getrap en op sy sy omgeval het. Die gids het weer gelei. Wyl hy wys na waar ander voor hulle die berg uitgegaan het, het hy effens spottend gesê:

„Dis nodig om die spore te volg.”

'n Bietjie later het hy omgekyk.

„Jy is nie moeg nie?”

„Nee.”

Hierna het die gids vinniger geklim, miskien omrede die toon waarop Jon geantwoord het. Met hardnekkige trots het Jon altyd net agter hom gebly, en roekeloos geklim in die sneeu wat sag en klouend om sy enkels geopen het. Sy asemhaling het versnel, maar sy longe het reeds nie meer genoeg van die dun lug gekry nie. Dit het ongemerk snel koud geword; die son was laag agter sy skouers asof hulle daar bokant uitgeklim het. Hy het homself weer betrap op te dink dat die gids onwillig is om hom die berg uit te

neem. Maar waarom het hy dan sy dienste aangebied? Die gedagte het hom lus gemaak om kwaad te lag: 'n rare gids.

By 'n eiland swart rotse het die gids gaan staan. Jon se hart het woes geklop toe hy merk dat sy asem ook hyg. Hulle het mekaar nie aangekyk nie.

„Dis nodig om iets te eet,” het die gids gesê. „Dis drieuur nou, en dis nog 'n kwaai klim tot by die berghut.”

Hy het sy pak afgeswaai en die brood en kaas begin verdeel en tee in 'n aluminium-doppie geskink. Hy het sy onderlip opgetrek asof van onverskilligheid, maar dit was merkwaardig met hoe 'n sorgvuldigheid hy dié eenvoudige handeling verrig het.

„Ons is 9,000 voet verby,” het hy aan die lug vertel.

Jon moes teen 'n rots steun voor hy op sy rugsak kon gaan sit. Hy het in stilte geëet; sy stem het klein en verlore uit sy mond ontsnap toe hy vra:

„Wanneer begin die ys?”

„Nie gou nie. Dis sneeu heelpad tot by die hut, dit wil sê tot ongeveer 13,000 voet. Ons het die skoeneysters nog nie nodig nie.”

Die gids het die sin ligweg geëindig, asof hy gepraat het van iets wat nog ver in die toekoms voorlê en miskien nooit verwerklik sal word nie. Jon het vinnig weggekyk toe hy besef dat hy besig was om sy gesê tersluiks dop te hou.

Rondom hulle, na alle kante, het die grootse sneeulandskap gestrek. Drie kleure alleen. Eenvormig, hard en plat uitgestryk soos linne was die blou van die lug en die wit van die sneeu; en die enkele onverdrinkte rotsgrate het skrikwekkend nakend swart uit die wit vlees van die berg omhooggesteek. Wit, blou, swart, onpersoonlik orals. En net een ry diep getrapte spore het afgelei na die vallei, versluier onder blouige namiddag-mis, en opgelei na die kruin wat nog steeds onsigbaar asof vanweë te veel helderheid was, en onmenslik wit en koud sou wees.

Terwyl hy opkyk na bo, het Jon 'n klein swart gestalte gesien groter word. 'n Mens. Hy het sy donker bril afgehaal, maar die skielike skerp gloed het hom dit onmiddelik weer laat opsit.

Die gids het opgestaan en die droë sneeukorrels van sy handskoene en fluweelbroek gestof. Jon se kakebeen was aan die ruk van die koue. „Kom,” het die gids grimmig gesê, „Ons moet bly beweeg.”

'n Endjie verder het hulle die afdalende persoon ontmoet. Dit was 'n donker bebaarde man met 'n pelsbaadjie wat hom soos 'n harige beer laat lyk het; hy het „Dag” gebrom soos 'n eienaar oortreders op sy land verkla. Hy het sy hand

na die gids uitgehou wyl hy sy gesig swaarmoedig weer berekenend lugwaarts draai. Toe het hy sy kop kortaf Jon se kant toe geknik.

„Luister, ek gaan af dorp toe om voorrade in te koop en sal 'n dag of twee wegbly. Maar Anna is nog daar. Kyk dat sy nie in moeilikheid beland nie.”

„Maar natuurlik!” Die gids se blouige onderlip het met 'n stywe ruk opgestoot tot dit sy koue verrooide neus raak.

Die groot behandskoende hand het weer vanuit die harige mou gereik, en dan het hy met lang wiegende tree verby hulle afgedaal en kleiner geword, 'n stippel in die sneeu.

„Wie is hy?”

Jon het getrappel om die ergernis in sy stem te versteek en 'n mondvul asem geblaas wat hom aan 'n wolk rook laat dink het. Asof hy 'n vuur binne hom had.

„Die hutwagter.”

Dit was die laaste woorde wat hulle tydens die klim gewissel het. Vir 'n tyd wat vir Jon 'n ewigheid geskyn het, het tree op tree gevolg, en het sneehang na sneehang hulself openbaar as net die begin van verdere, onoorwonne marteling. Hy het die bewegings van sy loodswaar bene oplik-en-neersit, van vorentoe teen die helling buk, en van op sy yspik en linkerhand leun as sy voete uitgly, — het hierdie eentonig eenselwige bewegings eindeloos oor en oor in die barre eindelose sneeu herhaal totdat hy by die laaste uitgeputte grens van sy uithouvermoë was. Soms het die gids omgekyk om te sien hoe hy vorder, maar altyd sonder 'n woord; dan het Jon se bevrore lippe geroer in die geluidlose fluister: Waar hy kan, kan ek.

Van die pad kon hy nie veel bemark nie; as eentonigheid uitputtend was, kon hy alleen eentonigheid vanuit sy uitputting raaksien. Maar eenmaal het sy aandag ontwaak tot 'n helderheid wat soos koors gebrand het. Hulle was op die eerste ys. Aan die sorg waarmee die gids trappies in 'n effens bolvormige lyn uitgekap en sy voete tree vir tree geplaas het, het Jon geweet dat hulle 'n gletser oorkruis. Hy het die tou wat hom aan die gids verbind, styf vasgehou en gehoor hoe yssplinters blikkerig af teen die glasige steilte rinkel-skuuwe. Ietwat later het hy geweet dat hy geval het en voluitgestrek lê in die sneeu, dit bly geweet en met 'n sluwe, innerlike laggie gedink dat hy nog nooit waarlik diepe slaap geken het nie. Net die vrees dat die gids kon omkyk en hom so sien lê, het hom weer opgejaag. Maar daardie paar sekondes van swakheid het lang minute gevul, gelyk of dit vol lang en ryk betekenis is.

Vir die laaste ewigheid het hulle byna loodreg hemelwaarts geworstel. Hy het homself opgesleep aan punte rots wat sy hande en knieë verwond het. Toe was daar meteens 'n golwende wit vlakke, aand in ontsettende purper dieptes en 'n bergpunt half begrawe onder sneeu. So skoon en streng en wild-pragtig en so absoluut vooruit-onverbeeldbaar dat 'n verrukking soos naalde pyn in sy oë gestee het.

Die gids het voor hom kom staan en hy het hom hoor sê: „Jy klim goed.” Maar hy het die woorde nie as lof aange neem nie, hy het net na die asemstote van die man geluister en gewonder om watter rede hy dit gesê het. Hy was nie bewus van moegheid nie. Êrens was ekstase; dit sou brand soos 'n son in sy bors as hy maar net alles tegelyk kon sien en voel en begryp. Die gids het die drie houttrappies bestyg, die houtdeur oopgestoot. Sneeu, het Jon gedink en na binne gegaan.

Een deur het uit die kort gang na die gastekamer vol kombes-bestapelde bedde gelei, en 'n ander na die kombuis. Dit het die gewone hout berghutmeubels en 'n groot ysterstoof bevat. Die venster was klein en naby die lae dak; die stoof met sy rooi vuur het geheers tussen die houtmure.

Die vrou Anna het drie komme stomende sop uit die koperpot geskep. Sy het 'n voorskoot om haar sterk, landelike liggaam gehad, en terwyl sy buk oor die stoof, het die opskietende vlamme die ronde stewige vorme van haar arms en wange verlig. Van die stewels en sokkies langs die stoof het rookwolgies opgetrek; 'n warm damp het in die kamer gehang, 'n smeulende, toe ruik van vuur versprei in stomende sokkies, kos en nabye vroueklere. Die ruik van die vrou Anna. Sy het 'n bank nader aan die vuur getrek en „Kom” gesê.

Ten spyte van die goeie kos en die tablet wat die gids hom laat sluk het, wou Jon se hoofpyn en duiseligheid hom nie verlaat nie. 'n Oomblik het hy die vrou se gretige uitvra oor haar vriende in die vallei probeer volg, maar langsaam verval in 'n sufheid van alleen staan en sien hoe die vuurglinsteringe dans oor haar lyf as sy lag. Sy twee geselle het skynbaar van hom vergeet; net af en toe het die vrou sonder waarskuwing verstil en hom van die kant beskou.

Na die maal het hy homself aan die tuur deur die bleekgevroesde ruitjie bevind. Buite was 'n hemel oorswerm deur sterre.

„Môre moet dit mooiweer wees,” het hy gesê.

„Wag tot jy so lank soos ek hier gewees het, dan sal jy nie meer veel omgee of dit sneeu of sonskyn nie,” het die

vrou laat hoor. En sy het moederlik toegeeflik teen hom geglimlag.

Hy het terug geglimlag, en toe gefrons.

„Maar wat dink jy?” Hy het die gids angstig dringend aangekyk. „Die lug is vol sterre.”

Die gids het nie na Jon gekyk nie, maar na sy hande wat 'n sigaret onhandig rol. „Ek dink ons kan mooiweer verwag.” Hy het sy bene nader aan die vuur gestrek en van somber behaaglikheid gesug, voor hy byvoeg:

„As dit maar net nie so warm gewees het vandag nie.”

Die vrou het opgestaan om die teepot met water uit die singende ketel te vul. „Ag, ja.” Sy het luid met die koppies gekletter. „Wanneer moet ek julle roep?”

„Vieruur op sy laaste, voor dit lig word.” En die gids het voortgepraat oor warm flou tee en sy hoogtemeter en die riem van sy yspik . . . Maar sy onvriendelikheid teenoor Jon was nie minder nie, en Jon het hom verbeel dat die vrou ook 'n sekere vyandigheid toon. Hy het die mislikheid sterker as vantevore gevoel, nou vermeng met vlae eensame treurigheid wat deur hom soos gewebde stekies wind oor water geyl het. Hy het opgestaan.

„Goeienag,” het hy gesê, onseker waarom sy stemklank so versigtig was, en die ysige gang binne gegaan. 'n Oomblik het hy rillend gehuiwer. Sy tande het gekners toe hy teen die buitedeur stoot: nag het verskyn soos 'n blaar wat bleek omdraai. Die sneeu het geglinster in bleek, minerale skemering; die bestêrde lug was sonder selfs die skim van 'n wolk; en uit die persgrou afgrond het kolonies vuurvliegies die teenwoordigheid van dorpe en gehuggies onder in die vallei knipperend opgesien. Maar bowe-al was dit stil en koud. Terwyl hy met sy hele wese beur om te reik na die ekstase wat sekerlik êrens naby in die onaardse nag bestaan, het hy gestaan en ril, meer en meer ruk-bewend van die afgryslike koue. Buite die warm hut was daar niks behalwe stilte en onmenslike koue nie . . .

Hy het meteens omgedraai, die deur toegestoei oor die ys-gekorste drempel en die ander kamer binnegegan. Op die eerste bed waarteen hy aangestrompel het, het hy neergeval, net sy skoene uitgetrek en komberse oor hom opgehoop. Dan het hy roerloos gelê en wag dat die koue uit sy bene kon dooi . . . Die verwarde gemurmur van stemme in die kombuis het voortgeduur tot die gids ook kom inkruip het. Van onder die kombuisdeur het 'n strepie rooi vuurskynsel bly skyn . . .

Daar was 'n gewig wat hom vasdruk, warm en byna aangenaam. Toe 'n bleekheid wat die venster moes wees, en

vae herinnering dat hy geluide soos voetstappe en fluisteringe in sy slaap gehoor het. Twee beddens weg van syne het 'n hopie komberse die slapende gids verraai. Hy het sy arm onder die komberse uitgeruk, sy pols naby sy oë gehou en gesien dat dit kwart-oor-vyf was. Waarom het hulle hom dan nie geroep nie?

Hy het uit die bed en asof in yskoue water gesprong om sy gesig teen die venstertjie te gaan druk. Buite was alles 'n eenvormige gryswit. Of sou die ruit toegevries wees? Terselfdertyd het hy besef dat die trilling en susing waaraan hy reeds in sy slaap gewoon moes geword het, 'n geluid soos die van wind was, 'n kragtige, aanhoudende geluid soos wind.

Hy het haastig 'n kombers om hom gedraai. Toe hy die deur agter die gang oopstoot, het 'n wolk wit poeier soos 'n sweep in sy gesig geslaan. Sneeu. 'n Maling sneeu, droog en fyn soos glaspoeier, in alle waansinnige rigtinge gesmyt deur 'n stormwind wat koud soos 'n doodasem gehuil en gegil het. As hy nie aan die deur vasgeklou het nie, sou daar geen lug of aarde gewees het nie, net sneeu, van bo en van onder opgeswiep, woes orals deurmekaar gejaag in 'n maling verblindende, swepende wit.

Dit was onmoontlik om die koue 'n oomblik langer te verdra, maar voor hy terugvlug het hy gevloek met sy kop pateties omhooggedraai en sy mond vol sneeu.

Hy moes terugkeer na sy bed en komberse. Hy het nie weer ingesluimer en nie weer warm geword nie, maar siek gelê en luister na die storm. Toe die vrou met 'n fles warm tee kom, het hy haar triestig meegedeel:

„Dit sneeu.”

Van onder sy komberse het die gids gebrom: „Die gebeur soms.” En 'n tydjie later, toe Jon nog steeds geswyg het: „Al wat ons kan doen, is om te wag en te sien of dit nie opklaar nie. Soms duur so 'n storm weke, soms net 'n paar uur.”

Die weer het nie opgeklaar nie. Die vrou was onophoudelik doenig in die hut, en wanneer Jon in haar pad gekom het, is hy ontstel deur die glimlaggie wat hy op haar gesig meen te bespeur het. Al die tyd het die gids geduldig by 'n houttafeltjie gesit en speel, sy pelskraag tot oor sy ore opgetrek en sy hande geduldig en eentonig besig om die speelkaarte om te draai. Buite het die wind by tye huilend aan die hut geruk; en soms, blitssnel, het die newels oopgeskeur om 'n verwese son te laat deurskyn. Dan het die gordyn weer grys toegewarrel. Jon was moeg van rond-



ADRIAEN VAN DE VELDE (1636-1672): GESINSPORTRET
IN LANDSKAP

Eiendom van Rijksmuseum, Amsterdam. Uitgestal in Johannesburg, April-Mei 1952.

dwaal van die venster na die stoof, van die stoof na die deur. En bowe-al was hy moeg van hoop.

Hy het sienloos voor die venster gestaan en wonder waar hy vantevore 'n man wat soos die gids lyk, gesien het, toe hy skielik 'n gebeurtenis uit sy kinderjare weer koorsig herlewe, die gewentensvolle angs van daardie dag toe 'n lelike ou dame hom lekkers aangebied en hy dit skreeuend en skoppend geweier en sy vader hom daar oor geslaan het. 'n Bietjie later in die kombuis waar hy neerslagtig na die vuur gestaar het sonder om dit regtig te sien, het die gevoel van daardie herinnering verhewig teruggekeer, maar hierdie keer verbonde aan die feit dat die vrou Anna êrens in die kamer was sonder om 'n geluid te maak. In 'n skielik vreesagtige beskaming wat hy hulpeloos was om te beveg of te begryp, moes hy neerbuk voor die stoof en sy hande na die mompelende mond van die vuur uithou, en so, sonder om om te kyk na haar, bly hurk tot sy weer agter hom beweeg en die geluide wat sy maak hom vertel het wat sy doen.

Toe sy horlosie middag wys, het hy homself voor die gids geplant en gesê: „Ek kan nie langer wag nie. Ons moet probeer. Jy sien tog self hoe die weer elkemaal lank genoeg kansgee om die pad te kan sien.

„Onmoontlik,” het die gids somber laat hoor, en 'n nuwe kaart omgedraai.

„Ek het gekom om die berg te klim, storm of nie storm nie!” het Jon almeteens vorentoe bukkend uitgeroep. „Ek gaan nie vir niks omdraai nie, hoor jy! Nie sonder om tenminste te *probeer* nie!”

Die gids het langsaam in Jon se gesig opgekyk. „Jy's 'n dwase kind,” het hy met oortuiging gesê. „Wil jy ons na ons dood toe laat gaan?”

Verwond deur die woorde, bewend met behoefte om te verduidelik hoe veel meer dan net die blote klim van die berg dit vir hom beteken, en terwyl hy teen sy sin in die gids se flikkerlose blou oë kyk, kon Jon tog nie 'n woord uitkry nie. En omdat hy dit nie kon sê nie, omdat die gids reg was, juis omrede die magteloosheid in hom, het hy nou geweet dat hy die gids haat.

Skielik het die gids se stoel agteruit geknars. Sy gesig streng geslote asof om 'n onwelkome hartstog te versteek, het hy grimmig gesê: „Nou goed, kom ons gaan kyk hoe lyk dit buitekant! Ek beloof jou jy sal dit nie gou weer vergeet nie!”

Hy het sy rugsak oopgeruk en 'n paar skoenysters voor Jon gegooi. Onmiddellik na die dowwe geluid het die vrou

die middel-deur geopen. Haar hande het opgeskrik na haar bors, maar sy het geen aanmerking gewaag nie. Terwyl sy weer langsaam na die kombuis terugdraai, het sy net gesê: „Die kos is op die tafel.”

Die gids het orent gekom. „Laat staan. Laat ons eers gaan eet.” Jon het gehoorsaam, en skielik, met 'n enkele rilling wat soos 'n sterk hand oor sy rug gestryk het, het hy gesien hoe die gids op hom toekom en hoe stil hy sy kop hou toe hy sê:

„Jy dwing my om jou soos 'n kind te behandel. Laat my jou vertel dat jou romantiese idees oor berge dodelik kan wees. Vir jou. Vir my. Jy besef nie dat hier geen paaie, geen strate is nie . . .” hy het die woorde brutaal beklemtoon — „dat gidse selfs in die mooiste weer nodig is . . . En vandag, met hierdie koue duime onderkant vriespunt, met 'n wind van 80 per uur wat enige oomblik uit enige rigting kan kom, en geen uitsig hoegenaamd nie! . . . Maar laat ons gaan kyk! Ek sal my plig doen sover dit menslik moontlik is . . .”

Hy het verstil. Buite het die storm rukkend gehuil.

Jon se stem het gestyg toe hy sê: „Jy skyn geen liefde vir die berg te hê nie.”

„Ek weet wanneer om dit te vrees! Die gids het sy onderlip vreemd opgestoot voor hy bygevoeg het: „Ek is jou gids. Ek is jarelank gids. Ek het al sterk mans gesien huil van omag en vernedering hier in die sneeu . . .”

Gelyktydig het hulle na die kombuis begin beweeg. 'n Vlaag sneeu luider as gewoonlik het aan die gangdeur gegryp, en dadelik het 'n gevoel van hoogte en van die groot wit leegte buite die dun plankmure duiselend in Jon geroer. Vir die eerste maal was hy regtig bang, blindelings, met die lewensinstink wat vergeefsheid en beperking ken, en alleen daarop uit is om die liggaam se bietjie hitte binne sy slanke mure vlees te bewaar. En nou het hy ook duister geweet hoe hy aan die gids verbonde was juis binne hierdie vrees wat aangetrokkenheid en afkeer onverbiddelik saam-verbonde was.

Wyl hulle die kombuis met sy vriendelike hitte binnegaan, betrap hy homself daarop dat hy die gids se geslote gesig van die kant aanstaar. Die vrou Anna het oor hulle gebuig om hul borde tot aan die rand vol spek en bone te skep; haar gesig was nors, maar haar bewegings nou byna skugter, meer ingehoue as tevore. Sy het aangedring dat Jon weereens neem; haar welgevormde arms had die ingetoë welwillendheid van 'n moeder wat slaap en rus op sy bord uitskep . . .

Na skaars vyf treë vooroorgebuig teen die wind en die horisontale sny van die sneeu, het die hut verdwyn en was hulle verlore in die wit duisternis. Jon kon net die mond, neus en donker bril in die gids se gesig uitken, die res was 'n pelsige dierige massa net soos die lyf. By 'n sneeurug waar hy op hande en kniëe moes kruip om nie deur die wind omgeruk te word nie, het hy steunend geblaf: „Weuh, weuh, ek's 'n hond, ek's 'n beer.”

Maar dit was nie die plek vir histeriese pret nie: hy moes al sy energie inspan om asem te kan haal. Die lug was so dun dat sy longe woens moes werk, en die enigste manier om die lug uit die hemel van jaende sneeu te kry, was om sy gesig af op sy bors te druk en deur sy hand of deur die pels van sy baadjie asem te haal. Steil was dit nie juis nie, en die koue draaglik solank hy bly beweeg, maar elke tree, elke asemtrek het 'n ko-ordinasie van wil en spiere en 'n beheer oor die sintuie vereis wat meer moordend en uitputtend as die vyandskap van die elemente was.

Sneeu het tot agter sy sneeubril begin inslaan en sy oë met splinters koue verblind; hy het geruk van skrik toe die gids reg langs hom opdoem en skreeu:

„Die vars sneeu op die ys is lelik! Dit sal nie lank duur voor ons spore toegeval sal wees nie! Hy het Jon aangekyk. Toe het hy weer vorentoe langs die naaldrug van die helling opgebuk.

Onverwags snel was daar geen wind, geen sneeu meer nie, geen grys sirkelvormige tronk wat saam met hulle loop nie; die landskap het ongelooflik vinnig oopgerol; nog net dun mislierte het oor die lug geswaai; en 'n wêreld van skitterende wit het voor en om hul gelê: brose kapokwol en dons en kristal en alabaster blomblaarvorme deurstraal met 'n louter magie van lig, golwing na golwing aan die een kant in die amfiteater van 'n gletser af en aan die ander kant opgeplooi tot 'n koepel van magistrale, vleklose skoonheid. Die son het deurgebreek, en soos met 'n towerslag het die sneeu begin sprankel en skuim om die hoë koepel wat gegloei het soos 'n altaar brandend met onaardse suiwer vuur.

Jon het sy sneeubril afgeruk om dit te sien soos dit werklik was, maar die wit glorie daarvan het sy oë met een slag verblind, en hom gedwing om die beskermende donker glase onmiddellik weer op te sit.

„Is dit die kruin?” het hy gehyg.

„Nee. 'n Voorpiek. Ons pad lê reg voor.”

'n Rimpel het aangegroei op die gids se voorhoof terwyl hy ook bewegingloos staan en staar. Toe het hy met 'n

ruk afgebuig en 'n handvol sneeu opgetel om dit met 'n sorgvuldige en tog afwesige blik te bestudeer.

„As ons nou verder gaan, sal omdraai nie meer moontlik wees nie,” het hy op laas sag gesê.

Terwyl hy nog verby die gids na die onaardse openbaring van die sneeu staan en staar, het Jon alleen die laaste woorde gesnap, en roekeloos en verlate gewet dat ,nie meer kan omdraai nie' die punt was wat bereik moes word.

Die gids het die sneeu uit sy hand laat gly en omgedraai. Die hut was net 50 tree weg, belaglik naby op die rand van die blou lug en die wit sneeu.

„Maar man, kyk, die son skyn dan!” het Jon geskreeu.

„Wanneer die weer soos vandag is, is 'n mens so hulpeloos soos 'n pasgebore babatjie; dis onmoontlik om verder te gaan,” het die gids sag soos vantevore gesê.

Wyl hy nog praat, het skaduwees snel oor die lug geskiet en het die grys rondedans weer om hulle toegeslaan. Maar met 'n geheimsinnige gril van die berg was 'n sagte, skaars asemende luggie nou die enigste wind. Dit was spookagtig om die sneeu fyn soos stof te sien roer en warrel en tog geen geluid te hoor nie. 'n Vreemde, bange vyandigheid het besit geneem van Jon waar hy langs die gids in die doodse stilte van die sneeu gestaan het; hulle was skrikwekkend alleen daar bymekaar.

Almeteens het die gids sy arm opgeruk na Jon se skouer. „Ek verstaan jou,” het hy vanweë die sneeu met die warm nabyheid van sy mond dig by Jon se oor gesê. „Maar verdergaan is doodgewoon selfmoord. Vir ons albei. Want as jy nou verder gaan, sleep jy my ook saam met jou na dieselfde lot. Ek is jou gids. Jy het miskien die reg om oor jou eie lewe te beskik, maar hier waar ons vir mekaar verantwoordelik is, het jy geen reg oor myne nie. Dis jou plig en verantwoordelikheid teenoor my om nou om te draai . . .”

Bewegingloos daar in die neersiftende sneeu het Jon die onverbiddelelike gesonde verstand van die woorde erken. Maar terselfdertyd het opstand en wilde, doelbewuste onbegrype na sy hoof gestorm.

„Nee!” het hy geroep en losgeveg van sy gesê se arm, „Ek is nie vasgebind aan jou nie! Ek het jou nooit gevra om my gids te wees nie!”

Skielike woede het die gids se ken skeef sywaarts opgeruk en sy oogappels wild uitgedruk toe hy bulder: „Ek verbied jou!”

Jon het teruggewyk van die gesig so na aan syne gestoot. En nou het sy begrype geskreeu waarom die gids se gesig bekend voorgekom het. Hierdie dun-lip gesig van ontken-

ning en plig het hy vantevore al gesien, hy het dit gesien in 'n aand toe 'n swartgeklede man oor 'n klein seuntjie getoring het, hy het dit tallose veranderende vorme deur sy dae en drome sien aanneem, maar altyd het hierdie woorde weerklink: Dis onmoontlik! Ek verbied jou! En oombliklik het dit in hom opgesteier tot die waansin-spits van dink: Ek kan myself vernietig as ek hom saam met my vernietig; en het hy woes gestotter-skreeu: „Ek het jou nooit gevra nie! . . .” en wyl hy sneeu uit sy mond spoeg, blindelings voorwaarts gebreek en teen 'n helling uit gespartel en geklou, weg in die sneeu wat verraderlik sag op die berg se bevrore hart gelê het.

Maar na daardie skeurende oomblik het dit koud en stil van vrees in hom geword. Hy het homself, gesig na vore, in 'n valsdrif sagte smorende sneeu voel val. Rukkend aan sy bril om sy verblinde oë te bevry, het hy verder voorwaarts geworstel. Ek moet langsaam gaan, het hy homself vertel, ek moet die gids vergeet, ek moet kalm bly, kalm bly, ek is alleen nou. Ek moet diep spore trap. Ek moet reguit loop. Hy het afgetuur om te sien watter rigting sy ou spore vandaan kom. Die brandende jeuk in sy gesig en ledemate was weg, hy was die enigste mens in die hele wêreld nou. Ek moet nie omdraai nie, omdat ek weet ek sal omdraai, het 'n gedagte reusegroot en vreesagtig lig deur sy kop kom rol.

Die gids! Hy het sy kop om en terug gewring. Nee, die gids was nêrens in sig nie. Nee, die gids volg hom nie. Ek moet nie aan die gids dink nie, het hy gepeins, en sy kop om en rond gewring in die sirkel van nabye, sirkelende wol. Hy kon net *die* twee tree om hom sien. Hy sou *die* sirkel orals met hom saamdra. Selfs as hy sou hardloop sou die nou gryns sirkel om hom bly, altyd dieselfde, en sirkel om hom en grynsend wag dat hy op sy gesig in die sagte, bedekkende sneeu moet val. Nee, die gids volg hom hoe-genaamd nie soos hy gesê het hy sal nie! NEE, het hy panies verwilderd gedink, selfs hier alleen in die sneeu kan ek die gids nie ontsnap nie, kan ek dink aan die gids nie ontsnap nie!

Hy het 'n paar treë verder geploeg en toe gaan staan om in die stilte in te luister, sy arms uitgesprei voor hom. Die stilte was totaal, afgryflik daar in die baarmoeder van die sneeu. Daar was geen ekstase, geen skoonheid nie, niks. Hier is niks, het dit stygend deur sy kop gebeuk, hier is niks, hier is eensaamheid, dood, wat maak ek hier, waar is die gids, waarom kom hy nie! . . . en toe eindelijk net

geweet hoe veragtelik dit was om terwille van sy trots daar in die sneeu met hulle lewens te staan en speel.

Daar in die sneeu wat geluidloos op sy kop en arms sif, kon hy aan niks meer dink as net waar die gids kon wees nie. Sy hele lyfprikkeling en angs en oor om in die stilte in te luister, en sonder dat hy bewus daarvan was en wyl hy tog gedink het: Hierlangs het ek gekom, het sy lyf soos in die greep van 'n magtige hand om en terug geswaai, en het hy skaars geweet hoe sy mond oopgaan en hard-op kreun: „Nee, ek sal nie terugdraai nie!”

Meteens, gedemp, maar baie naby, het 'n stem uit die grysheid gesê: „Ek dog jy was verder weg.”

En weer, ernstig en so vreemd uit die warrelende sneeu dat Jon geril het waar hy staan: „Wag daar dat ek jou kan inhaal.”

Hy het dieper en geheimer dan sy bloed geril, en gehoorzaam, en dadelik stil gestaan en wag wyl hy weet dat hy nog nooit iets so gehaat en so lief gehad soos daardie stem wat vanuit die niks van die sneeu in hom inreik soos 'n stem uit sy eie drome nie. Want dadelik was daar net *die* ontsaglik moeë verligting, *die* staan en wag vir die gids, *die* aanneem van wat so onvermydelik soos lewe self was en wat hy nou nie langer kon ontken nie. Dis nie die berg nie, het hy geweet, dis die gids en ek.

„Hier is ek,” het hy hees en luid gesê.

Toe het 'n man deur die gryns sirkel gebreek, die gids, en op hom toegekome wyl hy 'n voor met sterk hale van sy yspik al agter hom kloof, sy pelsbaadjie bestrooi met sneeu asof hy grys van ouderdom geword het.

Hy het sy voete gestamp en stoom uit sy mond geblaas en gesê:

„Ek het jou vyf minute toegelaat, maar nog net drie het verstryk.”

Hy het dit sonder wrok of verwyt gesê, en toe het Jon geweet dat wat gebeur het, nie verder tussen hulle bespreek sal word nie. Dat hy niks moes wys nie, dat die vernedering ten alle koste versweë moes bly. 'n Behoedsaamheid het aan die vel van sy gesig getrek wyl hy in die ander gesig broeiend geslote oor 'n hartstog soos 'n streng bewaakte verdriet bly staar; dit was asof hy hierdie man aan wie hy nooit weer sou kon ontsnap nie, nou vir die eerste keer sien.

„Ek sal 'n ander dag weer moet kom probeer,” het hy skielik baie luid gesê en begin bewe.

Asof hy wis dat Jon dit van hom en nie van die berg gesê het nie, het die gids begin glimlag en alleen langsaam

geknik toe Jon se stem reeds klein en geluidloos soos 'n sneeuvlok in die mis van die storm verdwaal was.

„Kom,” het hy toe gesê, „oor nog 'n minuut sal alles toegeval wees.”

Hulle het terug geworstel, geboë teen die windstote wat weer aan hul lywe begin ruk en hael gemeng met nat sneeu in hul gesigte gejaag het, laagbukkend om die voor wat dit gids geploeg het, te kan sien en volg. Nou het Jon geen vrees nie; voorlopig was alles in die hande van die gids; selfveragting sou later kom. Dit was geen wonderwerk vir hom toe die hut uit die wit nagmerrie van die storm opdoem nie. Soos van ver weg het hy die vrou gesien glimlag en praat vanuit 'n warmte wat nou aan haar behoort het, en toe hy die gids se stem weer kalm en gemete hoor kom, het hy gedoen soos die stem sê en splinters ontwaakte koue in sy bevrore knieë en arms op begin vrywe. En wyl hy vrywe en met groeiende woede konsentreer op hierdie klein herhaalde handeling van vlees op vlees te laat gly, het hy die mislikheid eindelijk onteenseglik in hom voel opstaan en hom uitdrywe na buite om op sy hande te val en soek in die sneeu te wees. 'n Uitgeputte wyle het hy neergehurk gebly en die geel vlek van sy braaksel van heel naby gesien, uitgespat op die sneeu-reinheid waar elke klein heksagonale kristalletjie enkeld en volmaak soos die dood self was.

Hy het klaend ontwaak.

Maar behalwe die reëlmattige gesnork van die gids, was alles stil. Buite het die storm sag en stil geword: 'n optog van geeste wat liggaamloos en sonder geluid aan die nag behoort. Sneeu moes tot bokant die venster opgestapel het, want daardie kant was donker. Miskien was die hut geheel begrawe in die bleek, sagte sneeu, onsigbaar selfs van buite. Nou was daar niks anders meer in die hele wêreld nie as net die strepie rooi wat onder die kombuisdeur skyn.

Dit was so rooi en pragtig, dié strepie vuurlik, dat dit 'n vreugde was om uit die verstikking van droom te ontwaak en dit hom in die donker te sien groet. Vuur, regte vuur. Hy het saggies teen homself gelag. So het hy laas vuurlik gesien toe hy vier jaar oud was en in die middel van die nag heuning in sy moeder se spens gaan steel het. Die geheime, listige genot van op sy tone voor die vuur verbyloop om die soet stroop van sy vingers te gaan lek, kon hy almeteens so duidelik onthou. Terwyl hy weereens saggies lag, het hy sy duim na sy mond gebring en van onder die komberse uitgegly en na die kombuisdeur gesluip. Hy het die knop stadig gedraai, die deur saggies agter hom toe-

gemaak. Die bek van die stoof was 'n groot rooi mond wat oor die hele kamer glimlag.

Toe hy nader kom, het die hitte daarvan sy lyf met warm, slaap-luie hande begin streel. 'n Vrou het in die slaapbank agter die vuur gelê en slaap.

Hy het saggies op die houtbank voor die vuur gaan sit en vooroor geleun om die gloed van die rooi kole met sy gesig en hande en bors te ontvang. 'n Lang, langsame rilling het sy ruggraat geneem en hom geskud totdat hy gelag en swak soos huil gevoel het.

Toe het die vrou ontwaak en op haar sy gedraai om hom aan te kyk. Hy het haar mond sien oopgaan van verbasing; toe was sy uit die bed en het sy naas hom gestaan. „Wat is dit?” het hy haar in 'n lae stem hoor sê. Sy het oor hom geleun en hy het haar hand op sy voorkop gevoel.

Hy kon nie sy kop na haar beweeg of dadelik praat nie.

„Ek's koud, ek't na die vuur gekom,” het hy eindelijk gefluister, en vreemd getroos gevoel dat hy dit tog oplaas kon sê. Dit was nie dadelik nodig dat hy sy hoof draai en haar aankyk nie; hy het dromerig glimlaggend in die oop mond van die stoof sit en staar wyl haar handpalm warm soos die vuur op sy voorkop gerus het. Haar nagrok het die warm suur ruik van stewels en sweterige sokkies gehad wat in vuur-rook droë, en toe hy sy oë sluit en haar so warm naby hom weet, het die gloeiing van die kole nog agter sy ooglede aangehou knipper.

A. Fouché

KRISHNA EN DIE LOTUSBLOM

Krishna het 'n heilige lotus gepluk
en dit teen sy heilige mond gedruk,
en toe, so welriekend soos ambergrys,
het 'n vrou uit die kelk uit opgerys.

Krishna sien haar: soos 'n ster verlaat
in die duisternis, en skep haar 'n maat,
haar teenbeeld, om steeds aan haar sy te staan
en saam met haar Aarahat uit te gaan.

„Water en wind het 'n grot gemaak
waarin jul kan woon en veiligheid smaak
teen tifoongeweld en winterwind,
aan die boomtakke sal julle voedsel vind.”

„Heer Krishna,” sê hulle, „jou kinders is bang.
In die grot sal die wolf van Rawana ons vang
en in die veld rondom leef dit van luislange en
ander gediertes wat ons nie eens ken.”

En Krishna sê: „Ellendig die wese tog wat
'n geskenk uit die hand van God nie vat.
Sewekeer heilig is 'n eensame grot;
en in die oë van Boeddha: 'n tempel van God.”

Hierdie woorde het hom in verdriet ontval,
Krishna is waardig en swyg met al.
Onbewus is hy van die doem dat hul
hulle wêreld met skrikgedrogte vul.

Want die mens is so bang soos 'n kind in die bos.
Daarom dat hy nooit die vaderhand los,
maar verskrik sal rondkyk na alkante heen,
bevind hy hom plots in die donker alleen.

„Op die berg staan 'n huis met 'n grag daar om
waar die beer van Rawana nie by kan kom,
waar geen rower of vyand jul kan bereik
en vanwaar julle af op die Ganges kyk.”

Hulle antwoord: „Groot Krishna, deurlugtige gees,
o Krishna, jou kinders is diep bevrees.
'n Dief sal voor mure van klip omdraai,
maar die dood kom deur sleutelgate gewaai.”

„Mens kan jul paleis hiervandaan sien.
Daar is duisende slawe om julle te bedien.”
Hulle antwoord: „Waar mens voor 'n ander kruip,
word die heer gehaat en teen hom gekuip.

„Ons is slawe van vrees in krog of slot.
Magteloos staan ons teenoor ons lot
se skikking. Ons wil sien waar ons trap.
Heer Krishna, heer Krishna, gee voorwetenskap.”

„Blink Son in die Donker, laat lig ons dien.
Ons kan nie 'n tree voor ons voete sien.
Ons wil weet, ons wil sien, waar ons aanstons stap.
Gee ons die gawe van sienerskap.

„Die mens is 'n ploegos, en vrees is die juk.
Geen swaarder juk kan op 'n osseskof druk
as die vrees wat gedurigdeur spook in sy hart
en die goud van sy golwende graan verswart.

„'n Haelstorm maal oor ons koppe aan
en die koring word plat op die lande geslaan.
Hy asem 'n stofstippie in met die wind
en sy vrou is 'n weduwee en 'n wees is sy kind.

„Krishna, verlos ons van Karma, en vrees.
Laat ons weereens 'n deel van Nirwana wees.
Leer ons om die salige staat te bekom,
of skep ons weer om in 'n lotusblom.”

Die stem van god Krishna is sag soos die wind
of soos van 'n ouer in gesprek met sy kind:
„Die gang van die skepping, wie kan dit belet!
Die saad wat ontkiem, blom en sterf volgens wet.”

Die stem van god Krishna klink koel en sag
soos die liggende wit van 'n maanlignag:
„Die kringloop van lewe kan niemand belet . . .
dat saad weer tot saad keer, bly ewig die wet.

„Berg Arahata word tienduisend jare bestyg . . .
tot die gras nie meer onder julle voete buig
en dan in die vrugbare akkers van gees
sal julle ontkiem en 'n lotus wees.”

Die Taak van 'n Plaaslike Orkes

J. J. HUMAN

Toe die programme van die musiekkonserte wat tydens die onlangse fees in Kaapstad gehou is, aangekondig is, het daar in die Kaapse koerante daaglik brieue verskyn van lesers wat oor die keuse van musiekwerke gekla het. Die algemene gedagterigting wat in die brieue uitgespreek is, was dat die „verwaarlosing” van gevestigde komponiste soos Schubert, Brahms en Schumann ten gunste van moderne komponiste te betreur is.

Hoewel 'n mens dadelik moet opmerk dat die grootskaalse „verwaarlosing” van die klassieke in Suid-Afrikaanse musiekprogramme 'n hoogs uitsonderlike gebeurtenis is, verdien die aard van die polemieksaak aandag, veral weens die algemene probleem wat daarin aangeraak word.

'n Plaaslike orkes wat gereelde uitvoerings lewer vir 'n gehoor wat grotendeels stabiel is, het 'n groot taak om te verrig. Veral die dirigent van so 'n orkes kom te staan voor taamlieke groot probleme, en die belangrikste daarvan — uit die oogpunt van die konsertganger — is hoe sy programme saamgestel moet wees. Uit 'n ontsaglike repertorium moet hy 'n uiters beperkte keuse doen en sy groot probleem is of hy sy keuse verteenwoordigend van 'n hele musiekgeskiedenis moet maak, en of hy aan een bepaalde periode voorrang moet verleen.

Die keuse van sy programme hang voorts af van sy beskouing van die funksie van 'n plaaslike simfonie-orkes: is dit daar om die inkomste van sy eenaars te vergroot (moet sy programme só saamgestel word dat hy gereeld vol sale sal trek?), is dit 'n opvoedkundige instelling (moet sy programme in staat wees om by die algemene publiek byval te vind en hulle aandag te trek?), is dit 'n vermaaklikheidsinstelling (moet sy programme van 'n gewilde aard

wees?), of is sy orkes te beskou as die mondstuk van 'n opkomende geslag komponiste?

Die eerste oorweging behoort by enige waardige orkes onmiddellik te verval. Geen instelling wat gerig is op die bevordering van die kuns kan juis winste afwerp nie.

Dit is duidelik dat enige konsertprogram wat groot gehore gereeld moet aantrek teneinde geldelike winste te verseker, aan ernstige beperkings onderhewig sal wees. Elkeen weet dat die gewildste musiek nie altyd die beste is nie, soos die versoekprogramme oor die radio waar 'n mens meer walse en operette-arias as Beethoven-kwartette hoor, duidelik getuig. Dieselfde beswaar geld natuurlik ook enige opvatting van 'n simfonie-orkes as 'n vermaaklikheidsinstelling. Bowendien het die meeste orkeste gereelde gewilde konserte wat met 'n ander doel gehou word as die simfoniekonserte.

Die orkes as 'n opvoedkundige instrument verdien nadere beskouing. Oor die opvoedkundige rol van 'n orkes kan daar verskeie menings bestaan. Ons kan net kortliks die volgende maniere waarop 'n orkes 'n opvoedkundige funksie kan vervul, aanstip:

- (1) Opvoedkundig in die sin van: by totaal oningeligte *volwassenes* 'n belangstelling in musiek aankweek;
- (2) By *kinders* 'n belangstelling aankweek;
- (3) Aan studente die geleentheid bied om die orkes van naderby te bestudeer d.m.v. die bywoning van repetisies, dirigeer-oefeninge, ens.;
- (4) Die kennis van gereelde konsertgangers uitbrei deur hulle gedurig op hoogte te bring met die jongste werke van eietydse komponiste.

Wat (1) betref, is die vernaamste probleem waar die belangstellende, of potensieel-belangstellende, *volwassenes* in die hande gekry kan word. Die hedendaagse gemeenskap met die radio, gramofoon en blêrkas bied die gewone mens alreeds so 'n groot verskeidenheid aan — en almal met die nadruk op ontspanning — dat die orkes feitlik slegs gewilde programme kan aanbied met die hoop dat dit by *volwassenes* belangstelling sal wek. Die radio is egter vir die orkes so 'n groot konkurrent dat laasgenoemde beswaarlik 'n stryd daarteen kan voer. Vir die mens wat nie juis belangstel in musiek nie, is dit in ons gemaklike wêreld tog baie makliker om die radio aan te skakel as om na die konsertsaal te gaan.

Die skoolgaande jeug kan egter 'n vrugbare terrein vir opvoeding bied, en kan indirek oor die ouer, wat nie graag vir sy kind agteruit wil staan nie, daarby betrek.

Besoekende orkeste by skole met toeliggende praatjies by

versigtig gekose programme skyn hier die beste oplossing te wees. Hierdie beleid is trouens die afgelope paar jaar gevolg deur die musiekdepartement van die Johannesburgse stadsraad, maar dit sal nou ongetwyfeld verval aangesien die stadsvaders dit skynbaar goed geag het om nie meer van die huidige twee dirigente se dienste gebruik te maak nie om voortaan met slegs een voort te gaan. (Dit, tussen hakies, is hoe die saak vir my lyk. Wat die werklike houding van die stadsraad ten opsigte van die orkes is, wat hulle beoog, en of hulle trouens wel enige houding of oogmerke het, daarvan kan ek maar saam met ons Engelse vriende sê: „Your guess is as good as mine.”) Een dirigent kan beslis nie sy gewone konserte (ernstig sowel as gewild) reël en nog met die orkes op uitgebreide toere na skole gaan nie. Dit sal dus afgeskaf moet word, en ek wonder of die Johannesburgse stadsraad beseft watter groot wapen ter bevordering van die kuns hulle daar wilens en wetens verwaarloos. Dat dit geld sal bespaar, wil niemand betwyfel nie. Maar dit sal ook die stedelike uitgewes aansienlik verminder as die biblioteek gesluit word.

Wat die fasiliteite vir musiekstudente betref, bestaan daar by my wete in Johannesburg absoluut niks nie. In Kaapstad, verneem ek, staan die saak egter heeltemal anders. Die uiterste belang van hierdie afdeling van 'n orkes se aktiwiteite, behoef geen betoog nie.

Ten slotte moet ons dan aandag skenk aan die uitvoering van nuwe werke wat terselfdertyd gekoppel kan word aan die beskouing van 'n orkes as die vernaamste mondstuk van jonger komponiste. Dit is veral hier waar die knoop lê. Vyf-en-twintig jaar gelede moes die Nederlandse komponis Willem Pijper (hoeveel Suid-Afrikaanse konsertgangers ken sy musiek?) alreeds kla: „Worden in het Concertgebouw de noviteiten niet met welhaast beleedigende behoedzaamheid in de programma's geschikt?” Die musiekgeskiedenis is vol voorbeelde van komponiste wat geen mondstuk kon kry nie, maar dit lyk nie asof die geskiedenis ons veel geleer het nie.

Hier wil ek graag een saak te berde bring wat my baie na aan die hart lê: die skromelike verwaarlosing van Suid-Afrikanase komponiste se werk deur ons orkeste. Enige Suid-Afrikaanse konsertganger sal op kort kennisgewing 'n lys name van Suid-Afrikaanse komponiste kan verstrek: Arnold van Wyk, Blanche Gerstman, Stefans Grové, Hubert du Plessis, om maar enkeles te noem. Maar vra hom hoeveel van hierdie mense se musiek hy al gehoor het, en die uitslag sal heeltemal anders wees.

Wat ons dirigente en orkeste en musiek-direkteurs skynbaar nie besef nie, of nie wil besef nie, is dat daar vandag dinge soos gramfoonplate en radio's bestaan. Die bekende meesterwerke word gereeld oor die radio uitgesaai, en teen 'n betreklike geringe koste kan enigeen plaatopnames daarvan koop. Waarom moet hierdie werke nou nog steeds op konserte uitgevoer word? Waarom moet dit van my verwag word om na die stadsaal te gaan en te gaan luister na die plaaslike orkes se uitvoering van Mozart se Simfonie no. 40 as ek tuis die opname van sir Thomas Beecham — een van die grootste lewende Mozart-kenners in die wêreld — en die Londense Filharmoniese orkes besit?

Ek wil glad nie hier ons eie orkeste probeer verkleiner nie. My argument kom slegs daarop neer dat ek nie kan insien waarom 'n mens na 'n biblioteek moet gaan om 'n boek in die hande te kry wat hy tuis besit nie. En daarby wil ek beweer dat 'n plaaslike orkes 'n ander en belangriker taak het as om jaar na jaar dieselfde werke op te dis. Weereens: ek wil nie die moderne komponiste bó die ou meesters gaan stel nie. Dit sal loutere dwaasheid wees. Ek glo nog steeds dat Bach en Beethoven die twee grootste komponiste van alle tye is, maar — en dit is 'n belangrike *maar* — Bach en Beethoven se musiek kan daagliks gehoor word, hulle het al klaar hulle reputasie, terwyl daar talle jong komponiste is wat nog na 'n gehoor soek. Dit is ons plig: om aan hierdie jong komponiste, wat, teoreties gesproke, almal potensieële Bachs en Beethovens is, 'n mondstuk te bied. Dit is die Suid-Afrikaanse orkes se plig om hierdie jong komponiste, en veral jong Suid-Afrikaners, onder die aandag van die publiek te bring. Dat daar meer korrels as kaf is, wil ek nie betwis nie. Tussen al die minderbelangrike Amerikaanse komponiste ontdek jy egter 'n Barber, net soos Beethoven die groot enkeling tussen 'n skare minderwaardige tydgenote was.

Daar sal daadwerklik opgetree moet word, of anders sal die mening begin ontstaan dat ons geen musiek besit nie. Die toestand is beslis ernstiger as wat dit lyk. Watter soort musiek word by ons op plate vasgelê? En wie word as „groot kunstenaars” aangewys?

Jare gelede is Afrikaans versmaai as 'n kombuistaal. As ons nie oppas nie, sal die buiteland heeltemal geregverdig wees om te praat van ons kombuis-kultuur. Vir die *opbowing* van 'n groot en volwasse musiekkuns (die proses is soos 'n kringloop: die uitvoering van bestaande werke sal vir die komponiste 'n aansporing wees om nog meer te lewer) kan die taak van 'n plaaslike orkes nie oorskat word nie.

Blomme en 'n Brief

J. NEL VAN DER MERWE

Hulle kan Jan van Riebeeck tot in lengte van dae oor al sy goeie hoedanighede prys. Maar as ek hom sou kon ontmoet, sou ek net bladsteek en sê: „Dankie, Jan, vir die Tuin van Kaapstad. Daar het jy iets moois aangelê. Jy was 'n besige man, maar jy het ook tyd gehad vir 'n boom en 'n blom. Veral die kinders bly jou altyd dankbaar . . . ”

Ek hou van tuine en parke in stede. Dit is altyd vir my 'n voorbeeld van die stadsmens se verlange na die platteland waar dit rustig is. Die park herinner die stadsmens aan die jaargetye wat hy voel, maar nooit sien nie.

Hydepark en Kensingtonpark in die hartjie van Londen is die rugbyveld, die uitspanplek, die speelplek, die piekniekplek, — die Londenaar se kosbaarste besit. Hier is ruimte vir die kindertjies om te speel en baljaar.

Hier kan hulle die stille groei van bome waarneem. Hier kan 'n mens op jou rug gaan lê op die gras en na die spel van die wolke deur die takke kyk . . . en voëls hoor sing. Digby jou, in die hartjie van Londen, wei daar altyd skape in Hydepark. Dis nou lente hier. Orals is bloeisels en blomme, veral tulpe.

Kensingtonpark grens aan Hydepark. En dit is een van my geliefkoosde wandelinge van die punt waar Hydepark begin, by Marble Arch, tot doer anderkant waar die standbeeld van Peter Pan in Kensingtonpark staan. Dan stap ek nooit vinnig nie. Iemand wat haastig is, moet maar op die sypaadjies van die harde strate hou. Gras, bome en blomme is nie dinge wat tyd ken nie. 'n Mens kan nie sommer so gou-gou die geur van 'n blom inneem nie: die miertjie onder die grassprietjie sien nie; die wind deur die takke van 'n boom hoor ruis nie.

Dan is daar die baie onbekende mense en dinge wat jy in die park raakloop: Ou mans wat lieflike seilbootjies op die meer laat vaar; kinders met hulle vlieërs wat uitgelate



NICOLAES MAES (1634-1693) : DIE LUISTERVINK
Eretdom van die Mauritsshuis, Den Haag. Uitgestal in Johanesburg, April-Mei 1952.

lag. Daar is min dinge wat heerliker is as om jou vlieër aan jou arm te voel ruk as die wind hom so skep. Die vlieër wat jy so stip moet dophou, betower jou heeltemal, hy is mos jou handewerk, deel van jou wat daar hoog met die wind en die wolke gesels-gesels . . .

Dan is daar die kinders wat in die bome klim as die konstabels nie in die nabyheid is nie. Daardie hoë tak bo die grond bly maar altyd 'n uitdaging vir 'n kind hetsy hier in Londen, of daar by ons op Vlakbosrand.

Ek het nog altyd gedink dat as daar nie bome op Robinson Crusoe se eiland was nie, sou hy seker van sy verstand geraak het.

As daar nie bome was nie, waar sou die kabouters gewoon het? Hansie en Grietjie sou nooit verdwaal het nie . . . en ons sou hierdie storie en sommer baie ander stories armer gewees het.

So het my gedagtes gedwaal tot ek by Peter Pan se standbeeld gekom het. Hulle kon nie 'n mooier standbeeld vir Barry gemaak het nie en hulle kon nie 'n beter plek uitgekies het nie. Toe ek so na al die beeldjies onder om Peter Pan se voetstuk kyk toe dink ek weer aan die reëls van die verhaal:

„When the first baby laughed for the first time, his laugh broke into a million pieces, and they all went skipping about. That was the beginning of fairies . . . ”

Toe hoor ek 'n papiergefladder aan my voete. Ek kyk af. Daar lê 'n stuk papier wat ek nuuskierig optel. Dit was die een bladsy van 'n brief. Die ink was al dof, maar ek kon dit darem nog lees.

„My kind, ek noem jou net my kind, waarom meer? Daardie twee woorde sluit al die liefde van die wêreld in, want dit was daar om jou soos 'n warm bloedstroom toe jou moeder jou onder haar hart gedra het; want dit was in die lig van jou moeder se oë toe ek vir die eerste keer na haar gekyk het; want dit sal daar wees as ek en jou moeder net twee hopies grond is om na te kyk, twee hopies met blomme op wat die wind en die reën sal verniel.

Wat maak dit saak? Niks kan ooit blommegeur verwaal nie: verlede jaar se blommegeur ruik soeter in vanjaar se blomme.

Jou moeder se oë word helderder in joune weerkaats.

Ek moes ver van jou af weggaan om jou naby my te hê: die eerste keer toe jy begin loop het; die eerste keer toe jy gehuil het; die eerste keer toe jy geglimlag het, — dit alles

bly nou in my. Veral ook bly voor my hoe jy altyd half op jou gesiggie lê en slaap, met jou hare deurmekaar op die kussing, en jou kriewelvingertjies dan vir 'n paar uur stil; net jou asemhaling vul ons kamer, en ek en jou moeder luister.

Ek sien jou nog vir my waai toe die trein vertrek. Jy het geweet dat dit nie 'n wegganery was nie: dis net 'n bymekaar wees in 'n ander wêreld, die wêreld, jóú wêreld van die droom.

Mag jy daardie wêreld lank behou, altyd behou. Dit is al wêreld, my kind, wat waar is, daardie wêreld van sonskyn op 'n vlinder se vlerke; van seewind oor die branderskuim; van geruis van silwermotte deur die maanlig; van gerinkel van Kersgeskenke aan 'n Kersboom; van môredou op blomblare; van naaldekokers oor die waterstroom; van vinke in die riete; van voëls wat sing . . . en kinders wat lag, — van jou heerlike keellaggie in die aandskemering, my kind, as jy met Oupa van die kraal af kom as hy die koei klaar gemelk het.

Hierdie is net om aan jou te sê dat as jy een mooi droom uit jou kinderjare bly behou, ek nooit sal treur oor die wind wat die blomme op my hopie grond sal verniel nie, want jy sal gelukkig wees. Blommegeur verwaai nooit nie. En dit is al wat ek jou so stameland die hele tyd probeer vertel: bly gelukkig, gelukkig, my kind.”

Daar eindig die brief.

L. S. van der Walt

NEMESIS

Uit die see stuif misfantome
fantasties in die wind en dwaal
verlore soos die drome,
wat snags noodlottig bo die vlak
van donker slaap se diepte maal,
tot die môre glinster oor die dak.

Een nag was stemme in die hees
gedreun van rukwind en die branders,
stemme wat die doodse vrees
van arme skipbreukelinge skril
oor die golwe sing tot niks anders
bly as die noodlot en sy wil.

Tot vlak by die venster 'n sagte snik
en die val van iemand hom metéén
uit sy somber mymery laat skrik —
in die skemer van die mistige maan
en die fyn glinstering van die reën
het 'n jong meisie opgestaan.

Sy't geweene en sag van die groot
see gepraat, die lot van die arme
skipbreukelinge en die dood,
alleen die genade van die Heilige
Moeder en Haar groot erbarme
het háár behou en gebring in die veilige . . .

Skugter, oor een van die borste, hou
sy haar arms albei, toe hy 'n wond
in haar skouer was — maar dis 'n blou
klein aartjie oor haar sleutelbeen
en siddering van haar half oop mond,
wat hom herinner dat sy alléén

die lot met die fyn skouers tors,
en toe hy opkyk in haar oë,
bedek sy eers die ander bors —
hy't haar vertel van sy huis en honde
en haar lang swart hare afgedroë,
sy kon nie self nie, weens haar wonde.

Hy't vir haar goue wyn geskink,
en albei het die goue wyn
met glase omgeruil, gedrink.
Sy't haar langs hom neergevly,
en die hele nag deur was die pyn
gestil deur geluk en medely.

Maar toe hy later sinneloos praat:
dié huis is groot genoeg vir twee,
en rondom buite staan die kwaad
en storm sonder einde, sonder
gedagte brul die woeste see,
wissel die winde, oral donder

die noodlot blind oor land en water —
toe het sy omgedraai en 'n soet,
verruklike lag oor hom laat klater.
Laag in die ooste was al kleur,
toe sy gegaan het sonder groet,
kaalvoet in 'n laken, déur die deur.

Tot die dood bewoë het hy haar klein
gestalte tussen woeste swart rotse
langs gevolg, die see was rein
en wyd, en sy het in die skyn
van goue lig van die voorste rots
oor die verte van die see verdwyn.

Rooi en star het die maan gedaal
deur newels oor die westersee,
toe hy ontwaak en stil in die vaal
winterige môre staar en gaap
in die droom versonke en verleë
met die diepte, verborge in die slaap . . .

EK HET HONDERD MYL VER GEKOM

Ek het honderd myl ver gekom
om hier 'n dag of drie te bly,

nou is daar tussen ons twintig treë
wat ek enige oomblik kan oorskry
om tot by jou te kom
soos by 'n eiland in die see.

Ek weet ons adem dieselfde lug,
al bly ons altyd nog apart,
ons hoor en sien dieselfde dinge —
die dae en nagte kan ons tart
met drome, met die vlug
van towervoëls deur die skemeringe

van geluk, dit sal verander,
alles oud word en alleen,
as drome vlug soos voëls met herfs,
as die verte toesak in die reën,
en liefde soos 'n brander
uitklots teen die strand en sterf.

Crisis der Persoonlijkheid in Moderne Europa

ALBERT WESTERLINCK

(*Vervolg en slot*)

HET UNIVERSELE ZELF-BEDROG

Samen met de desagregatie van de menselijke persoonlijkheid, heeft zich een ander thema in de moderne literatuur op het voorplan gedrongen: het bewuste onderzoek van het zelfbedrog in de mens. Met al zijn ontelbare bewerkingen is dit thema in de literatuur eigenlijk zo oud als de mens. Zoals door universele ervaring wordt geleerd, is het ook sinds eeuwen in de literatuur bekend, dat de mens uitermate vindingrijk is en van nature geneigd, om al zijn zwakheid, lafheid, zondigheid of onmacht, voor anderen én voor zich zelf goed te praten. Even duidelijk heeft de wijsheid van alle tijden doorzien dat hij gaarne zijn tekorten als deugden of ideale houdingen verheerlijkt. „Nous ne sommes que mensonge, duplicité, contrariétés, et nous chacons et nous déguisons nous-mêmes” noteerde Pascal in zijn *Pensées*, en deze misschien al te zwartgallige kenner van het menselijk hart schreef daarmee in zijn tijd niets origineels.

Het is echter een kenmerk van de moderne letterkunde, dat zij zich, met een voorheen onbekende passie, op de psychologische én morele analyse van het zelfbedrog heeft geworpen en alle spiertrekkingen en methodes daarvan ontrafeld. Konsekwent met hun nihilistische visie op de menselijke persoonlijkheid, hebben sommige moderne auteurs zelf de mening verkondigd dat het onbewuste zelfbedrog een fundamentele en algemene houding is van onze mensensoort.

Theoretici als Pfänder en J. de Gaultier, en naast hen hele drommen van doctrinaire psycho-analysten, hebben

subtiële bladzijden aan de studie van onze onbewuste vals-munterij gewijd. Het Bovarysme van de Gaultier, door hem bepaald als „le pouvoir départi de l'homme de se concevoir autre qu'il n'est," heeft in de literatuur grote opgang gemaakt. De diepte-psychologie heeft aan de noties „verdringing" en „compensatie" een ongewone populariteit geschonken; ze heeft langs allerlei wegen gepoogd de onechte houdingen van de mens tot zijn genezing te ontmaskeren. Door de gehele ontwikkeling van de moderne psychologie, is de aandacht van onze tijd überhaupt en sterker dan ooit te voren gericht op het onderscheid van schijn en wezen, echtheid en pose, in heel de gedraging van de mens.

De moderne literatuur-beschouwing heeft in de jongste jaren, vooral bij hen die de existentialistische en stylistisch-psychologische methodes in het letterkundig onderzoek zijn toegegaan, de noties „echtheid" en „onechtheid" als belangrijke categoriën vooropgesteld, zowel bij de navorsing van de artistieke levenshouding als van het psychologisch gehalte en de stijl van de kunstwerken. Na zoveel eeuwen van rustig intellectualisme, waarin rhetorica en grammatica als algemene normen regeerden, zijn vandaag de vraagstellingen van de litteraire aesthetiek bizonder concreet geworden: zij peilen naar de existentiële waarachtigheid der concrete ervaring; zij stellen het probleem of het woord, waardoor de kunstenaar met ons communiceert, echt is of bedrog, of een mengsel van beide? Het waarde-probleem van het kunstwerk wordt niet meer, zoals vroeger zo vaak, in abstracto gezien maar in concreto; het is haast uitsluitend besloten in de vraag naar de authenticiteit van de litteraire taal als *expressie* van een *eigen-echte* zielservaring.

De vraag naar het menselijk bedrog heeft echter in de moderne literatuur, met de fanatieke eenzijdigheid die haar in de menskunde kenmerkt, geleid tot het meest radicale antwoord: dat de mens *in wezen* een bedriegend schepsel is.

In de scheppende literatuur werd tot nog toe het schier daemonisch talent, dat Luigi Pirandello aan de ontmaskering van het menselijk zelfbedrog besteedde, door niemand geëvenaard. Allen zijn wij, volgens hem, dezelfde trieste maniakken, die nml. onze naaktheid willen kleden (*Vêtir ceux qui sont nus*), ons in onechte gebaren, houdingen en woorden willen verbergen, als onbewuste leugenaars voor de anderen en ons zelf, geniale poseurs, die het onderscheid tussen onze schijn en de leegte die hij verbergt niet zien. Van onze dubbelheid is de ene helft schijn en de andere

ijzingwekkende leegte. Het gruwelijke in Pirandello's werk is dat hij onze bedriegerijen niet begrijpt als travestis rond een vaste kern, of als verschuivingen van schijnbeelden op een vaste fond. Hij ziet de mens gevangen in een spel van toevallige bewustzijnsvormen, talloos en onbepaalbaar, en die op geen enkele psychische wezens, kern of metafysische grond teruggaan. Men ontkomt niet aan de indruk dat ieder mens slechts een collectie speelkaarten is zoals zijn gebuur. Gij speelt uit, hij speelt bij. Hij geeft uit, gij geeft op uw beurt weer uit. En het bestaan wordt een soort geestelijk kaartspel, beheerst door het toeval.

De doorvorsing van het onbewuste, in psycho-analytische zin, heeft de literaire verspreiding van het motief van het bedrog enorm bevorderd. Een brutale ontmaskeringsdrang kwam vooral aan het licht op sexueel gebied onder impuls van het naturalisme en de Freudse literatuur. Het is bijvoorbeeld kenmerkend geworden voor een uitgebreide sector van de moderne literatuur, dat men de sexuele onthouding en het celibaat als tegen-natuurlijk gaat beschouwen en de meeste psychische afwijkingen (hysterie, sadisme, krankzinnigheid e.a.) alsmede de meest afstotende karaktertrekken (haat, jaloersheid, wreedheid e.a.) als gevolgen van sexueel refoulement verklaart.

Maar de drift tot ontmaskeren van menselijk zelf-bedrog en onbewuste zelf-misvorming, bestrijkt toch veel ruimere gebieden dan het sexuele. In zijn essay *The Truth of Masks* (gebundeld in *Intentions*) tracht Oscar Wilde de volledige onvastheid van de persoonlijkheid in het licht te stellen; bewust en onbewust schuift zij zich het ene masker na het andere voor, met onuitputtelijke variabiliteit en inconsistentie. Levenslang heeft de Engelse dilettant dit maskerspel van pose en bedrog beoefend. Maar niet overal is dit literaire pose-spel een uiting van dilettantisme; in vele gevallen is de drang tot ontmaskering van de moderne schrijver een aanklacht tegen de globale in-authenticiteit van de moderne cultuur. Hij valt haar aan omdat zij zich niet losmaken durft van ingeburgerde vooroordelen, tamme conservatismen, wijsgerige en religieuze dogma's, die naar zijn mening niet meer als bezielde werkelijkheden doorleefd worden en die dus, volgens zijn opvatting, als onwaarachtige verstarringen of mufte conventies het authentieke bestaan zouden bemantelen als een kleed van leugen. Zowel zelfbedrog als bewuste hypocrisie zijn het geliefde mikpunt van tientallen belangrijke schrijvers in onze tijd. André Gide heeft het onbewuste zelfbedrog met zachtzinnig-weemoedige ironie uitgebeeld in de dominee-figuur van

La Symphonie Pastorale. Wanneer deze, als vader van een vijftal kinderen het blinde weeskind Gertrude in zijn huiskring opneemt, meent hij geïnspireerd te worden door zijn zedelijk ideaal, maar wordt hij in feite gedreven door zijn erotische zielshonger. Even oprecht is het zelfbedrog in Gide's verhaal *Robert*, terwijl in zijn *Traité du Faux Prophète* bewuster schijnheiligheid wordt uitgebeeld bij El Hadj, die met heimelijk leed van heimwee en ontgoocheling zijn profetenrol speelt. Vooral in de roman *Les Faux-Monnayeurs* moet haast elke figuur de algemene gedachte helpen vertolken dat wij allen valsmunters zijn in onze redeneringen, gevoelens, verbeeldingen, gebaren en woorden.

Zelfs in de katholieke roman der jongste halve eeuw heeft het thema van de onbewuste schijnheiligheid der christenen, vaak verstrengeld met dat van hun bewuste hypocrisie, heel veel bijval genoten. Het meest typische boek van Mauriac, in dat opzicht, is *La Phariséenne*. Ook Bernanos heeft zich, nog intenser, gepassioneerd voor de schijnmanoeuvres van de ziel om zich zelf en anderen te bedriegen. Meesterlijk heeft hij enkele leugenaars met diabolische sluwheid getekend. Poserend trekken zij de muur van een schijn-persoonlijkheid op tussen de wereld en zich zelf, ze geraken zelfs zodanig in hun eigen comédie verstrikt dat ze hun vermommingen als hun eigen wezen menen te herkennen, en ten slotte radeloos-wanhopig gaan rondwalen in hun eigen wezen als in een labyrint zonder uitkomst. Niet bij machte hun authentieke „ik” nog terug te vinden, gaan zij aan psychische aberraties en waanzin ten onder.

Ter illustratie zou ik nog kunnen wijzen op Julien Green, Huxley en zovele anderen die het zelf-bedrog magistraal hebben behandeld als een noodlot van de mens, of als een psychische ontwrichting, die in haar onontwarbare verwickelingen de ziekte en de perversiteit van de menselijke ziel schrikwekkend openbaart. Huxley heeft zelfs, met een ongenueanceerde veralgemening, die men in de moderne letteren vaak vindt, dit zelfbedrog veralgemeend tot een onontkoombare levenswet, wanneer hij bijvoorbeeld Enid in *The World of Light* laat vaststellen: „Why are we all such cowards and liars? I believe there's a cowardly lie at the bottom of every soul. Perhaps there's got to be. Perhaps it's the only condition on which we can ever be happy.”

De grote actualiteit van het thema en zijn ruim succes in deze tijd werden in dit jongste decennia nog verhoogd door het existentialisme. De existentialistische literatuur

heeft immers een sterke voorkeur voor het probleem van het zelfbedrog getoon. In de hedendaagse letteren verspreidt zij op ruime schaal de gedachte dat de mens uit zijn diepste aard een zich-zelf-bedriegend wezen is. Heidegger heeft zich, met hartstochtelijke luciditeit, bezonnen over de pogingen van de mens, om van uit zijn existentiële situatie te vluchten naar het oneigenlijke leven van „das Man,” waar hij poogt aan de angst, de dood, de radicale eindigheid, de absurditeit van het authentieke bestaan te ontkomen. Bang om de „Durchsichtigkeit” van zijn tragische werkelijkheid op zich te nemen, te laf om ze met „Entschlossenheit” tegemoet te gaan, zoekt hij alom naar verstrooiing. De scherpe analyse, die Pascal aan de menselijke verlangen naar „divertissement” heeft gewijd, wordt hier weer opgenomen, en het zelfbedrog wordt als een wezenlijk grond-kenmerk van onze zwakke natuur beschouwd. Sartre ziet de zelf-ontvluchting als een tyrannieke behoefte in ieder mens. De vlucht uit de angst, d.i. uit het absurde van het bestaan, noemt deze Franse auteur de „mauvaise foi” waarmee de „salaud” zich een aange-naam maar onecht bestaan voorspiegelt, zich in slaap sust, om aan het echte en tragische te ontkomen. „Ploerten” van dit kaliber spoort hij vooral op onder de bourgeois, die zich graag vermommen in welvaart en aanzien, en onder de humanisten, die zich draperen in de ficties van morele systemen. Met een soort duivels genot speurt hij, in zijn letterkundige werken, alle kronkelwegen na van 's mensen innerlijk bedrog doorheen al de dubbel- en veelvoudplooingen van zijn bewustzijn.

Ook de christelijke existentialist Gabriel Marcel heeft de ingeboren neiging van de mens om de wanhoop uit zijn leven te weren en zijn bewustzijn tegen zich zelf te maskeren als een der hoofdthema's in zijn werk ontwikkeld. Marcel wordt tot overdrijvens toe gepassioneerd door het beeld van de mens die wil goed staan met zich zelf en daarom vlucht naar oppervlakkig vermaak en honderdvoudige Spielerei. Leest men zijn toneelstukken, dan is men voortdurend gedwongen over de personages te vragen: wat is waarheid in hen? wat is bedrog? Waar houdt in hen de waarheid op en begint de leugen? Marcel dwingt er ons toe diezelfde vraag te stellen over ons eigen leven. Staan wij waarachtig of onwaarachtig tegenover onszelf en de anderen? Wij weten het zelf niet. Wellicht zijn echtheid en bedrog schijn en wezen in ons zodanig vermengd dat niemand deze complexiteit kan ontwarren. Marcel overlaadt ons met het beklemmend gevoel dat niemand zich zelf,

noch a fortiori de anderen voldoende kan doorschouwen om met de zekerheid vast te stellen dat er echtheid of wel onechtheid heerst. De mens blijft een raadsel waarin veelvuldige mogelijkheden tot zelfbedrog verborgen liggen. De meest mysterieuze verstrengeling van levensleugen en levensechtheid vindt men wellicht in de figuur van Ariane Varet uit *Le Chemin de Crète*. Niemand zal ooit met laatste zekerheid kunnen zeggen of Ariane die haar echtgenoot in zijn buitenechtelijke verhouding met de jonge violoniste Violette Mazargues steunt, en hem zelfs tot een huwelijk met haar wil brengen, door zuivere of achterbakse, eerlijke of perverse intenties wordt geleid. Wilde zij goed doen of zocht zij, op bedekte wijze, alléén haar eigen bevrediging? De bedoeling van Gabriel Marcel is zijn lezers eenvoudig te plaatsen voor het raadsel van een concreet bestaan en het als een onontwarbaar raadsel te belichten. Daaruit volgt, als morele conclusie, dat het beter is niet te oordelen, eventueel te veroordelen. Ons innerlijkste wezen is immers mysterie dat men kan tegenwoordig stellen maar niet verklaren. Dezelfde visie op het raadsel van de mens schenkt Marcel in *La mort de Demain* met inzonderheid de figuur van Jeanne Framont, in *La Soif*, met Eveline Chantrain, en in *L'Horizon* met Germain Lestrade.

De moderne visie op het mengsel van zuiverheidsdrang en leugen, dat de mens zou zijn, heeft ook het hare bijgedragen om in de moderne literatuur het geloof in objectieve waarden te ondermijnen. Vele hedendaagse schrijvers beschouwen het zedelijk bewustzijn en het oordeel over alle waarden als louter-subjectieve en uiterst betrekkelijke feiten. De mens is de enige maat van de waarheid, er zijn zoveel waarheden naar keuze als er mensen zijn, en in ieder mensenleven worden zij geschapen en gewisseld volgens de subjectieve toestand van het ogenblik. Men kan deze geestesgesteldheid in een hele sector van de moderne letteren, als volgt karakteriseren: Ik kan geen oordeel vellen over dingen, die buiten mij staan, en al mijn oordelen zijn uitsluitend bepaald door mijn subject in de labiele conditie, waarin het zich bevindt. Wanneer ik zeg dat God bestaat betekent dit slechts dat ik op dit ogenblik om ene of andere wellicht onbewuste reden graag heb dat God bestaat. Het wijsgerig probleem der waarden wordt volkomen gepsychologeerd. De waarden hebben geen objectieve of absolute zin; wij maken ze uit onze behoeften en wensen, maar wij bekennen dat meestal niet aan ons zelf.

Evenals aan elk zedelijk oordeel of waarheidsgetuigenis objectieve en algemeen geldende zin wordt ontzegd, zo wordt

ook onze visie op de stoffelijke dingen subjectief en uiterst labiel geacht! De wereld der dingen is steeds een vaag-duistere achtergrond, onbenaderbaar en zinloos. Zij is onhomogeen. Wij trachten haar door intelligibiliteit zin en eenheid te geven, maar dit wereldbeeld blijft een puur-artificiële constructie van het verstand. De stofdingen hebben niet blijvends; er is in hen geen onveranderlijke en blijvende kern, geen substantiële eenheid, en meer dan voorbijgaande eigenschappen zijn ze niet.

Dit vervloeiende wereldbeeld zonder enige vaste waarde of waarheid, in voortdurende wording en zin-loze wijziging, hebben filosofen als Heidegger en Sartre, schrijvers als Pirandello, Joyce, Woolf e.v.a. uitgebeeld. Zij veroordelen onze waarheden en waardescheppingen als volkomen subjectieve en immanente constructies, waardoor wij menen greep te hebben op de dingen, maar in feite ons zelf bedriegen, want wij worden weerloos meegesleurd in de blinde verloop van het leven, dat steeds naar ontbinding voert. Het is dan ook geen wonder dat in zulke literatuur de mens zijn geestelijke waardigheid heeft verloren, en hij vernederd wordt tot een absurd wezen, zonder doel of zin. Welke demonie schuilt in deze literatuur, die de mens zó brutaal en grenzeloos verguizen wil?

ASPECTEN VAN HET INDIVIDUALISME

De ontleding van het bewustzijn, tot ontrafelens toe, heeft in de moderne literatuur het besef van de fundamentele eenzaamheid van ons „ik” verscherpt. Slechts wie het mysterie van zijn persoonlijk wezen heeft doorvorst en doorleefd, kan ten volle weet hebben van de betreffende geslotenheid van zijn bewustzijn. Het is dan ook begrijpelijk dat de moderne literatuur door haar concentratie op het inwendig beleven, het thema van de eenzaamheid zou opdrijven tot een voorheen onbekende betekenis. Dit is met de Romantiek begonnen.

By die besprekings van die skilderye self, word daar, wanneer enigsins moontlik, die datum van vervaardiging gegee, 'n volledige beskrywing van wat te sien is op die stuk, en soms, wanneer dit te vertel is, 'n historiese anekdote oor die werk. Byvoorbeeld 'n skildery wat uit die ateljee van Van Miereveld kom, is hierdie interessante mededeling, wat bewys lewer dat daar tog altyd in skilderye belangstelling was: „Over dit schilderij is een hele correspondentie gevoerd, waarvan op de achterkant van het paneel melding gemaakt word. Daar leest men o.m. dat J. F. van Someren, de toenmalige expert op het gebied van de portretten van de Oranjes, in 1892 op grond van een goede foto van het schilderij als zijn mening te kennen gegeven heeft, dat het waarschijnlijk een portret is van de stadhouder van Friesland Ernst Casimir van Nassau op vier-en-veertig-jarige leeftijd en dat het uit 1628 dateert.”

In 'n groot mate is die boek 'n geweldige aansporing tot verdere ondersoek. En aangesien dit heel aan die begin reeds aangevoel word, en deur die hele werk die leser daarvan bewus bly, kan die rede hier gegee word. In 'n sekere sin is die oorsig onvolledig. Hiervan is die skrywer geheel en al bewus, en dikwels stel hy 'n vraag wat hy self nog nie kan beantwoord nie. Dikwels is daar 'n aanduiding wat nie heeltemal seker is nie; dikwels is 'n handtekening of monogram onduide-

lik, en dan kan die skildery aan verskillende skilders toegeskrywe word; soms is daar 'n datum op die doek aangebring wat 'n leidraad sou wees, maar dikwels is dit ook onduidelik. Dit gebeur meermale dat die skrywer die feit betreur dat die skilderye in so 'n slegte toestand is, maar deur gebrek aan goeie restaurateurs moet die skilderye maar vuil en onbewerk bly. Deur die hele oorsig is daar dus 'n uitdaging — 'n uitdaging tot verdere en grondige navorsingswerk op die gebied van die skilderkuns hier in ons eie land.

Die skilderye word op 'n uiters oorspronklike, aangename manier behandel, en die leser word op so veel attent gemaak dat die boek partymaal as 'n les in hoekom-te-kyk beskou kan word. Die beskrywing is nie altyd die droë „op die linker voorgrond staan 'n boom” ens. nie, maar die skrywer lewe in die skildery, en so-doende gee hy sy liefde vir die werk weer, wat die leser dan ook meer aanlok. Hier is 'n voorbeeld: Dit gaan oor 'n landskap geskilder deur Philips de Koninck. „Het is een vlak landschap, maar zó geschilderd, dat men er in verdwalen kan. In gedachten maakt men er lange wandelingen in. Men praat met de visser die aan het kanaal zit, loopt een eindje op met de landarbeidster aan wie haar zoontje vragen stelt, kijkt met bewondering naar het herenhuis, koelt de moede voeten in de rivier, en rust uit in het stadje met de rode daken, om verkwikt de tocht voort te zetten naar de geheimzinnige heuvelen.”

Ons word gehelp met 'n afbeelding. Maar sou 'n afbeelding werklik nodig wees met so 'n lewendige beskrywing? Sou ons nie al vanself 'n taamlieke akku-

rate voorstelling van die skildery kon vorm nie? Maar, al is die voorstelling wat ons gevorm het akkuraat of nie, die skrywer laat ons nie meer die skildery so gou vergeet nie.

Die boek is geïllustreer met 'n hele aantal uitstekende, duidelike foto's wat vanself al 'n rede is om die boek deur te kyk, en wat ook 'n goeie beeld gee van die Nederlandse sewentiende-eeuse skilderkuns.

Dit is nie 'n maklike werk om deur te lees nie. Dit verg 'n groot mate van konsentrasie, want daar is byna geen sin wat nie 'n belangrike feit meedeel nie. Maar aan die einde van elke hoofstuk voel ons verryk.

Enige jare terug het mnr. John Paris 'n reeks praatjies „An Adventure in Seeing” genoem, en hierdie boek kan wel seker ook so 'n avontuur genoem word, want ons maak kennis met skilderye waarvan ons nie geweet het nie, en ons sien dinge wat ons voorheen nooit opgelet het nie. In die slotwoord sê die skrywer dat Suid-Afrika dankbaar mag wees dat daar in ons openbare geboue so veel goeie voorbeelde van die Nederlandse en Vlaamse sewentiende-eeuse skilderkuns te sien is, maar ons kan ook dankbaar wees dat iemand so veel tyd en moeite daaraan gegee het om die skat vir ons te openbaar.

F. HARMSSEN.

Beskouings van ons Lesers

DR. W. J. VILJOEN SE HOUDING

Geagte Redaksie,—Dat dr. W. J. Viljoen 'n bondgenoot van Afrikaans was, volgens 'n brief van die heer W. G. Wessels in u uitgawe Jaargang 2, no. 1, bl. 111, blyk my na 'n misduide voorstelling. Feit is dat dr. Viljoen in sy houding teenoor voorstanders van Afrikaans hom nooit skuldig gemaak het aan bitsige of prikkelende uitinge nie, maar dat sy optrede deurgaans gekenmerk was deur besadigde, kalmerende gebaar. Feit is verder dat hy die uitgesproke leier was van die beweging vir *Vereenvoudigde Nederlands* (V.N.S.) wat deur sy invloed en medewerking van onderwysers in 1904 ingevoer en erken is op skool en universiteit, en so vanself bly staan het op die standpunt van Nederlands. En hierdie verknogtheid aan die saligmakende V.N.S., pas aanvaar deur die onderwyserswêreld, maak die destydse, hewig-antipatie teen Afrikaans begryplik.

Enkele feite in verband hiermee mag verhelderend wees.

Reeds in Augustus 1906 het ek in 'n privaat onderhoud met dr. Viljoen sy standpunt goed genoeg leer ken om te weet dat van hom geen positiewe hulp te wagte was nie. En 'n week of twee na my lesing in Wellington (12/10/1906) „Is Afrikaans 'n dialek?“, 'n vraag wat met besliste *nee* be-

antwoord is, het dr. Viljoen as teëset en op aandrang van be-roerde siele in dieselfde saal 'n lesing gehou met die titel „Wat is nu eigenlijk onze taal?“ Aangesien hy egter geen poging gemaak het om my stelling wetenskaplik te weerlê nie, dit skaars benader het, tensy die sydelingse opmerking dat Afrikaans op sy plek is wanneer in 'n verhaal die karakter Afrikaanssprekend gegee word, soos Cremer e.a. se dialeksprekendes, moes inhou dat die skriftelike gebruik van Afrikaans hiertoe beperk behoort te word en dat Afrikaans dan as dialek sou moet geld, wat natuurlik nog net partikuliere mening is, was daar geen rede om hom van antwoord te dien nie. Ook net mening het gebly die waarskuwing dat die skryftaaltjie losgemaak van Vondel e.a. plat getrap sou word onder „de ijzeren voetzolen“ van die Engelse reus.

Die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) op 3 Nov. 1906, wat hom sou bewywer vir Afrikaans as geskrewe taal, het reaksie gewek by die Kongres van die Onderwysersunie (Strand, 20-21 Desember 1906) waar 'n dag lank gedebatteer is omtrent die houding wat die Unie teenoor die A.T.V. moes inneem. Op hierdie vergadering

was net drie pleitbesorgers van Afrikaans: dr. A. I. Perold, mnr. G. P. du Toit en skrywer. En hoewel hier soms onverkwiklike woorde geval het, was dit aan die kalmerende houding van die voorsitter, dr. Viljoen, te danke dat die besluit om die A.T.V. te steun in sy poging om Afrikaans as gesproke taal te suiwer, aangeneem is.

Die jaar 1907 was strydjaar. Maar dat dr. Viljoen konsekwent op sy voetstuk van V.N.S. bly staan het, blyk ook uit die eenaardige onderneming van sommige studente op Stellenbosch, lede van „Ons Spreekuur,” ’n letterkundige vereniging onder leiding van dr. Viljoen, nl. om Nederlands onder mekaar te praat en dit in hulle toekomstige gesinne deur te voer. Dit egter as praktiese reaksie op die onoorkoomlike argument dat Nederlands in S.A. as omgangstaal geen basis het nie en nooit kan hê nie.

In die volgende jare is geen bewys te vind van enige verandering in die houding van dr. Viljoen nie. Die stryd is bygelê deur die stigting van die S.A. Akademie. Viljoen sowel as Langenhoven het vasgehou aan Nederlands. Maar toe laasgenoemde omswaai omstreeks 1910, het hy ’n magtige woordvoerder

vir en beoefenaar van Afrikaans geword.

Vanaf 1910 was dr. Viljoen direkteur van onderwys in die Vrystaat sonder geleentheid vir openbare meningsuiting oor ’n saak wat stilweg gegroei het, terwyl hy al deur tot selfs in die private omgang Nederlands gebesig het waar Engels oorbodig was.

Die besluit van die Provinsiale Raad (Vrystaat) in Junie 1914 omtrent Afrikaans het veel verder gereik as in die Langenhovenmosie (Kaapse Provinsiale Raad, April 1914) voorsien was. In Kaapland het dit gegaan oor toelating van Afrikaans as medium tot by std. IV, in die Vrystaat sou Afrikaans ook nog as vak ingevoer word deur die skool. In die onderhoud wat ander en skrywer met dr. Viljoen gehad het daarna met die oog op praktiese verwesenliking hiervan, was sy houding ridderlik en tegemoetkomend. Vanaf 1917 sou Afrikaans as vak in die skole ingevoer word, beginnende by die onderste standers mits die Akademie sy goedkeuring heg aan die skoolboekies in voorbereiding.

Ek glo dat die heer Wessels dr. Viljoen se versoenende optrede aangesien het as positiewe, bondgenootskaplike houding.

D. F. MALHERBE.

ONS LETTERKUNDIGE KRITIEK

Geagte Redaksie, — Sedert die verskyning van u blad dreig ek al om u geluk te wens met die goed versorgde inhoud en voorkoms van *Die Tydskrif vir Letterkunde*. Na die artikel van Albert Westerlinck oor die krisis van die persoonlikheid in Moderne Europa, na Van Melle se „skets” waarin ons op onderhou-

dende wyse voor die grondprobleme van die kuns te staan gebring word, kan ek nou nie nalaat om u te skryf hoeseer ek u blad waardeer nie en moet ek u gelukwens met die duidelike styging in die gehalte van elke nommer tot dusver.

Aan die gelukwensing wil ek graag ’n pleidooi koppel.

Dit is nou al jare dat ek die geklets lees wat in Afrikaanse tydskrifte vir kritiek deurgaans, bloot omdat dit in Afrikaans geskryf is oor Afrikaanse boeke. As ons dit vergelyk met wat in buitelandse tydskrifte van letterkundige aard verskyn, val die vergelyking baie sleg uit vir die Afrikaanse kritiek. Hoofsaaklik mik ek hier op die sogenaamde kritiek wat in tydskrifte verskyn, maar 'n mens sou ook 'n paar boeke kan noem wat onlangs hier onder die naam van kritiek en literatuurgeskiedenis verskyn het. My pleidooi staan in verband met dié kritici, verreweg die meeste in hierdie land, wat sonder uitsondering weinig begrip toon vir letterkundige of estetiese grondvrae nie, wat meestal nie goed verstaan wat hulle lees nie. Ek praat nou van dié wat nog gedigte parafraseer, doelloos invloed soek, die een digter teen die ander opweeg met waardebepalings en maatstawwe wat wissel na gelang van die skrywer wat behandel word; dié wat nie van 'n „treurige” tema hou nie, omdat hulle dit vrolik wou gehad het, wat nie van „onbenullige” karakters in 'n roman hou nie, wat 'n ander opset sou verkies het al sou dit die boek se gehalte aangetas het. Ek dink ook aan dié kritici wat gedurig 'n hele string klassieke skrywers noem om vergelykings te trek waar daar geen vergelyking te trek is nie — die gevolg daarvan dat nóg die een nóg die ander behoorlik gelees en begryp is; aan dié wat gevolgtrekkings maak, maar die premisse skuldig bly; aan dié wat soos 'n Koning Eenoo met splinternuwe teorieë voor die dag tree wat eintlik nie heeltemal nuut is nie; aan dié wat hulself van die een paragraaf na die

ander weerspreek, wat die terme wat hulle gebruik, nie verstaan nie, wat oordeel en veroordeel volgens vooropgestelde -ismes, die onbeskaafdes wat beledigings rondslinger as 'n vraag na aanleiding van hulle kritiek gestel word, die partisane wat 'n (letterkundige) partygees in hulle omdra, die neurasthenici wat die kritiek 'n uitlaatklep vir hulle neurose en gefnuikte ambisies wil maak, die „geestelike” parvenu's wat hulle verbeel het, aangesien hulle iets net ontdek het, dit vir die hele land iets nuuts behoort te wees, die geleerde wat nie van die hooffiguur in 'n roman hou nie „omdat hy intellektueel so onryp is dat sy gedagtegang weinig kan interesseer” (hoe 'n mens dit ook al moet uitlê), die regters wat hulle ewig vasstaande uitsprake vel met die nommer van die artikel en die bladsy van die wetsboek: „'n Satire veronderstel noodwendig 'n teenstelling tussen skone skyn en harde werklikheid!” Hier bedoel ek dié kritici en uitsprake wat die grootste kritici van Europa hulle hoof in skaamte sal laat buig oor hulle verkeerde bevindinge en opvattinge oor letterkundige werke — bloot die gevolg daarvan dat hulle nog nie 'n Afrikaanse boekegids gelees het nie. Ek dink hier aan 'n uitspraak wat ek vandag nog gelees het: „Die hoofklem val op intellektuele en geestelike prosesse wat uitvoerig beredeneer word in 'n subjektiewe trant” (wat dit ook al beteken). Dit maak nie saak of 'n karakter so uitgebeeld word dat ons kan sien waarom hy sus of so voel en dink nie, Proust, Moravia, ja, julle almal moes geweet het hier is 'n Afrikaanse kritikus wat dit afkeur. Weet julle dan nie dat „vormgewing”

en redenasie nie saamgaan nie? En Valéry, Rilke, Kant, julle almal wie se naam in ons artikels ons eer aandoen, kom lees in die Afrikaans kritiek wat julle eintlik gesê het! En dan kan Croce, Thibaudet, Momigliano, Vossler, Kayser nog goeie maniere kom leer by ons kritici wat terselfdertyd opvoeders van die jeug is!

Is dit nou nodig om te sê waarop my pleidooi neerkom? Lei ons, al soekende, die wêreld van die kritiek binne. Laat ons ons maar lievers skool aan die groot Duitse, Frans, Engelse, Italiaanse, kritiek! Kan u sien watter heilsame invloed die kennis van die Duitse en Franse letterkunde vir Westerlinck was? Laat ons, as dit moontlik is, tot helderheid kom oor die woorde wat ons gebruik as ons oor 'n letterkundige werk praat. Laat ons soek wat daar te soeke is in 'n kunswerk. Ons wat nie kritici is nie, wat bloot liefhebbers van die letterkunde is, wat onder meer nie kan

begryp wat mense bedoel as hulle hulle oë toekny en sê dat ons poësie *as geheel geneem* beter is as al die romans *saam* geneem nie, ons wat nie bekeerlinge of universiteitsloopbane of eer soek nie, ons wat in ons jongdae só lank die slagoffers was van manne wat jarelange opleiding oorsee geniet het, wil net die wêreld van die skone binnegelei word, ditsy deur kritiek, ditsy deur oorspronklike werk. Om hierdie leiding pleit ek. Ons het dit nog nooit gehad nie! U kan dit gee, nie deur orakelspreuke te verkondig nie, maar deur eerlik en opreg te soek — die wysheid bly 'n begeerte! Lei ons langs die weg van die ware na goedheid en skoonheid soos hulle in die grootste letterkunde saamgesmelt het.

In hierdie brief moes ek terloops op 'n paar gebreke wys wat in ons kritiek voorkom. Die bewyse is byderhand as iemand twyfel.

F. P. VAN DER MERWE.

Uit die Tydskrifte

Critisch Bulletin, Januari 1952: Onder die opskrif *Monument en Document* verwelkom Anthonie Donker die nuwe uitgawe van Leopold en wys op verskeie onverantwoorde wysigings van die vorige uitgawe. Dr. Julius de Boer skryf oor Leopold en Verlaine en in *Man tegen Man, Vers tegen Vers* kritiseer D. A. M. Binnendijk Hendrik de Vries se *Vers tegen Vers* en De Vries lug sy mening oor Binnendijk se *Tekst en Uitleg*. Dit kom nogal eenaardig voor dat albei mekaar van dieselfde swakheid beskuldig: die beoordeling van 'n gedig op sigself en buite sy verband in die digter se kuns. C. J. E. Dianux beoordeel B. Stroman se roman-orsig *Overzicht en Indrukken* en H. Welek meen in Ernst von Salomon se *Der Fragebogen* 'n subtile herlewung van anti-semitisme te bespeur. Sy artikel dra die klinkende titel *Sluipmoordenaars oefenen op de democratie*.

Februari 1952: Anthonie Donker skryf 'n boeiende beskouing oor die gestorwe. Tagtiger Lodewijk van Deyssel en karakteriseer sy kunstenaarskap soos volg: „Hij bezat tot in de hoogste mate, tot in het geniale, het orgaan voor de bijzaken, maar hij miste . . . het orgaan voor de hoofdzaken.” Paul de Rijck se bloemlesing *Vlaamse Dichtkunst van deze Tijd* word nie al te vleiend deur Karel Jonckheere ontvang

nie, en dieselfde lot val dr. G. A. van Es se uitgawe van die Sint Servaes Legende te beurt in 'n bespreking deur Maartje Draak. P. Geyl skryf geesdriftig oor die publikasie van Huizenga se versamelde werk en David Scheinert bespreek enige Waalse skrywers.

Dietsche Warande en Belfort, Jan. 1952: 'n Lang gedig van Anton van Duinkerken, *De Waaiende Vlam*, open hierdie uitgawe. In *Kerstmis te Saloniki* beeld André Demedts die verskil uit tussen die mens wat bereid is om vir sy beginsels te sterwe en die een wat geen oortuiging besit nie. Albert Westerlinck bespreek *Thema's van het Lichaam in de moderne literatuur* en Pierre Berteloot deel een en ander mee oor *Gedachtenleven in Frankrijk*, terwyl Willem Enzinck 'n interessante artikel lewer oor *Hedendaagse letteren in de Groot-Hertogdom Luxemburg*.

Februari 1952: Prof. E. Lousse lewer 'n regs kundige artikel oor *Beloften voor het leven* en Pieter G. Buckinx skryf oor *Hoornik en de angst-psychose*. In laaste instansie bewys hierdie artikel weereens dat sielkundige of wysgerige benaderinge van poësie nie ook terselfdertyd waardebepeleend kan wees nie. André Demedts beoordeel Marnix Gijsen se nuwe roman, *Klaaglied om Agnes*, en na aanleiding van 'n Franse pu-

blikasie bespreek A. Wylleman *Christelik geloof en hedendaags denken*. M. Duchateau bring hulde aan die gestorwe Vlaamse skilder Constant Permeke wat hy beskryf as „de meest typische en de meest volledige verteenwoordiger van het expressionisme ten onzent.” Die nommer bevat verder gedigte van Louis de Bourbon en Maria Vranken asook kortverhale van Carel Swinkels en Jos van der Steen.

Maart 1952: 'n Verhaal (of fragment) van Raymond Brulez, *De Ongenoemde* laat by 'n mens die vraag ontstaan of die vermenging van die reële en die ir-reële, wat hy skynbaar hier beoog, suksesvol uitgebeeld kan word deur prosa, en dan nog deur die rustig-beskouende prosa wat hy skryf. Prof. Mag. A. Mansion huldig die hernuwer van die Tomisme, kardinaal Désiré Mercier en prof. J. van Mierlo S.J. bespreek onlangse publikasies wat betrekking het op Middelnederlands. Voorts bespreek Albert Westerlinck 'n werk oor die geskiedenis van die estetika in die Renaissance en dr. Theo Luykx skryf oor „De jongste literatuur over ons nationaal verleden.” Anton van Duinkerken huldig die nagedagtenis van Van Deyssel in 'n kort maar treffende bydrae.

De Gids, Febr. 1952: Anton van Duinkerken se rede by die begrafnis van Lodewyk van Deyssel word afgedruk asook gedigte van Pierre Kemp en Bert Voeten. Die Duitse besetting van Nederland word weer in die herinnering geroep deur die novelle van Ferdinand Langen, *Een feest tot aan de morgen* (voortgesit in die Maart-uitgawe) en A. Kessen se *Historiographie van het Verzet*. P. Geyl se indringende studie oor *Busken Huet als Geschiedschrij-*

ver word voortgesit en J. G. van der Ploeg bring 'n treffende hulde aan die nagedagtenis van wyle prof. Ph. Kohnstamm, in lewe leier van die nutseminarium te Amsterdam.

Maart 1952: Langen se novelle en Geyl se Huet-studie word in hierdie nommer afgesluit. 'n Ongegewoon onpartydige *Symposium over Apartheid* word behartig deur J. B. Th. Spaan. Dit is verblijdend dat so 'n stuk, wat verskeie menings oor apartheid weergee, in so 'n toonaangewende blad soos *De Gids* verskyn: dit bied aan die intellektuele Nederlander iets anders as die gewone sensasiepraatjies en stel ons naturelle probleem in 'n besonder juiste perspektief.

Koers, Feb.-April 1952: Hierdie puik Van Riebeeck-feesuitgawe bied 'n aantal belangwekkende artikels deur bekende gesaghebendes. Prof. J. D. du Toit se rede by geleentheid van die Van Riebeeckfees te Potchefstroom verskyn onder die titel *Transformasie soos deur Vuur*. J. S. du Plessis sorg vir 'n biografiese skets van Van Riebeeck en twee Nederlandse geleerdes, dr. A. A. van Schelven en dr. H. Smitskamp skryf onderskeidelik oor *De statuut van Van Riebeeck en de betekenis van de volksplanting en Oorzaken en gevolgen in de Kaapsche geschiedenis ten tijde van de Compagnie*. Die Potchefstroomse hoogleraar in wysbegeerte, prof. H. G. Stoker, lewer 'n indringende beskouing oor *Calvinisme as wortel van ons volksbestaan*. Ander bydraes deur geleerdes soos dr. J. P. Jooste, dr. D. W. Krüger en dr. J. Chr. Coetzee (om maar enkeles te noem) maak dit 'n uitgawe wat elke Afrikaner behoort te besit.

De Nieuwe Taalgids, tweede

aflewering, 45e jaargang: Die bekende stilistiek W. Kramer bespreek *Wezen en waarde der litteraire stylkritiek* en sê dat die stylkritiek die kunswerk beskou as *organisme, als incarnatie der idee*. F. Jansonius wys op die invloed van Heine op Hildebrand en J. Haantjes bewys in 'n lang artikel wie Revius se *Prince* is. Benewens nog talle ander kort artikels, bevat die blad verskeie aantekeninge en boekbesprekings.

Standpunte, Maart 1952: Die hoogtepunt van hierdie uitgawe is sonder twyfel die eerste bedryf van Lorca se *Yerma* wat beskryf word as 'n tragiese gedig in drie bedrywe en ses tonele. By die deurlees van hierdie bedryf (die ander twee verskyn later) kan 'n mens nie anders nie as om die redaksie gelyk te gee in hulle bewering dat Krige se vertaling „een van die soepelste wat hy nog uit die werk van hierdie Spaanse digter gemaak het,” is. Twee taamlike lang Engelse bydraes verskyn ook: *The Tame Ox*, 'n kortverhaal deur Jack Cope, en 'n gedig deur F. D. Sinclair, *The Island*. Meyer de Villiers skryf oor verhalende prosa van onlangs, maar vanweë die verskeidenheid en aantal werke wat hy bespreek (asook sy beperkte ruimte) kan hy nie juis sy beslissings altyd motiveer nie. P. J. Nienaber se *Perspektief en Profiel* word bespreek deur Merwe Scholtz, en soos hyself sê: „Ek weet . . . nie meer goed of ek hier 'n beskouing oor òf na aanleiding van *Perspektief en Profiel* gegee het nie.” Verder skryf W. A. de Klerk oor die probleme van die dramaturg.

De Vlaamse Gids, Jan. 1952: Gabriela Mistral se *Poemas de las Madras* word vertaal deur Karel Jonckheere en C. L. Sciarone skryf 'n kortverhaal *De Kus in*

de Kerk. Die digter Ed. Hoornik skryf met bewondering oor M. Nijhoff van wie hy o.a. sê: „(Het is) . . . alsof hij . . . van vers tot vers bereikte, wat een nieuwe generatie dichters in vage en schaarse theoretische beschouwingen voor oogen stond, en wat zij in haar creatieven uren nog te zelden verwezenlijkte.” Hy sien Nijhoff se poësie dan ook as die spanning (en versoening) tussen „hemel en aarde.” Jan Schepens roep weer die 27e Nederlandse Taal- en Letterkundig Congres in 1902 in die herinnering. Aandag word ook gewy aan die woorde van die Afrikaanse afgevaardigdes en hulle versoek dat Afrikaans as 'n selfstandige taal erken moet word. Die Tweede Vryheidsstryd word ook te berde gebring in H. van Werveke se bespreking van H. Hettema jr. se *De Nederlandse Stam in Zuid-Afrika*. Verskeie gedigte verskyn ook in hierdie uitgawe, o.a. vier verse van M. Mok.

Feb. 1952: 'n Kortverhaal van F. Bordewijk, *Wees Gewaarschuwd*, open die aflewering. André de Ridder skryf oor die gestorwe Richard Baseleer, „de geliefde schilder van den Scheldestroom en van de grote havenstad.” S. de Madariaga skryf oor die eenheid van Europa en Stefan Glaser bespreek *De Ontwikkeling van de Internationale Rechtspraak*. M. Stijns sien in die toenemende papierprys en drukwerk-belasting 'n bedreiging vir persvryheid en vir Willy de Clerq beteken die isolasionisme in die V.S.A. „een ware bedreiging voor de vrije wereld.” Jan Schepens bespreek die werk van Raymond Brulez en Harry Cox meen dat Arnold Schönberg se pogings om musiek te skrywe sonder 'n bepaalde oorheersende toonaard op

'n dooiepunt afstuur: sy artikel word trouens *De Dodecaphoeniek en de Moderne Stromingen in de Muziek* genoem.

Maart 1952: Jan Walravens se roman *Roerloos aan Zee* trek baie aandag in hierdie uitgawe. Jan Schepens beoordeel dit en *Boontje* bespreek dit waarderend in sy rubriek „Geniaal . . . maar met

te korte beentjes.” Walravens kom self ook aan die woord en weerlê Herman Teirlinck se bewering dat sy roman eksistensialisties is. André de Ridder skryf oor die beeldhouer Jozef Cantre, P. Lambrechts bespreek allerlei Arthuriana en Jozef Decleyre deel iets mee oor Stephen Leacock.

J. J. HUMAN.

Nuwe Afrikaanse Boeke

MAART—MEI 1952

Saamgestel deur P. J. Nienaber.

ROMANS EN VERHALE

- BEKKER, Johann. Die akrobate. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 221 bl. 7½ x 4¾. 10/6.
- BEUKES, Dricky. Ryp vrugte. Johannesburg. Voortrekkerpers, 1952. 217 bl. 7 x 5. karton. 10/- (10/6).
- BUSS, V. Maat van die nagwind. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 223 bl. 7½ x 5. 10/6.
- CLAASSENS, D. J., *en ander*. Berou kom te laat. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 7½ x 5.
- DIEMONT, Marius, *en andere*. In die skadu van die galg. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 180 bl. 7½ x 5. 10/-.
- GROEN, Sanet te. Pardon, mijnheer. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 278 bl. 7½ x 5. karton. 12/- (12/6).
- ENGELBERT, Willem. Moord by die swembad. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 257 bl. 7¾ x 5.
- HARTMAN, Wim. Waar die tremspore doodloop. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1951. 223 bl. 7¾ x 5. 10/6.
- HEEVER, C. M. van den. Vannag kom die ryp. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 248 bl. 7½ x 5.
- KOTZÉ, Ria. Jong liefde. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 76 bl. 7 x 4¾. pap. („Leesgenotreeks,” nr. 31). 1/6.
- LINDE, Marie. Om die beurt. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 81 bl. 7 x 4¾. pap. 1/6.
- LOMBARD, Thilda. Die verbode skildery. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 207 bl. 7¾ x 5½. karton (O.E.B. VI, 9). 11/-.
- LOTZ, Ronald. Maanlig-melodie. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1951. 223 bl. 7½ x 5. 10/6.
- MALHERBE, D. F. Die skeur van Vaalspruit. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 209 bl. 7½ x 5½. (O.E.B. VI, 12).
- MARÉ, Stephan. Die dood in strandklere. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 213 bl. 7½ x 5. 10/6.
- MATTHEE, A. J. Bergvallei. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 230 bl. 7¾ x 5½. („Ons eie biblioteekskema,” VI, 11).
- MINNAAR-VOS, Anna. En die stroom vloei voort. Pretoria, Keurbiblioteek, 1951. 236 bl. 7¾ x 5. 8/- (vir lede 6/-).
- NEL, Herman, B. F. . . . En die uitnemendste daarvan . . . Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 207 bl. 7¾ x 5. 8/- (vir lede 6/-).
- PRESTON, Mark. Largo. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1952. 315 bl. 7¾ x 4¾. 12/-.
- PRETORIUS, Beyera. Dalriada. Johannesburg, Dagbreek-boekkring, 1952. 238 bl. 7¾ x 4¾. 11/-.
- RENSBURG, Jan van. De Milde op die spoor! Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 78 bl. 7 x 4¾. pap. („Leesgenot-reeks”). 1/6.
- ROBERTSON, T.C., *en andere*. En aan jou nek sal jy hang. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 135 bl. 7½ x 5. 10/-.
- ROODT, Adriaan. Liefde in die berfs. Johannesburg, Goeie hoop-uitgewers, 1952. 207 bl. 7¾ x 5. 10/6.
- ROODT, Adriaan. Vier paaie na die altaar. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 227 bl. 7½ x 5. 10/6.

ROSS, Meg. Uit die stilte. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 254 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 10/6 (11/-).

ROUX, Braam le. Haat dan die mens. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1951. 215 bl. $7\frac{3}{8} \times 5$. 10/6.

SPARKS, A. C. En die waterval dreun voort. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 281 bl. $7\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. („Moresterbiblioteek," nr. 70). 10/6.

STANDER, Elizabeth. Die liefde van Lizelle. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 265 bl. 7×5 . karton. 10/-(10/6).

STEYN, Johannes. Die profeet Ben. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 201 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 8/- (6/- vir lede).

TEMPELHOFF, Jobann. Liefde vir Celia. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1951. 214 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$. 10/6.

TOIT, J. du. Dalk in die duister. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 80 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$. pap. („Leesgenotereeks," nr. 38).

TOIT, Nada du. Die leë kis. Johannesburg, Van Riebeeck-biblioteekskema, 1951. 212 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 10/6.

TOIT, Nada du. Onuitwisbaar die litteken. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1952. 230 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 10/6.

WAAL, J. H. H. de. Ek is die vader. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1951. 232 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 10/6.

WESSELS, Annemarie. Sy broer se nôi. Pretoria, Keurbiblioteek, 1952. 220 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 8/- (vir lede 6/-).

DRAMA

BEUKES, Gerbard J. Langs die steiltes; tekeninge deur Elly Holm. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 53 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$.

BLOEMLESING

MEIRING, N., *vers.* Afrikaanse gedigte vir gebruik in Engelse skole. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. [1952]. 80 bl. $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$. 7/-.

ESSAYS

BERG, Willem van der. Die asvaal ou Karoo en ander essays. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 127 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$. 8/6.

LETTERKUNDE

BEUKES, *dr.* Gerh. J., *en* LATEGAN, Felix V. Skrywers en rigtings. Pretoria, J. L. van Schaik, 1952. 326 bl. illus. $9\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. karton. 22/6.

NIENABER, P. J., *samessteller.* Jan Celliers, ons volksdigter. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 236 bl. illus. $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$. („Letterkundige biblioteek," nr. 10).

TAALKUNDE

SCHOLTZ, *dr.* J. du P. Nederlandse invloed op die Afrikaanse woordeskat. Kaapstad, Geoffrey Cumberlege, Oxford university press, bus 1141, 1951. 22 bl. $8\frac{3}{8} \times 5\frac{1}{2}$. pap. 2/6.

KINDERBOEKE

A.P.B.-komitee vir skoolboeke. Woord en daad; gegradeerde toneelstukkies en samesprakies vir stds. I en II. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 100 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. slap linne. — — —. Stds. III en IV. 1952. 140 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$.

— — —. Stds. V en VI. 1952. 162 bl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$.

AKKERHUYLS, Marie. Avonture van klein Tonie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 31 bl. $7 \times 4\frac{1}{2}$. pap. 2/3.

ALBERTYN, *dr.* C. F., *red.* Die Afrikaanse kinderensiklopedie, deel VII. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1951. 2689—3168 bl. $10\frac{1}{2} \times 7\frac{1}{2}$. 31/3.

ALBATROSS publishing kie. Inkleur boek. Durban, Albatross publishing kie., s.j. [1952?] [16] bl. illus. $12\frac{1}{2} \times 9\frac{1}{2}$. pap. 1/3.

ARIANA. Die verkleurmannetjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 36 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$. („Sonstraalstorieboekies," nr. 93). 1/6.

BOTHA, P. W. Speelmannetjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 64 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{1}{2}$. pap. („Sonstraalstorieboekies," nr. 92). 1/6.

GROBBELAAR, *dr.* J. J. G., *en* *andere.* Die koster vertel. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 51 bl. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. slap linne. („Excelsiorboekies" VI, 5).

GROVÉ, Henriette. Die lui bytjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 16 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies" II, 3).

JORDAAN, Johann. Dirkas in die knyp. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 139 bl. $7\frac{3}{8} \times 5$. 9/-.

JOUBERT, J. S. H. Mario en sy trawante. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 199 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. 9/-.

LOLA, *en* SCHOLTEMEIJER, H. Boggstories. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 9 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies" I, 2).

- MALTBY, P. Bennie en Bettie en die appelboom. Johannesburg, *verkrygbaar* Central News Agency, s.j. [1951?]. [16] bl. gekl. illus. $14\frac{1}{2} \times 9\frac{3}{4}$.
- MOLL, G. R. A., en LATSKY, Lulu. Slim diere. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 14 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies,” II, nr. 7).
- NELLY, Die skoelapper en die mot. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 6 bl. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies,” I, 5).
- PAUW, M., en GROVÉ, Henriette. Die maanligstraaltjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 20 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies,” II, 4).
- PAUW, René. Die vallei van spieëls. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 61 bl. $7\frac{1}{4} \times 4\frac{1}{2}$. pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 85).
- PREEZ, Marie du. Die stout vuurvlגיע; illustrasies deur Grethe Schonken. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 28 bl. illus. $9\frac{3}{8} \times 7$. pap.
- SIMPSON, Wm. D. Muntstukkies, waar kom jy vandaan? Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 35 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. slap linne. („Stokperdjie-reeks,” nr. 10). 4/6.
- SITA, Kleurig en fleurig. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 147 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{4}$. pap.
- SMITH, Topsy. Trompie, die dromer. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 144 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. („Trompie-reeks,” nr. 5). 7/6 (8/-).
- SMITH, Topsy. Trompie, die speurder. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 148 bl. $7\frac{1}{2} \times 5$. („Trompie-reeks,” nr. 6). 7/6 (8/-).
- SPENCE, Ela. Wolletjie Wipneus. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 11 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{4}$. pap. („Excelsiorboekies,” II, nr. 5).
- TOIT, Serena du. Gysie in die stad. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 173 bl. 7×5 . karton. 7/6 (8/-).
- VAN RIEBEECK kleurboekie/Colouring book. Johannesburg, Manne & McCann, *drukkers*, s.j. [1952]. [16] bl. $9\frac{1}{2} \times 7$. illus. pap.
- VISSER, Wanda. Ses stories vir klein mensies, deel II. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1952. 39 bl. $7\frac{1}{2} \times 4\frac{3}{4}$. pap. („Sonstraalstorieboekies,” nr. 91).
- VORSTER, Magriet. Oortjies en Kollertjies. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 16 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies,” I, nr. 1).
- WESELS, J. Die varkie se stertjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 8 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$. pap. („Excelsiorboekies,” I, 4).

GESKIEDENIS

- BÖESEKEN, dr. A. J., KRÜGER, dr. D. W., en KIESER, dr. A. Drie eeue: die verhaal van ons vaderland, deel I. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1952. 296 bl. illus. $9\frac{1}{2} \times 7$.
- — — Deel II. 1952 277 bl. illus. $9\frac{1}{2} \times 7$.
- BOSMAN, dr. D. B. Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana. [Kaapstad], die skrywer, 1952. 153 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$.
- HONDIUS, Jacobus. Klare besgraving van Cabo de bona Esperança: faksimilee van teks saamgestel deur Jacobus Hondius en deur hom in Amsterdam uitgegee, 1652. Met vertaling in Engels deur L. C. van Oord en van 'n inleiding en aantekeninge voorsien deur prof. P. Serton. Kaapstad, Komitee vir boekuitstalling van Van Riebeeckfees, 1952. 33, 37 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{2}$.
- HUGO, dr. Maria. Causaliteit in geskiedwetenskap: 'n metodologiese benadering. Pretoria, V & R *drukkers*, 1951. 76 bl. bibl. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. pap. 11/6.
- KOCK, Victor de. Ons drie eeue/Our three centuries. Kaapstad, Sentrale komitee vir die Van Riebeeckfees, 1952. 264 bl. illus. $11\frac{1}{2} \times 8\frac{1}{2}$. 21/-.
- MALAN, Francois Stephanus. Die konsensie-dagboek van sy edelagbare Francois Stephanus Malan 1908-1909; uitgegee en toegelig met inleiding en voetnote deur Johann F. Preller; Engelse vertaling deur A. J. de Villiers. Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1951. 284 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$.
- MERWE, ds. C. P. van der. My naam is Van der Merwe: Van der Merwe-gedenkboek (453-1952). Johannesburg, Van der Merwe-réunie-komitee, Kennetstraat 11, Kensington, 1952. 80 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 5\frac{1}{2}$. 10/-.
- RIEBEECK, Jan Anthonisz van. Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck, deel I, 1651-1655. Kaapstad, Van Riebeeck-vereniging, 1952, XLVI, 473 bl. illus. $10 \times 7\frac{1}{2}$.
- ROUX, A. B. le, en BÖESEKEN, dr. A. Jan van Riebeeck, vader van Suid-Afrika. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, s.j. [1952]. 32 bl. illus. $8\frac{1}{2} \times 6\frac{1}{4}$. slap linne.

TELFORD, A. A. 'n Besoek aan die „Dromedaris,” Jan van Riebeeck se skip; vertaal deur J. L. J. van Rensburg. Johannesburg, The Swan press, *drukkers*, s.j. [1952]. [24] bl. illus. 8½ x 10¾. pap.

GODSDIENS

CONRADIE, Ben. Mooi is die nagloed. Stellenbosch, C.S.V., 1951. 227 bl. 7¼ x 4¾. pap. 9/-.

CONRADIE, ds. W. S. Geskrewe kursuskema van die Ned. Geref. Kerk: reeks een: wenke vir Bybelstudie en lesse oor die Brief aan die Efesiërs. Kaapstad, N.G. Kerkuitgewers van S.A., s.j. [1952]. 70 bl. 9½ x 6. pap.

GERDENER, dr. G. B. A. Die blye boodskap deur drie eeue in Suid-Afrika. Kaapstad, N.G. kerkuitgewers van S.A., s.j. [1952]. 32 bl. 8¼ x 5½. pap. 1/9.

KLERK, dr. P. J. S. de. Die brief aan die Hebreërs. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 272 bl. 8¼ x 5¾. 25/-.

NED. GEREK. KERK. *Sendingkerk*. Sionsgesange. Ned. Geref. sendingkerk in S.A., s.j. [1951]. 439 bl. 8½ x 5½.

NED. GEREK. KERK. *Van Riebeeckfeeskommissie*. Die koms van Jan van Riebeeck: was dit ramp of redding? Stellenbosch, Pro ecclesia-drukkery, *drukkers*, s.j. [1952]. 7 bl. 8¼ x 5½. pap.

NEDERDUITS geref kerk. *Van Riebeeckfeeskommissie*. Ons bou 'n nasie. Kaapstad, N.G. kerk-uitgewers van S.A., 1952. 48 bl. 7 x 4¾. pap.

OLIVIER, ds. P. L. Ons gemeentelike feesalbum. Kaapstad, N.G. Kerkuitgewers, 1952. 608 bl. illus. 11 x 7½. 45/-.

TOIT, ds. G. D. du. Die drie briewe van Johannes. Stellenbosch, C.S.V., s.j. [1952]. 200 bl. 7½ x 5. 9/3.

TOIT, dr. H. D. A. du, *versamelaar*. Die evangelie vir ons tyd: drie-entertig predikasies. Pretoria, J. L. van Schaik, 1951. 211 bl. 8½ x 5½. 10/6.

MUSIEK

— — Warm patat. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950. 4 bl. 10½ x 8½. pap. (P.A.207). 2/-.

CARSTENS en DE WAAL. Antjie Parmantjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.51).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Bloubergstrand. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.59).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Ek droom in die skadu. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.53).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Kaatjie van die baan. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.61).

CARSTENS, en DE WAAL, Mammie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.65).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Mammie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11¼ x 8½. pap. (M.P.46). 2/-.

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Niemand se seuntjie. Johannesburg, Trutone Afrika, bus 9299, 1951. [2] bl. 11¼ x 8½. pap. (M.P.47). 2/-.

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Oom Sakkie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.60).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Piesang-polka. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.8).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Riksja booi. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.66).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Ses kleine kaffertjies. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.69).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Soos 'n ster in die nag. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.63).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Totsiens — tot wederom. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11¼ x 8½. pap. (M.P.48). 2/-.

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Vanaand is myne. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x ½. pap. (P.K.35).

CARSTENS, Nico, en WAAL, Anton de. Wag 'n bietjie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.64).

CARSTENS, Nico, WAAL, Anton de, en HUMAN, Hofmeyr. Hou die blink kant bol Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.62).

- CHRISTIANI, Eddy, en SCHEFFER, Pi. As die skemer daal op die velde; woorde deur Em. v.d. Brande. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951 [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.52). 2/-.
- COBB, Harold. Bolandse berge; woorde deur Pierre Malan. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.55).
- GALLOTONE sangbundel no. 1: 5 populêre Suid-Afrikaanse sangstukkie, ens. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika. s.j. [1950]. 12 bl. 11 x 8½. pap. (P.A.189). 2/-.
- HANSMANN, L. Skone musiek, my stokperdjie. Johannesburg, Afrikaanse pers-boekhandel, 1951. 59 bl. illus. 8¼ x 6½. slap linne. („Stokperdjie-reeks,” nr. 9). 4/6.
- HUMAN, Hofmeyr. Gogga. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.1).
- HUMAN, Hofmeyr. Wielie, wielie, walie. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.6).
- HUMAN, Hofmeyr, en ander. My naam is Frikkie Frik. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.56).
- LOGGERENBERG, Hansie van. Bokkie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950. [3] bl. 11½ x 8½. pap. (P.A.184). 2/-.
- — —. Dit was 'n lekker aandjie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, s.j. [1951]. [3] bl. 11 x 8½. pap. (P.A.193). 2/-.
- LOGGERENBERG, Hansie van. Herinnerings. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1951. [3] bl. 10¾ x 8½. pap. (P.A.259). 2/-.
- — —. Jan van Riebeeck. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1950. [3] bl. 11 x 8½. pap. (P.A.183). 2/-.
- POHL, Jan. Die mannetjie. Johannesburg, Musiekuitgewersmaatskappy van Afrika, 1951. [3] bl. 10¾ x 8½. pap. (P.A.225). 2/-.
- POHL, Jan. Waar is jy? Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.50). 2/-.
- PRETORIUS, Danie. Die brakke van Turffontein. Johannesburg, Trutone Afrika, bus 9299, 1951. [2] bl. 11½ x 8½. pap. (M.P.51). 2/-.
- PRETORIUS, Danie. Die ou Kalahari. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.49).
- ROERING, Tommy. Aan die einde van die dag. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11½ x 8½. 2/-.
- ROERING, Tommy. Al wat ek vra; woorde deur Anita E. Nel. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.50).
- STELLING, Jock, en HUMAN, Hofmeyr. Gesteelde uurtjies. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. [2] bl. 11 x 8½. pap. (M.P.33). 2/-.
- STELLING, Jock, en HUMAN, Hofmeyr. Hennetjie Hen. Johannesburg, Trutone Afrika, 1952. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.58).
- STELLING, Jock, en HUMAN, Hofmeyr. Oor die verre rande. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.2).
- WAAL, Anton de. Jy kan jou ertjies hou. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.3).
- WAAL, Anton de. Weg is ek. Johannesburg, Trutone Afrika, 1951. 1 bl. 13 x 8½. pap. (P.K.5).

POLITIEK

- SCHOLTZ, dr. G. D. Hoe die wêreld-politiek gevoer word. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1952. 364 bl. 8¾ x 5½. 21/- (21/6).

SKILDERKUNS

- BAX, dr. D. Skilders wat vertel. Kaapstad, Geoffrey Cumberlege, Oxford university press, bus 1141, 1951. 28 bl. illus. 8¾ x 5½. pap. 4/-.

Gedruk deur
Die Afrikaanse Pers, Beperk, Aucklandpark, Johannesburg

